**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd wat jy geoefen het om iets nuuts te leer of om iets beter te kon doen.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe van 5 sinne elke.

**BEPLANNINGSSTRATEGIE:** Maak 'n lys

#### STEL DIE SKRYFWERK ONDERWERP BEKEND

1 Demonstreer aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
2 Verduidelik jou idees vir die onderwerp verbaal, bv.:
*Ek dink ek gaan skryf oor hoe ek oefen om te teken. Ek oefen elke naweek waar ek ook al is. Ek sal skryf oor hoe lank ek al oefen en partykeer moed wil op gee, maar ek hou aan oefen, want ek wil sukses behaal. Uiteindelik kon ek sien dat ek wel beter begin teken het.*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)

1 Hou die beplanningsraamwerk aan die kant van die bord.
2 Wys aan leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die beplanning aan die ander kant van die bord.

| **Beplannings Vrae** | **Beplan** |
|---|---|
| **Paragraaf 1**<br>1 Wat wou jy beter doen?<br>2 Hoe het jy geoefen?<br>3 Waar het jy geoefen?<br>4 Wanneer het jy geoefen?<br>5 Hoe gereeld het jy geoefen? | **Paragraaf 1**<br>1 Om te teken.<br>2 Elke naweek het ek geoefen.<br>3 Buite in die tuin, in die kombuis by die tafel, in my kamer.<br>4 In die oggend.<br>5 Elke oggend vir die hele jaar. |
| **Paragraaf 2**<br>1 Hoe het jy gevoel toe jy so geoefen het?<br>2 Wat het jou laat besluit om nie op te gee nie?<br>3 Hoe het jy gevoel toe jy uiteindelik hierdie taak voltooi het?<br>4 Wat het jy geleer van jou ondervinding? | **Paragraaf 2**<br>1 Partykeer gelukkig, maar ook gefrustreerd omdat dit so lank gevat het.<br>2 Ek was vasberade om te verbeter!<br>3 Ek kan sien dat my tekeninge verbeter het, maar ek gaan aanhou oefen, want mens verbeter die heeltyd.<br>4 Dat, as ek aanhou oefen, ek beter raak. |

**LEERDERS GEBRUIK DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (JY DOEN)**

1. Sê aan leerders om hul oë toe te maak en te dink aan ’n keer toe hulle gedetermineerd was om ’n doel te bereik.
2. Nou kan leerders **‘Draai en Praat’** met ’n maat, om hul idees met mekaar te deel.
3. Wys aan die leerders die beplanningsraamwerk op die bord en sê aan hulle om die raamwerk te gebruik om hul skryfwerk te beplan, net soos jy gedoen het.
4. Deel boeke uit.
5. Sê aan leerders om hul eie idees neer te skryf – hulle mag **nie** jou beplanning afskryf **nie**.
6. Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies.


plan

paragraaf 1

1. sing
2. elke dag voor en na skool, het ek geoofen om te sing.
3. buite in die tuin of binne in my slaapkamer
4. in die oggend en in die middag
5. elke dag

paragraaf 2

1. gelukig en vrolik
2. My droem is om ’n beroemde sanger te wees.
3. Ek sing al beter maar ek oofen nogsteeds
4. As ek hard genoeg oefen kan ek my doel bereik.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1. **Sê die klank**: **kr**
2. Sê die woord: **kreef**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/kr/-/ee/-/f/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/kr/**
5. Sê die tweede klank van die woord: **/ee/**
6. Se die laste klank van die word: **/f/**
7. Skryf die woord op die bord: **kreef**
8. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/kr/+/ee/+/f/ = kreef**

**ONS DOEN...**

1. **Sê die klank**: **kr**
2. Sê die woord: **kryt**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4. Vra leerders: Wat is die tweede dubbel klank in die woord? **/y/**
5. Vra leerders: Wat is die derde enkel klank in die woord? **/t/**
6. Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/kr/-/y/-/t/**
7. Skryf die woord op die bord: **kryt**
8. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde, saam met jou, reg te saam te voeg: **/kr/+/y/+/t/ = kryt**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **kr woorde**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
   1. **krap**
   2. **kryt**
   3. **krom**
   4. **krag**
   5. **kreef**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer

7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **kr**

2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.


3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.

4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.

5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.

6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.

7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



krag

kreef

Die krap knyp met krag.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| Bheki se nuwe fiets<br><br>Al Bheki se maats het fietse gehad. Bheki moes alleen skool toe loop, want al sy maats het per fiets skool toe gery. Bheki het na skool ook alleen op die speelgrond gespeel, want al sy maats het op hulle fietse gaan ry. “Ek wens ek het ook ’n fiets gehad!” het Bheki gedink, toe hy sy maats sien verby ry. | **Ek kan aflei** dat Bheki ’n fiets wil hê, want al sy maats het fietse! Bheki moet uitgesluit voel, want al sy vriende kan saam op hulle fietse ry maar hy kan nie saam met hulle ry nie. |
| Bheki het sy ouers gesmeek en gesmeek vir ’n fiets, maar hulle het altyd nee gesê.<br><br>“Ons het nie genoeg geld om sommer net vir jou ’n fiets te kan koop nie,” het sy ma gesê.<br><br>“Miskien eendag?” het sy pa gesê. | **Ek kan aflei** dat Bheki graag ’n fiets wou hê sodat hy saam met sy maats kon ry. Ek **kan aflei** dat hy nou opgewonde is, want nou kan hy fietsry soos sy maats! |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| Op sy 8ste verjaardag, het Bheki na die onderste verdieping gegaan, daar het hy 'n helderrooi fiets gekry! "O dankie, Mamma! Dankie, Pappa!" het Bheki geskreeu. | |
| Bheki het sy nuwe fiets buitentoe geneem. Hy het opgewonde op sy fiets gespring. Hy het sy voete op die pedale gesit en probeer trap, maar die fiets het omgeval. Bheki het weer en weer probeer, maar elke keer as Bheki sy voete op die pedale gesit het en probeer trap het, het hy om geval! | **Ek kan aflei** dat dit die eerste keer is wat Bheki 'n fiets probeer ry. Ek **kan aflei** dat hy nie geweet het dat dit oefening behels om 'n fiets te kan ry nie! |
| Bheki het vinnig sy fiets binnetoe gestoot. Hy wou nie hê sy maats moes verby ry en sien dat hy 'n nuwe fiets het en nie weet hoe om dit te ry nie! "Wat sal my maats van my dink as hulle weet ek kan nie 'n fiets ry nie?" het Bheki gewonder. Hy het besluit dat hy vir niemand sou sê nie. | **Ek kan aflei** dat Bheki bekommerd was dat sy maats vir hom sou lag as hulle uitgevind het dat hy nie fiets kon ry nie. Ek **kan aflei** dat hulle almal goed kan fietsry, want hulle ry heeltyd rond! |
| "Hoekom gaan ry jy nie saam met jou maats nie?" het Bheki se ma hom gevra. "Ek is besig om 'n nuwe toeter vir my fiets te maak," het Bheki geantwoord.<br><br>Terwyl Bheki aan sy nuwe toeter gewerk het, het hy aan al die kere wat hy geval het gedink.<br><br>"Hoe gaan ek ooit leer om fiets te ry?" het Bheki gedink. | **Ek kan aflei** dat Bheki se ma nie geweet het dat Bheki nie sy nuwe fiets kon ry nie! Ek **wonder** hoekom Bheki 'n fiets wou hê as hy dit nie kon ry nie? O! Dit moet wees omdat al sy maats fietse gehad het! |
| Daardie aand, het Bheki in sy bed gelê en uit sy venster gekyk. Skielik het hy 'n idee gehad! "Ek weet! As ek in die nag oefen om te ry, dan sal niemand my kan sien nie!" het Bheki gedink. Hy het na die tuin toe gesluip waar niemand hom kon sien as hy geval het nie. Hy het probeer en probeer, maar hy kon net nie sy balans hou nie!<br><br>"Hoe gaan ek ooit leer om fiets te ry?" het Bheki gedink. | Bheki wou 'n fiets gehad het sodat hy saam met sy maats kon ry, maar **ek kan aflei** dat hy nie besef het fietsry gaan so uitdaging wees nie! Ek **wonder** of hy nog opgewonde was oor sy nuwe fiets? |
| Net toe het Jane, sy buurvrou, vir hom geskreeu, "Bheki, laat ek die fiets vir jou vashou sodat dit regop kan bly! Dan sal jy nie val nie!"<br><br>"Agge nee!" het Bheki gedink. "Ek wou nie hê enige iemand moes weet nie!" Toe het Bheki besef dat Jane hom reeds sien val het, "Oukei, dankie," het hy gesê. | -- |
| Jane het die fiets vasgehou en agter Bheki aan gehardloop. Die fiets het geskud en gewaggel, maar Bheki het nie geval nie. Bheki het vinniger en vinniger gery met Jane wat die fiets vasgehou het. | **Ek kan aflei** dat Jane geweet het hoe om fiets te ry. Ek **kan aflei** dat iemand heel moontlik vir Jane geleer het hoe om fiets te ry net soos sy vir Bheki geleer het! |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Toe hy vinnig genoeg gery het, het Jane die fiets gelos! "Jippie! Jy ry op jou eie!" het Jane geskreeu. "Jippie!" het Bheki geskreeu toe hy vinnig trap. Hulle het aanhou oefen totdat Bheki nie meer Jane se hulp nodig gehad het nie.<br>"Môre kan ek skool toe gaan op my fiets! Dankie Jane!" het Bheki met selfvertroue gesê. | **Ek kan aflei** dat Bheki weer opgewonde was oor sy nuwe fiets. Hy moes opgewonde gewees het want hy kon nou saam met sy maats fietsry – net soos hy wou gehad het! |
| Die volgende oggend, het Bheki vroeg sy fiets buitentoe geneem. "Wag vir my!" het hy vir sy maats geskreeu toe hulle verby ry. "Wow! Jy het 'n fiets gekry!" het hulle gekreeu, "Jippie!". Bheki het al die pad saam met sy maats skool toe gery. Hy het nie een keer geval nie! | -- |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Wat het Bheki vir sy 8ste verjaardag gekry? | Hy het 'n nuwe fiets gekry. |
| Vir wie het Bheki vertel dat hy nie kon fietsry nie? | Hy vertel vir niemand vertel nie! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Bheki vir sy ouers gesmeek vir 'n fiets? | • Omdat hy saam met sy maats wou fietsry.<br>• Omdat al sy maats fietse gehad het.<br>• Omdat hy uitgesluit gevoel het, omdat hy nie 'n fiets gehad het nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gedetermineerd
- moed op gee
- skaam

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |
| So kom ons probeer weer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "weer"* |
| En as dit nodig is, nog 'n keer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "keer"* |
| Want onthou – probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: st**
2 Sê die woord: **stap**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/st/-/a/-/p/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/st/**
5 Sê die diftong van die woord: **/a/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/p/**
7 Skryf die woord op die bord: **stap**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/st/+/a/+/p/ = stap**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: st**
2 Sê die woord: **stok**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/st/**
4 Vra leerders: Wat is diftong in die woord? **/o/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord ? **/k/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/st/-/o/-/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **stok**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/st/+/o/+/k/ = stok**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **st words.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **stok**
   2 **stap**
   3 **stam**
   4 **stop**
   5 **stout**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **st**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



stop

stout

Stout Jan stap in die pad.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplanning

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd wat jy geoefen het

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe van 5 sinne elk.

**SKRYFRAAMWERK:**
Ek wou baie graag ...
Ek het geweet ek moet …
Ek het hard geoefen om …
Terwyl ek geoefen het ....
Ek het aanhou oefen omdat ...
Ek het geleer dat ...

**VOORBEREIDING:** Skryf die beplanning van Maandag op die bord voor vandag se skryfwerkles.

### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die beplanning wat jy Maandag gedoen het.
2. Lees deur jou beplanning wat op die bord geskryf is.
3. Volgende, lees deur die skryfraamwerk met die leerders.
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk sal voltooi deur jou eie beplanning te gebruik, bv.:
   **Ek wou regtig** geleer het om mooi te teken. **Ek het geweet** dat ek sal moet oefen en oefen.
   **Ek het elke naweek** hard geoefen. Partykeer binne die huis by die kombuistafel, partykeer buite in die tuin.
   **Terwyl ek geoefen het,** het dit gevoel of ek nooit my doel sal bereik nie. **Ek het egter aangehou** om te ofen en het agtergekom my tekeninge raak beter. Ek oefen steeds elke naweek en ek kan die verskil sien. **Ek het geleer dat** aanhouer wen!

### LEERDERS VOLTOOI DIE BEPLANNINGSPROSES (JY DOEN)


1. Deel boeke uit.
2. Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Aanhouer wen: Rofwerk**
3. Sê aan leerders om hul beplanning van Maandag te kry en oor hul idees te dink.
4. Sê aan leerders om hul skryfwerk te voltooi deur hul beplanning te gebruik.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne of detail kan byvoeg as hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategie wat hul kan gebruik om hulle te help.
7. Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

Ek wou graag my sang geoefen het.

Ek het geweet dat ek beter moes word om eendag 'n beroemde sanger te wees.
Ek het elke dag geoofen voor en na skool.

Terwyl ek geleer het het ek gelukig en vrolik gevoel want ek het geweet dat ek beter geword het.

Ek het aanhou oofen want ek wou e~~i~~endag my droom verwesenlik. Ek het geleer dat 'n mens 'n droem moet hê en moet hard werk om dit te bereik.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **stap, stam**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **stap, stam**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/p/** en **/m/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **krag, krap**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: : **krag, krap**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Volgende, skryf die woord op die bord: **stam**
2 Vra leerders: **Wat is een klank in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees op die bord, bv.: **ram, kam, dam, stem**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die bord: **krap**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is: **flap, slap, kap, sap, pap**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute


### Tweede lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| <u>Bheki se nuwe fiets</u><br>Al Bheki se maats het fietse gehad. Bheki moes alleen skool toe loop, want al sy maats het per fiets skool toe gery. Bheki het na skool ook alleen op die speelgrond gespeel, want al sy maats het op hulle fietse gaan ry. “Ek wens ek het ook ’n fiets gehad!” het Bheki gedink, toe hy sy maats sien verby ry. | **Ek kan aflei** dat Bheki eensaam moet voel want hy is die enigste een sonder ’n fiets. |
| Bheki het sy ouers gesmeek en gesmeek vir ’n fiets, maar hulle het altyd nee gesê.<br>“Ons het nie genoeg geld om sommer net vir jou ’n fiets te kan koop nie,” het sy ma gesê.<br>“Miskien eendag?” het sy pa gesê.<br>Op sy 8ste verjaardag, het Bheki na die onderste verdieping gegaan, daar het hy ’n helderrooi fiets gekry! “O dankie, Mamma! Dankie, Pappa!” het Bheki geskreeu. | Ek wed julle Bheki dink daaraan om sy nuwe fiets vir sy maats te wys! |
| Bheki het sy nuwe fiets buitentoe geneem. Hy het opgewonde op sy fiets gespring. Hy het sy voete op die pedale gesit en probeer trap, maar die fiets het omgeval. Bheki het weer en weer probeer, maar elke keer as Bheki sy voete op die pedale gesit het en probeer trap het, het hy om geval! | **Ek kan aflei** dat Bheki nie veel van fietsry geweet het nie toe hy sy ouers gesmeek het vir ’n fiets. Ek **kan aflei** dat hy net gedink het hoe dit gaan wees om saam met sy maats fiets te ry, maar hy het nie besef dat dit baie oefening sou neem om te leer hoe om ’n fiets te ry nie! |
| Bheki het vinnig sy fiets binnetoe gestoot. Hy wou nie hê sy maats moes verby ry en sien dat hy ’n nuwe fiets het en nie weet hoe om dit te ry nie! “Wat sal my maats van my dink as hulle weet ek kan nie ’n fiets ry nie?” het Bheki gewonder. Hy het besluit dat hy vir niemand sou sê nie. | **Ek kan aflei** dat al Bheki se maats goed fiets kon ry. Ek **kan aflei** dat Bheki se maats fietsry maklik laat lyk het. Bheki moes verleë gevoel het want hy kon nie iets doen wat vir sy maats maklik was nie! |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Hoekom gaan ry jy nie saam met jou maats nie?" het Bheki se ma hom gevra. "Ek is besig om 'n nuwe toeter vir my fiets te maak," het Bheki geantwoord.<br>Terwyl Bheki aan sy nuwe toeter gewerk het, het hy aan al die kere wat hy geval het gedink.<br>"Hoe gaan ek ooit leer om fiets te ry?" het Bheki gedink. | **Ek kan aflei** dat Bheki verleë gevoel het omdat hy nie 'n fiets kon ry nie. Hy wou nie hê enige iemand moes weet nie, en hy wou niemand vra om hom te help nie. Dit is moeilik om iets nuuts te leer as mens te verleë voel om vir hulp te vra! Ek wonder wat Bheki gaan doen? |
| Daardie aand, het Bheki in sy bed gelê en uit sy venster gekyk. Skielik het hy 'n idee gehad! "Ek weet! As ek in die nag oefen om te ry, dan sal niemand my kan sien nie!" het Bheki gedink. Hy het na die tuin toe gesluip waar niemand hom kon sien as hy geval het nie. Hy het probeer en probeer, maar hy kon net nie sy balans hou nie!<br>"Hoe gaan ek ooit leer om fiets te ry?" het Bheki gedink. | **Ek kan aflei** dat Bheki verleë was dat hy nie soos sy maats fiets kon ry nie, want hy wou net in die donker probeer fietsry. |
| Net toe het Jane, sy buurvrou, vir hom geskreeu, "Bheki, laat ek die fiets vir jou vashou sodat dit regop kan bly! Dan sal jy nie val nie!"<br>"Agge nee!" het Bheki gedink. "Ek wou nie hê enige iemand moes weet nie!" Toe het Bheki besef dat Jane hom reeds sien val het, "Oukei, dankie," het hy gesê. | **Ek kan aflei** dat Bheki nie eens wou hê Jane moes weet dat hy nie kon fietsry nie. Ek **kan aflei** dat hy verleë gevoel het want Jane het gesien hoe hy probeer fietsry en geval het! |
| Jane het die fiets vasgehou en agter Bheki aan gehardloop. Die fiets het geskud en gewaggel, maar Bheki het nie geval nie. Bheki het vinniger en vinniger gery met Jane wat die fiets vasgehou het. | **Ek kan aflei** dat dit baie makliker is om fiets te ry as iemand jou help! Dit moet moeilik wees om te leer hoe om fiets te ry as jy niemand het om jou te help nie! |
| Toe hy vinnig genoeg gery het, het Jane die fiets gelos! "Jippie! Jy ry op jou eie!" het Jane geskreeu. "Jippie!" het Bheki geskreeu toe hy vinnig trap. Hulle het aanhou oefen totdat Bheki nie meer Jane se hulp nodig gehad het nie.<br>"Môre kan ek skool toe gaan op my fiets! Dankie Jane!" het Bheki met selfvertroue gesê. | Jane was so opgewonde dat Bheki kon fietsry! **Ek kan aflei** dat sy goed gevoel het omdat sy hom gehelp het! Dit is lekker om iemand te help om iets nuuts te leer! |
| Die volgende oggend, het Bheki vroeg sy fiets buitentoe geneem. "Wag vir my!" het hy vir sy maats geskreeu toe hulle verby ry. "Wow! Jy het 'n fiets gekry!" het hulle gekreeu, "Jippie!". Bheki het al die pad saam met sy maats skool toe gery. Hy het nie een keer geval nie! | **Ek wonder** wat sou gebeur het as Bheki sy maats gevra het om hom te help? Ek dink nie hulle sou vir hom gelag het nie. Ek dink hulle sou bly gewees het om hom te help! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe het Bheki uiteindelik geleer hoe om 'n fiets te ry? | Hy het in die aand in die tuin geoefen en sy buurvrou Jane het hom gehelp! |
| Watter afleiding kan jy maak oor fietsry leer? | • Dit is makliker om te leer fietsry as jy hulp het.<br>• Dit is moeilik om te leer hoe om 'n fiets te ry.<br>• 'n Mens moet oefen hoe om 'n fiets te ry! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou Bheki nie hê sy maats moes sien dat hy nie 'n fiets kon ry nie? | • Omdat hulle almal kon fietsry.<br>• Omdat hy nie geweet het wat sy maats van hom sou dink as hulle uit gevind het dat hy nie fiets kon ry nie.<br>• Omdat sy vriende fietsry so maklik laat lyk het.<br>• Omdat hy verleë gevoel het omdat hy nie fiets soos sy maats kon ry nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- slaag
- faal
- uitdagend

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |
| So kom ons probeer weer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "weer"* |
| En as dit nodig is, nog 'n keer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "keer"* |
| Want onthou – probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In die storie …
Ons kan Bheki beskryf as ... omdat ...
Ek dink die boodskap van die storie is …
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

| | | |
|---|---|---|
| **kr** | **st** | **a** |
| **p** | **s** | **f** |
| **m** | **e** | **r** |
| **o** | **y** | **t** |

#### DEMONSTREER

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/kr/** en **/st/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/kr/** + **/o/** + **/m/** = **krom**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ kr /** of **/ st/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/m/** + **/a/** + **/t/** = **mat**

#### LEERDERS DOEN

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kr, st**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **krap, kryt, krom, kreef, stap, stam, stop, mat, rym, fees, foto**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde lees: 15 minute

## Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**

1. Voor die klas begin, skryf die volgende opskrif, vrae en die begin van sinne op die bord.
2. Lees deur die vrae met die leerders en verduidelik aan hulle, indien nodig.
3. Gee opdrag aan leerders om te 'Draai en Praat' en hierdie vrae met 'n maat te bespreek.
4. Leerders moet nou hul boeke oopmaak, die datum en opskrif skryf, en die antwoorde op die vrae neerskryf.
5. Gedurende die laaste vyf minute van die les, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee aan hul die geleentheid om hul eie werk te korrigeer.

**BEKI SE NUWE FIETS**

1. Watter kleur was Bheki se nuwe fiets?
   ***Bheki se nuwe fiets was...***
2. Hoekom wou Bheki 'n nuwe fiets hê?
   ***Bheki wou 'n nuwe fiet hê omdat ...***
3. Hoekom was Bheki skaam?
   ***Hy was skaam omdat ...***

**BEKI SE NUWE FIETS**

1. Watter kleur was Bheki se nuwe fiets?
   ***Bheki se nuwe fiets was helder rooi.***
2. Hoekom wou Bheki 'n nuwe fiets hê?
   ***Bheki wou 'n nuwe fiet hê omdat al sy vriende fietse gehad het/omsat hy nie alleen skool toe wou loop nie.***
3. Hoekom was Bheki skaam?
   ***Hy was skaam omdat hy nie geweet het hoe om fiets te ry nie, maar sy vriende kon almal fiets ry.***

## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 2

# Week 2

# TEMA:

## Aanhouer wen!

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Vra die leerders se ouers om kort briefies te skryf oor iets wat HULLE moes oefen om beter te kon doen bv: kook, tuinmaak of sing.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Stories oor bekende mense wat gefaal het voordat hulle sukses behaal het – Michael Jordan is byvoorbeeld nie gekies om vir sy hoërskool, basketbal te speel nie.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 27 en 28, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 29, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 30, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van iets nuuts wat jy sal wil begin oefen (en suksesvol wees in die toekoms)

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die prentjie van Lie Jie wat pyle skiet in die Grootboek Storie: **Lie Jie, die legendariese en talentvolle boogskutter.**
2 Vertel aan leerders die julle voortgaan met die tema wat, Aanhouer wen! genoem word.
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Watter gevoels het ons as ons oefen?
   b Wanneer voel ons gefrustreerd?
   c Wanneer mag ons trots voel?
   d Wie moet oefen?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - boogskutter
   - akkuraat
   - akkuraatheid
   - teiken

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |
| So kom ons probeer weer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "weer"* |
| En as dit nodig is, nog 'n keer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "keer"* |
| Want onthou – probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |

## Handskrif

**15 minute**

1. Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum en die opskrif skryf: **Enkelvoud tot Meervoud.**
2. Sê die leerders moet van 1–5 nommer in die kantlyn en 'n lyn tussen elke nommer ooplos.
3. Roep die enkelvoud uit en die leerders moet dit langs elke nommer skryf.

   **Enkelvoud tot Meervoud woorde**

   1. pruim
   2. boek
   3. koppie
   4. tand
   5. voet

4. Volgende, laat die leerders die meervoude van die woorde in die lyn onder elke woord skryf.
5. In die laaste 5 minute, skryf die korrekte woorde op die bord. Herhaal die woorde soos jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.
6. Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer te onderstreep.
7. Onderstreep soos volg

   **Enkelvoud tot Meervoude woorde**

   1. pruim
      pruime
   2. boek
      boeke
   3. hond
      honde
   4. tand
      tande
   5. voet
      voete

8. Verduidelik dat die leerders moet dink aan die patroon soos wat hulle dit skryf.
9. Sê die leerders moet 'n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

# Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: **Lie Jie, die legendariese en talentvolle boogskutter**
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

# Skryfwerk:

30 minute

## Hersien / Korrigeer

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n tyd wat jy geoefen het om iets nuuts te leer of om iets beter te kon doen.

**OPDRAG:** Skryf n paragraaf van ten minste 10 sinne.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die hersiening kontrolelys op die bord voor die aanvang van die skryfles.
- Skryf jou konsep op die bord voor die aanvang van die les. Sluit ook een of twee foute in.

**HERSIENING KONTROLELYS:**
1 Het ek die verlede tyd gebruik?
2 Het ek in die in die eerste persoon geskryf? (Ek, ons)
3 Is my gebeure in volgorde van tyd?
4 Het ek 10 volledige sinne in 2 paragrawe verdeel?
5 Het ek al die woorde korrek gespel?
6 Begin elke sin met ’n hoofletter?
7 Eindig elke sin met die korrekte punktuasie?

### DEMONSTREER DIE HERSIENINGSPROSES (EK DOEN)

1 Lees die hersiening kontrolelys hardop aan die leerders voor.
2 Volgende, lees jou konsep / voorstel hardop aan die leerders voor.
3 Gaan deur die kontrolelys, en wys uit of jou konsep reg is, of dat jy korreksies of verbeteringe moet aanbring.
4 Demonstreer die hersieningsproses aan die leerders.

## LEERDERS VOLTOOI DIE HERSIENING PROSES (JY DOEN)


1. Deel boeke uit.
2. Sê aan leerders om hul **rofwerk** van die skryf opdrag te kry.
3. Sê nou aan leerders om deur die hersiening kontrolelys te gaan en korreksies en verbeteringe aan te bring waar nodig.
4. Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies – maak seker dat jy met 'n verskillende groep leerders werk vir elke skryf opdrag.
5. Kyk vir algemene foute in leerders se skryfwerk.
6. Roep leerders tot aandag en skryf die algemene foute wat gemaak is op die bord.
7. Wys aan leerders hoe om die foute reg te stel.

Ek wou graag my sang geoefen het.

Ek het geweet dat ek beter moes word om eendag 'n beroemde sanger te wees. Ek het elke dag geoofen voor en na skool.

Terwyl ek geleer het het ek gelukig en vrolik gevoel want ek het geweet dat ek beter geword het.

Ek het aanhou oofen want ek wou eiendag my droom verwesenlik. Ek het geleer dat 'n mens 'n droem moet hê en moet hard werk om dit te bereik.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________



1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank**: sw**
2 Sê die woord: **swak**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sw/-/a/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sw/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/a/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **swak**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/sw/-/a/-/k/ = swak**

**ONS DOEN...**

1 Sê die klank**: sw**
2 Sê die woord: **swem**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/ sw /**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ e/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ m/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/sw/-/e/-/m/**
7 Skryf die woord op die bord: **swem**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/sw/-/e/-/m/ = swem**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sw words.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **swak**
   2 **swerm**
   3 **swem**
   4 **swaan**
   5 **swoeg**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **sw**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



swem

swaan

swoeg

Die swaan swem in die dam

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / EVALUEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Li Jie, die fantasties en talentvolle boogskutter<br>*Hierdie storie is gebasseer op 'n Chinese volksverhaal.* | 'n Volksverhaal is 'n storie wat oor 'n tydperk oorvertel word. Volksverhale is baie keer veronderstel om ons 'n les te leer. **Ek wonder** watter les hierdie volksverhaal ons gaan leer? |
| Lank gelede in antieke China, het daar 'n jong boogskutter met die naam Li Jie gewoon. Hy was regdeur die land bekend vir sy ongelooflike akkuraatheid. Elke keer as hy in die straat gestap het, het hy mense hoor fluister.<br>"Daar is niemand beter nie!" het die mans gefluister. | **Ek wonder** hoe Lie Ji so 'n bekende boogskutter geword het? |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| “Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!” het die vrouens gefluister. | |
| Li Jie het geglo hy is fantasties. Hy het met sy neus in die lug geloop.<br><br>“Daar is niemand beter as ek nie!” het hy gedink. | **Dit laat my wonder** vir hoe lank Li Jie ’n uitstekende boogskutter was? Ek **wonder** of hy met die uitstekende boogskuttalent gebore was? |
| Eendag het hy geoefen om teikens te skiet by die boogskutgronde. ’n Skare het bymekaar gekom om na Li Jie te kyk. Toe hy sy boog opgetel het, het hy ’n gefluister gehoor.<br><br>“Daar is niemand beter nie!” het die mans gefluister.<br><br>“Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!” het die vrouens gefluister. | **Ek wonder** of Li Jie ’n boogskutafrigter gehad het en of hy deur oefening geleer het om boog te skiet? |
| Toe Li Jie se boog die middel van die teiken tref, het die skare hande geklap. Li Jie het om gedraai om sy bewonderaars te sien en gebuig. Toe hy om gedraai het, het hy ’n ou man gesien wat olie verkoop het. Die ou man het hom dop gehou, maar hy het nie sy hande geklap nie. | **Ek wonder** hoekom die ou man nie vir Li Jie hande geklap het nie? |
| Li Jie het geglo dat almal hom bewonder. Hy het na die ou man toe gestap.<br><br>“Ek sien jy hou my dop, maar jy klap nie hande nie. Het jy al ooit ’n beter boogskutter as ek gesien?” het hy gevra.<br><br>“Nee, ek het nie!” het die ou man geantwoord.<br><br>“Hoekom klap jy dan nie vir my hande nie?” het Li Jie kwaai gevra. | Die ou man lyk nie baie beïndruk met Li Jie nie. **Ek wonder** hoekom hy nie vir Li Jie hande geklap het nie? |
| Die ou man het vir ’n oomblik gewag.<br><br>Toe het hy geantwoord, “Jy is nie ’n superheld nie. Jy is nie ’n god nie. Jy het ’n bekwame boogskutter geword omdat jy geoefen het. Ek is meer beïndruk met jou deursettingsvermoeë as met jou akkuraatheid.<br><br>Li Jie kon nie sy ore glo nie. Hy het geglo dat almal hom moes bewonder.<br><br>“Wat kan jy dan doen? Watter vaardigheid het jy dat jy nie beïndruk is met my nie?” het hy gevra, terwyl hy sy stem verhef het. | O! Die ou man het nie hande geklap nie, want hy het geglo dat enige iemand wat soveel boogskut oefen soos Li Jie ’n goeie boogskutter kon wees. Hy het nie gedink Li Jie is regtig so spesiaal nie. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Die ou man het niks gesê nie. In plaas daarvan, het hy ’n bottel van sy tafel afgehaal en dit op die grond neer gesit. Toe het hy ’n koper muntstuk oor die opening van die bottel geplaas. Die ou man het ’n lepel vol olie uit sy groot fles geskep, dit hoog bo die bottel gehou en die olie deur die klein gaaitjie in die muntstuk laat drup en die bottel begin vol maak. | **Ek wonder** of Li Jie beïndruk was met die man se vaardigheid? |
| Die skare het verstom na die ou man gekyk. Soos die bottel vol olie word, het Li Jie ’n gefluister gehoor.<br>“Daar is niemand beter nie!” het die mans gefluister.<br>“Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!” het die vrouens gefluister. | **Ek wonder** wat Li Jie gedink het toe hy hoor mense sê presies dieselfde van die ou man se vaardigheid as van sy boogskiet? |
| Die ou man het nie gedink hy is fantasties nie. Hy het nie met sy neus in die lug geloop nie.<br>“Hierdie is niks besonders nie,” het hy gesê. “Ek het hierdie vaardigheid omdat ek oefen. As jy aanhoudend oefen, kan jy net so akkuraat soos ek wees.” Met daardie woorde het hy weggeloop. | **Ek wonder** watter les die ou man die boogskutter wou leer? Ek dink die les is dat hy nie arrogant oor sy vaardigheid moet wees nie – hy moet besef dat oefening ons vaardighede verbeter! |
| Li Jie was alleen op die veld agtergelaat, diep in gedagte. Die skare wat op die kantlyn was, was besig om te fluister.<br>“Ek het gedink geen man of vrou kon ooit so fantasties en akkuraat wees soos ek nie!” het Li Jie gedink.<br>“Miskien as ons boogskiet oefen, kan ons beter wees!” het die mans gefluister.”<br>“Miskien het ons nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie, want niemand anders het nog so hard gewerk nie!” het die vrouens gefluister.<br>Van daardie dag af, het die mense van daardie land harde werk en oefening bo vaardigheid gestel. | O! Aan die begin van die storie het **ek gewonder** wat die les van hierdie volksverhaal kan wees! Ek dink die les is dat ons almal deskundiges van iets kan wees as ons oefen! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Waarin is die ou man 'n deskundige? | Hy is 'n deskundige om olie deur 'n klein gaaitjie te gooi. |
| Watter bewyse kan ons gebruik om af te lei dat Li Jie arrogant was? | • Ons kan hierdie afleiding maak, want:<br>• Hy het geglo hy is fantasties<br>• Hy het met sy neus in die lug geloop.<br>• Hy was kwaad toe hy sien die ou man het nie vir hom hande geklap nie.<br>• Hy het gedink almal moet hom bewonder. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is Li Jie verbaas dat die ou man nie vir hom hande geklap het nie? | • Omdat almal gesê het hy is die beste.<br>• Omdat hy gewoond was daaraan dat almal sy boogskutvaardighede bewonder.<br>• Omdat hy gedink het hy is die beste.<br>• Omdat hy homself nie kan voorstel dat die ou man al ooit 'n beter boogskut gesien het nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- lof
- volharding
- arrogant

| Rympie of liedjie | Aksies |
| --- | --- |
| Probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |
| So kom ons probeer weer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "weer"* |
| En as dit nodig is, nog 'n keer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "keer"* |
| Want onthou – probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Herinner die leerders dat hulle verlede week hulle eie stories oor die prentjies opgemaak het.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk en op 'n groep storie besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra aan 1–2 verskillende groepe om hul groep stories te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank: **sm**
2 Sê die woord: **smal**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sm/-/a/-/l/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sm/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/a/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/l/**
7 Skryf die woord op die bord: **smal**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/sm/-/a/-/l/ = smal**

**ONS DOEN ...**

1 Sê die klank: **sm**
2 Sê die woord: **smeer**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sm/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ee/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/r/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/sm/-/ee/-/r/**
7 Skryf die woord op die bord: **smeer**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/sm/-/ee/-/r/= smeer**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sm words.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **smaak**
   2 **smeer**
   3 **smoor**
   4 **smelt**
   5 **smal**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________


Woorde: ____________________________________________

_____________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **sm**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



smal

smelt

Mamma smeer room aan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd wat jy geoefen het om iets nuuts te leer of om iets beter te kon doen.

**OPDRAG:** Skryf 'n paragraaf van ten minste 10 sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**
Ek wou baie graag ...
Ek het geweet ek moet …
Ek het hard geoefen om …
Terwyl ek geoefen het ....
Ek het aanhou oefen omdat ...
Ek het geleer dat ...

**VOORBEREIDING:** Skryf die hersiene beplanning van Maandag op die bord voor die skryfwerkles.

## DEMONSTREER DIE PUBLIKASIES PROSES (EK DOEN)

**1** Herinner leerders daaraan dat jy Maandag die hersiening kontrolelys gebruik het om jou rofwerk te hersien.
**2** Verduidelik nou aan leerders dat ons vandag ons finale stuk skryfwerk gaan publiseer en aanbied.
**3** Wys aan leerders hoe jy jou eie stuk skryfwerk herskryf, met 'n titel en datum.

## LEERDERS VOLTOOI DIE PUBLIKASIES PROSES (JY DOEN)

**1** Deel boeke uit.
**2** Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Aanhouer wen!**
**3** Sê aan leerders om hul finale stuk skryfwerk, sonder enige foute, netjies oor te skryf.
**4** Indien leerders tyd het kan hul 'n vinnige prentjie daarby teken.
**5** Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HUL SKRYFWERK AAN


**1** In die laaste 5 minute van die les, sê aan leerders om hulle penne en potlode neer te sit.
**2** Sê aan leerders om te "Draai en Praat" en om hul skryfwerk aan 'n maat te lees.
**3** Sodra leerders dit gedoen het, roep een of twee leerders om hul stories aan die klas voor te lees.
**4** Vertoon leerders se skryfwerk op oog hoogte, om hul in staat te stel om mekaar se skryfwerk kan lees.


Ek wou graag my sang geoefen het.

Ek het geweet dat ek beter moes word om eendag 'n beroemde sanger te wees. Ek het elke dag geoefen voor en na skool.

Terwyl ek geleer het het ek gelukkig en vrolik gevoel want ek het geweet dat ek beter geword het.

Ek het aanhou oefen want ek wou eendag my droom verwesenlik. Ek het geleer dat 'n mens 'n droom moet hê en moet hard werk om dit te bereik.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1. Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2. Skryf die twee woorde op die bord: **swem, swerm**
3. Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **swem, swerm**
4. Verduidelik die verskil, bv. die **/m/** en **/rm/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1. Skryf die twee woorde op die bord: **smeer, smoor**
2. Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3. Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **smeer, smoor**
4. Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1. Skryf nou die volgende woord op die bord: **kwaak**
2. Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3. Skryf 'n lys van leerders se idees om die bord, bv **: aak, plaak, maak, raak**

**JY DOEN ...**

1. Skryf die woord op die bord: **swak**
2. Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3. Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4. Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is. **brak, snak, slak, twak, hak, bak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute


## Tweede lees

**LEESSTRATEGIE: EK WONDER / EVALUEER**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Li Jie, die fantasties en talentvolle boogskutter<br>*Hierdie storie is gebasseer op 'n Chinese volksverhaal.* | -- |
| Lank gelede in antieke China, het daar 'n jong boogskutter met die naam Li Jie gewoon. Hy was regdeur die land bekend vir sy ongelooflike akkuraatheid. Elke keer as hy in die straat gestap het, het hy mense hoor fluister.<br>"Daar is niemand beter nie!" het die mans gefluister.<br>"Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!" het die vrouens gefluister. | **Ek wonder** hoe dit voel as mense sulke dinge oor jou sê? Ek dink dit mag iemand dalk arrogant maak as hulle dit heeltyd hoor! |
| Li Jie het geglo hy is fantasties. Hy het met sy neus in die lug geloop.<br>"Daar is niemand beter as ek nie!" het hy gedink. | **Ek lei af** dat Li Jie arrogant was want mense het altyd vir hom gesê dat het hy die beste is! |
| Eendag het hy geoefen om teikens te skiet by die boogskutgronde. 'n Skare het bymekaar gekom om na Li Jie te kyk. Toe hy sy boog opgetel het, het hy 'n gefluister gehoor.<br>"Daar is niemand beter nie!" het die mans gefluister.<br>"Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!" het die vrouens gefluister. | Li Ji hoor hy is die beste boogskutter van alle tye. **Ek wonder** of hy dink dit is onmoontlik vir iemand om soos hy te skiet? |
| Toe Li Jie se boog die middel van die teiken tref, het die skare hande geklap. Li Jie het om gedraai om sy bewonderaars te sien en gebuig. Toe hy om gedraai het, het hy 'n ou man gesien wat olie verkoop het. Die ou man het hom dop gehou, maar hy het nie sy hande geklap nie. | **Ek lei af** dat Li Jie mal is oor al die lof wat hy kry, want hy het om gedraai om te kyk hoe die mense vir hom hande klap. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Li Jie het geglo dat almal hom bewonder. Hy het na die ou man toe gestap.<br>"Ek sien jy hou my dop, maar jy klap nie hande nie. Het jy al ooit 'n beter boogskutter as ek gesien?" het hy gevra.<br>"Nee, ek het nie!" het die ou man geantwoord.<br>"Hoekom klap jy dan nie vir my hande nie?" het Li Jie kwaai gevra. | **Ek dink** dit wys net hoe arrogant Li Jie, is, want hy kan nie verstaan hoe enige iemand hom nie kan bewonder of beïndruk kan wees met hom nie. |
| Die ou man het vir 'n oomblik gewag.<br>Toe het hy geantwoord, "Jy is nie 'n superheld nie. Jy is nie 'n god nie. Jy het 'n bekwame boogskutter geword omdat jy geoefen het. Ek is meer beïndruk met jou deursettingsvermoeë as met jou akkuraatheid.<br>Li Jie kon nie sy ore glo nie. Hy het geglo dat almal hom moes bewonder.<br>"Wat kan jy dan doen? Watter vaardigheid het jy dat jy nie beïndruk is met my nie?" het hy gevra, terwyl hy sy stem verhef het. | **Ek wonder** hoe Li Jie gevoel het toe die ou man vir hom gesê het dat hy nie 'n superheld of 'n god is nie? Ek dink hy was geskok, want hy beskou homself as soveel beter as ander mense! |
| Die ou man het niks gesê nie. In plaas daarvan, het hy 'n bottel van sy tafel afgehaal en dit op die grond neer gesit. Toe het hy 'n koper muntstuk oor die opening van die bottel geplaas. Die ou man het 'n lepel vol olie uit sy groot fles geskep, dit hoog bo die bottel gehou en die olie deur die klein gaaitjie in die muntstuk laat drup en die bottel begin vol maak. | -- |
| Die skare het verstom na die ou man gekyk. Soos die bottel vol olie word, het Li Jie 'n gefluister gehoor.<br>"Daar is niemand beter nie!" het die mans gefluister.<br>"Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!" het die vrouens gefluister. | **Ek lei af** dat Li Jie verward moes gevoel het, want al sy bewonderaars het die ou man geloof op presies dieselfde manier as wat hulle hom gewoonlik besing het! |
| Die ou man het nie gedink hy is fantasties nie. Hy het nie met sy neus in die lug geloop nie.<br>"Hierdie is niks besonders nie," het hy gesê. "Ek het hierdie vaardigheid omdat ek oefen. As jy aanhoudend oefen, kan jy net so akkuraat soos ek wees." Met daardie woorde het hy weggeloop. | Die ou man is 'n deskundige in die gooi van olie, net soos wat Li Jie 'n deskundige is van boogskiet. Tog is Li Jie arrogant, terwyl die ou man nie is nie. **Ek wonder** hoekom? |
| Li Jie was alleen op die veld agtergelaat, diep in gedagte. Die skare wat op die kantlyn was, was besig om te fluister.<br>"Ek het gedink geen man of vrou kon ooit so fantasties en akkuraat wees soos ek nie!" het Li Jie gedink. | **Ek lei af** dat die ervaring wat Li Jie met die ou man gehad het hom minder arrogant sal maak! |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| “Miskien as ons boogskiet oefen, kan ons beter wees!” het die mans gefluister.”<br><br>“Miskien het ons nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie, want niemand anders het nog so hard gewerk nie!” het die vrouens gefluister.<br><br>Van daardie dag af, het die mense van daardie land harde werk en oefening bo vaardigheid gestel. | |
| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Waarin is die ou man ’n deskundige? | Hy is ’n deskundige om olie deur ’n klein gaaitjie te gooi. |
| Watter bewyse kan ons gebruik om af te lei dat Li Jie arrogant was? | Ons kan hierdie afleiding maak, want:<br><br>Hy het geglo hy is fantasties<br><br>Hy het met sy neus in die lug geloop.<br><br>Hy was kwaad toe hy sien die ou man het nie vir hom hande geklap nie.<br><br>Hy het gedink almal moet hom bewonder. |
| **Hoekom vrae** | **Opvolg vrae** |
| Hoekom is Li Jie verbaas dat die ou man nie vir hom hande geklap het nie? | • Omdat almal gesê het hy is die beste.<br>• Omdat hy gewoond was daaraan dat almal sy boogskutvaardighede bewonder.<br>• Omdat hy gedink het hy is die beste.<br>• Omdat hy homself nie kan voorstel dat die ou man al ooit ’n beter boogskut gesien het nie. |



## Groep Begeleidelees
30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige verandering wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- bewonder
- bewonderaar
- volksverhaal

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |
| So kom ons probeer weer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "weer"* |
| En as dit nodig is, nog 'n keer! | *Steek jou vinger in die lug op met die woord "keer"* |
| Want onthou – probeer is die beste geweer! | *Wys met jou arms 'n geweer* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie ...
Volgens my opinie is Li Jie ...
Ek dink die ou man wou dat Li Jie weet ...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook voorvoegsels insluit.**

| | | |
|---|---|---|
| **sw** | **sm** | **a** |
| **g** | **o** | **p** |
| **e** | **t** | **s** |
| **m** | **r** | **k** |

**DEMONSTREER**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/sw/** en **/sm/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/sm/ – /a/ – /a/-/k/ = smaak**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/sw/** of **/ sm/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: : **/s/ – /o/ – /e/ – /t/ = soet**

**LEERDERS DOEN**

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **sw, sm**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **swak, swerm, swem, swaan, swoeg, smaak, smeer, smoor, kam, pas, rot, kaas, raak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde lees: 15 minute


## Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP**

**GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

**1** Verduidelik dat ons vandag gaan *dink aan die belangrikste dele van die teks.*
**2** Ons gaan ook *oor wat ons veronderstel is om te leer van die teks.*
**3** Skryf die skryfraamwerk op die bord.
**4** Sê aan leerders om die raamwerk te gebruik om die vrae te antwoord:
**Hierdie teks gaan oor** …(2–3 sinne)
**Ek het daarvan gehou …**
**Ek dink hierdie teks is geskryf om my te leer …**
**5** Verduidelik dat leerders nie alles oor die teks gaan kan sê nie – hulle moet die belangrikste gedeeltes kies.
**6** Demonstreer jou eie voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Hierdie teks gaan oor*** *Li Jie wat 'n fantastiese boogskutter was .* ***Ek het gehou daarvan*** *toe die ou man versigtig olie deur 'n gaatjie gegooi het.* ***Ek dink hierdie teks was geskryf om te leer*** *dat ons almal goed kan wees met iets as ons aanhou oefen om dit reg te kry.*
**7** Gee aan leerders die geleentheid om aan die belangrikste dele van die teks te dink.
**8** Sê aan leerders om te **'Draai en Praat'** met 'n maat om hul idees te deel. / Sê aan leerders om hul eie opsomming te skryf deur van die raamwerk gebruik te maak.
**9** Roep die klas tot orde.
**10** Vra 1–2 leerders om hul opsommings met die klas te deel.
**11** Dink aan 'n klasopsomming, bv.: ***Hierdie teks gaan oor*** *die dag wat Li Jie 'n les geleer het.* ***Ons het daarvan gehou*** *Toe Li Jie kwaad geword het toe die ou man nie vir hom hande geklap het nie.* ***Ons dink hierdie teks is geskryf om ons te leer*** *dat oefen 'n belangrike deel is van die proses om 'n nuwe vaardigheid te leer.*

WEEK 2



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 2

# Week 3

# TEMA:

## Families gee om vir mekaar

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: vra die leerders om foto's van hulle familie te bring of prentjies te teken. Hulle kan ook 'n sin skryf oor hoe lede van hulle familie mekaar help.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Hoe verskillende tipes diere-families vir mekaar sorg.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 31 en 32, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 36, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 37 en 38, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van jou familie.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die prentjie van **Sibongile wat vir haar ma roosterbrood bedien** in die Grootboek Storie: **Warm roosterbrood is oppad!**
2 Vertel aan leerders die julle voortgaan met die tema: Families gee om vir mekaar.
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet jullele reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat beteken dit om vir iemand om te gee?
   b Op watter verskillende maniere kan ons vir mense omgee?
   c Hoe gee die lede van jou familie om vir mekaar?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - versorg
   - omgee
   - marionet

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ons in die aand om die tafel sit, | *Wys met jou arms 'n sirkel* |
| Hou ons hande vas en bid. | *Hou hande vas* |
| Dan vertel ons mekaar van die dag se goed en se sleg, | *Trek jou mond op vir goed en af vir sleg* |
| Want ons staan saam deur lief en deur leed. | *Wys 'n hartjie vir lief en 'n traan vir leed* |

WEEK 3

## Handskrif

**15 minute**

1. Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum en die opskrif skryf: **Enkelvoud tot Meervoudsinne**
2. Sê die leerders moet van 1–5 nommer in die kantlyn en 'n lyn tussen elke nommer ooplos.
3. Roep die enkelvoud sinne uit en die leerders moet die sinne langs elke nommer skryf.

   **Enkelvoud tot Meervoud sinne**
   1. Ek sal 'n pruim eet.
   2. Ek hou daarvan om 'n boek te lees.
   3. Die hond blaf hard.
   4. My tand is seer.
   5. Die skoen druk my voet.
4. Die leerders moet nou die meervoud sin onder elke enkelvoud sin skryf.
5. In die laaste 5 minute, skryf die korrekte sinne op die bord. Herhaal die woorde soon jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.
6. Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer te onderstreep.
7. Onderstreep soos volg:

   **Enkelvoud tot Meervoud sinne**
   1. Ek sal 'n pruim eet.
      Ek sal pruime eet.
   2. Ek hou daarvan om 'n boek te lees.
      Ek hou daarvan om boeke te lees.
   3. Die hond blaf hard.
      Die honde blaf hard.
   4. My tand is seer.
      My tande is seer.
   5. Die skoen druk my voet.
      Die skoene druk my voete.
8. Verduidelik dat die leerders moet dink aan die patroon soos wat hulle dit skryf.
9. Sê die leerders moet 'n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: **Warm roosterbrood is oppad!**
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Konsep

**ONDERWERP:** Skryf ’n fiktiewe storie oor familielede wat vir mekaar omgee.

**OPDRAG:** Skryf ’n storie van omtrent 10 sinne. Jou storie gaan saamgevoeg word in ’n boek met die titel: **Familielede gee om vir mekaar.**

**VOORBEREIDING:** Maak ’n breinkaart.

**STEL DIE ONDERWERP BEKEND**

1 Verduidelik aan die leerders dat jy **dink voor jy skryf.**
2 Verduidelik jou idees vir die storie:
*Ek gaan ’n storie skryf oor ’n ouer suster wat na haar jonger boetie omsien deur hulle te help met hulle Wiskunde huiswerk. Sy help hom, want hy sukkel met Wiskunde.*

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSPROSES (EK DOEN)**


1 Teken ’n breinkaart raamwerk op die een kant van die bord..
2 Wys die leerders hoe jy ’n breinkaart voltooi deur sekere vrae te beantwoord.
3 Voltooi nou die breinkaart.

| **Breinkaart Plan** | | |
|---|---|---|
| Wie was die karakters in die storie | | Hoe sien ons die idee van familielede wat vir mekaar omgee |
| | **My storie** | Wat is die probleem in die storie? |
| Waar speel die storie af? | Is daar ander belangrike details? | Hoe is die probleem opgelos? |


| **Breinkaart** | | |
|---|---|---|
| Ithabeleng is die ouer suster, Thabo is die jonger boetie | | Ithabeleng help vir Thabo met Wiskunde |
| | **My storie** | Thabo het hulp nodig en almal is te besig om hom te help. |
| By die huis. | Ithabeleng moet nou later wakker bly om haar eie werk klaar te maak. | Ithabeleng sien dat haar boetie ontsteld is en bied haar hulp aan. |

## LEERDERS VOLTOOI DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1. Sê die leerders moet hulle oë toemaak en dink aan karakters vir hulle storie en hoe hierdie karakters wys dat hulle vir mekaar omgee.
2. Sê aan leerders om te **draai en praat** met ’n maat en hulle stories te deel.
3. Wys die leerders die breinkaart raamwerk op die bord en sê hulle moet die raamwerk gebruik om hulle storie te beplan, net soos wat jy gedoen het.
4. Hnadig die leerders se boeke uit
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle, hulle eie idees moet gebruik – hulle mag nie jou idee gebruik nie.
6. Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies – maak seker dat jy met ’n verskillende groep leerders werk vir elke skryf opdrag.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen ʼn **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: sk**
2 Sê die woord: **skip**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sk/-/i/-/p/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sk/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord/**i/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/p/**
7 Skryf die woord op die bord: **skip**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/sk/-/i/-/p/ = skip**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: sk**
2 Sê die woord: **skop**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sk/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/o/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/p/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/sk/-/o/-/p/**
7 Skryf die woord op die bord: **skop**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/sk/-/o/-/p/ = skop**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sk words.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **skaap**
   2 **skip**
   3 **skop**
   4 **skyn**
   5 **skoen**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________


______________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **sk**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



skop

skyn

skoen

As die son skyn warm

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER/EVALUEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Warm roosterbrood is oppad!**<br>Sibongile het na skool tuis gekom en haar ma siek in die bed gevind. "Agge nee Mamma!" het Sibongile gesê, "Ek sal na jou omsien". | O nee! **Ek wonder** of dit die eerste keer is wat Sibongile haar ma siek sien? |
| Sibongile het aan al die goed gedink wat haar ma vir haar gedoen het as sy siek was. "Mamma maak altyd vir my roosterbrood!" het Sibongile gedink. Sy het kombuis toe gegaan om vir haar ma lekker warm roosterbrood te maak. | **Ek wonder** wat die spesiale ding is wat Sibongile vir haar ma wil doen? **Ek wonder** hoekom sy so hard gewerk het om haar ma se dag spesiaal te laat maak? Dit moet wees omdat haar ma so mooi na haar omgesien het as sy siek was. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Sibongile se jonger broer Sipho het in die kombuis in gekom. “Mamma kyk altyd na ons as ons siek is,” het sy vir Sipho vertel, “nou is dit ons beurt! Help my asseblief om roosterbrood te maak!”<br><br>Sibongile wou iets baie spesiaal vir haar ma doen.<br><br>“Ek moet iets gaan soek – ek sal nou terug wees!” het sy gesê. | |
| Sibongile het haar ou rooi kous gaan soek – die een wat gate in gehad het. “Dit sal perfek wees!” het sy gedink. Sy het die kous geneem en die ander goed wat sy sou benodig gaan vind. | **Ek wonder** wat Sibongile met die ou kous gaan doen? **Ek wonder** hoe dit haar ma gaan help? |
| Sy het deur die kombuis geloop. Sipho was veronderstel om die roosterbrood te maak, maar hy het met hulle hondjie gespeel. Die roosterbrood was nogsteeds in die rooster. Dit was koud!<br><br>“Sipho! Jy is veronderstel om my te help om na Mamma om te sien!” het Sibongile gesê. Sy het nuwe snye brood in die rooster in gesit.<br><br>“Kyk asseblief na die roosterbrood! Jy moet dit na Mamma toe neem terwyl dit nog warm is!” het sy vir hom gesê.<br><br>“Ek moet gou iets gaan soek – ek sal nou terug wees!” het sy gesê. | -- |
| Sibongile het na haar ma se kamer toe gegaan.<br><br>“Ek maak iets spesiaal vir jou – hou jy meer van monsters or slange? Het sy gevra.<br><br>“Monsters” het haar ma geantwoord.<br><br>“Oukei! Ek sal binnekort terug wees” het Sibongile gesê. | **Ek wonder** waarmee Sibongile besig is? **Ek wonder** hoekom sy wou weet of haar ma meer van monsters of slange hou? |
| Sy het weer deur die kombuis geloop. Sipho was veronderstel om die roosterbrood te maak, maar die keer het hy ’n boek gelees. Die roosterbrood was nogsteeds in die rooster. Dit was koud!<br><br>“Sipho! Jy is veronderstel om my te help om na Mamma om te sien!” het Sibongile gesê. Sy het nuwe snye brood in die rooster in gesit.<br><br>“Kyk asseblief na die roosterbrood! Jy moet dit na Mamma toe neem terwyl dit nog warm is!” het sy vir hom gesê.<br><br>“Ek moet gou iets gaan doen – ek sal nou terug wees!” het sy gesê. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Sibongile het haar penne en verf gevind. Sy het die rooi kous op die tafel gesit. Sy het 'n neus en oë op die kous geteken. "'n Klein monster kouspop!" het Sibongile gesê, toe sy die kouspop oor haar hand aangetrek het en na haar ma se kamer toe gehardloop het. | **Ek wonder** hoekom Sibongile die kouspop gemaak het? **Ek wonder** wat sy met die kouspop gaan maak? |
| "Ek gaan 'n poppespel vir jou hou!" het Sibongile gesê. Sibongile het haar klein monster kouspop laat praat en dans. Sy het gelukkig gevoel toe sy sien hoe haar ma geglimlag en gelag het. "Ek het jou poppespel baie geniet!" het haar ma aan die einde gesê. | **Ek wonder** waar het Sibongile die idee vandaan gekry om vir haar ma 'n poppespel te hou? **Ek wonder** of haar ma al van tevore vir haar 'n poppespel gehou het? |
| "Ek is honger," het haar ma gesê toe sy begin opstaan het. Sibongile het gevries!<br><br>"Nee, Nee! Ek het vir jou roosterbrood gemaak!"Ek het daarvan vergeet!" het Sibongile gekerm. "Bly in die bed, ek sal dit gaan haal!" | **Ek wonder** waarmee is Sipho besig? Hy was veronderstel om die roosterbrood dop te hou! |
| Sibongile het in die kombuis in gehardloop. Sipho het met sy vetkryt geteken. Die roosterbrood was koud. Daar was nie meer brood oor nie. "Ek hoop Mamma hou van koue roosterbrood," het Sibongile gedink. | **Ek wonder** of Sibongile se ma die koue roosterbrood gaan eet? |
| Die roosterbrood was koud, maar daar was genoeg vir Mamma, Sibongile, Sipho en die kouspop om saam te eet! | -- |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waardeur word Sipho se aandag afgelei? | Sy aandag word afgelei deur sy hondjie, sy boek en sy vetkryt. |
| Watter soort kouspop maak Sibongile vir haar ma? | 'n Klein monster kouspop. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Sibongile vir haar ma koue roosterbrood gegee om te eet? | • Omdat sy probeer het om vir haar 'n poppespel te hou.<br>• Omdat haar broer veronderstel was om haar te help, maar hy het die heeltyd van die roosterbrood vergeet.<br>• Omdat Sibongile so besig was met haar poppespel dat sy vergeet het van die roosterbrood.<br>• Omdat sy soveel keer roosterbrood gemaak het, dat sy later nie meer brood oorgehad het nie! |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- uit te voer
- afgelei
- gefokus

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ons in die aand om die tafel sit, | *Wys met jou arms 'n sirkel* |
| Hou ons hande vas en bid. | *Hou hande vas* |
| Dan vertel ons mekaar van die dag se goed en se sleg, | *Trek jou mond op vir goed en af vir sleg* |
| Want ons staan saam deur lief en deur leed. | *Wys 'n hartjie vir lief en 'n traan vir leed* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies
3 Sê leerders moet dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee die leerders 1–2 minute om te dink aan idees.
5 Volgende moet elke leerder in die groep 'n beurt kry om sy storie te vertel.
6 Herinner leerders daaraan dat hulle kreatief moet wees, maar die stories moet by die prentjies pas.
7 Leerders moet geduldig na mekaar se stories luister.
8 Bedank die leerders vir hulle stories.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN …**

1 **Sê die klank: sp**
2 Sê die woord: **span**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sp/-/a/-/n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sp/**
5 Sê die tweede klank van die woord: **/a/**
6 Sê die laaste klank van die woord: **/n/**
7 Skryf die woord op die bord: **span**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/sp/-/a/-/n/ = span**

**ONS DOEN …**

1 **Sê die klank: sp**
2 Sê die woord: **spek**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sp/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede klank in die woord? **/e/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/k/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/sp/-/e/-/k/ = spek**
7 Skryf die woord op die bord: **spek**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/sp/-/e/-/k/ = spek**

**JY DOEN …**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sp words.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **speel**
   2 **spek**
   3 **spuit**
   4 **span**
   5 **spoel**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **sp**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



span

spoel

My boetie speel op die swaai.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplanning

**ONDERWERP:** Skryf ’n fiktiewe storie oor familielede wat vir mekaar omgee.

**OPDRAG:** Skryf ’n storie van omtrent 10 sinne. Jou storie gaan saamgevoeg word in ’n boek met die titel: **Familielede gee om vir mekaar**

**SKRYFRAAMWERK:**
Eenkeer was daar ... *(vertel vir ons waar die storie afspeel en wie die karakters is)*
Hy/Sy was ... *(verduidelik die probleem)*
Maar toe .... *(verduidelik hoe die probleem opgelos word)*
Teen die einde .... *(wat is die les wat jy geleer het?)*

**VOORBEREIDING:** Skryf die beplanning van Maandag op die bord voor die skryfwerkles.

## DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)

1 Herinner leerders aan die beplanning wat jy Maandag gedoen het.
2 Lees deur jou beplanning wat op die bord geskryf is.
3 Volgende, lees deur die skryfraamwerk met die leerders.
4 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk sal voltooi deur jou eie beplanning te gebruik, bv.

   **Een dag was daar** 'n seuntjie met die naam Thabo. **Hy het** baie gesukkel om Wiskunde te doen. Hy wou graag beter doen, maar hy het hulpnodig gehad. Hy het sy ma gevra, maar sy was te besig. Hy het sy oom gevra, maar hy was ook te besig. Hy het nie geweet wat om te doen nie.

   **Maar toe**, hoor Ithabeleng, Thabo se ouer suster, hoe Thabo in sy kamer huil.

   "Wat is verkeerd?" vra sy.

   "Ek weet nie hoe om my Wiskunde te verbeter nie. Niemand kan my help nie!" sê Thabo

   "Ek sal jou help." bied Ithabeleng aan.

   Elke aand het Ithabeleng vir ure gesit om Thabo te help. Nadat Thabo bed toe is, het sy eers haar eie werk huiswerk klaargemaak.

   **Teen die einde** het Thabo se Wiskunde verbeter omdat sy suter vir hom omgegee het en hom gehelp het.


## LEERDERS VOLTOOI DIE PUBLISERING PROSES (JY DOEN)

1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Families gee om vir mekaar: Beplanning**
3 Sê die leerders moet na hulle skryfwerk van Maandag kyk en dink oor hulle idees.
4 Die leerders moet die skryfraamwerk voltooi deur hulle idees te gebruik.
5 Die leerders kan meer sinne of detail bysit indien hulle tyd het.
6 Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

Een keer was daar 'n dogter met die naam siphiwe. Sy en haar ma het saam in 'n klein huisie gewoon.

Ma was sik en het rus nodig gehad, maar sy moes die huis skoon maak.

Siphiwe het haar ma vertell sy moet gaan slaap. Siphiwe het haar ma gehelp deur die huis skoon te maak. Haar ma het beter gevool nadat sy geslaap het en die huis was ook skoon. Dit is altyd goed om jou gesin te help.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **skip, skop**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **skip, skop**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/i/** en **/o/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **spoel, span**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **spoel, span**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Volgende, skryf die woord op die bord: **span**
2 Vra leerders: **Wat is een klank in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees op die bord, bv.: **kan, haan, van, dan, pan**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die bord: **spuit**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is. **ruit, sluit**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeeldelees:

15 minute

### Tweede lees


**LEESSTRATEGIE: EK WONDER / EVALUEER**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Warm roosterbrood is oppad!**<br>Sibongile het na skool tuis gekom en haar ma siek in die bed gevind. "Agge nee Mamma!" het Sibongile gesê, "Ek sal na jou omsien". | **Ek kan 'n afleiding maak** dat sy 'n goedhartige persoon is. Sy wil help om na haar ma om te sien, net soos haar ma na haar omgesien het! |
| Sibongile het aan al die goed gedink wat haar ma vir haar gedoen het as sy siek was. "Mamma maak altyd vir my roosterbrood!" het Sibongile gedink. Sy het kombuis toe gegaan om vir haar ma lekker warm roosterbrood te maak.<br>Sibongile se jonger broer Sipho het in die kombuis in gekom. "Mamma kyk altyd na ons as ons siek is," het sy vir Sipho vertel, "nou is dit ons beurt! Help my asseblief om roosterbrood te maak!"<br>Sibongile wou iets baie spesiaal vir haar ma doen.<br>"Ek moet iets gaan soek – ek sal nou terug wees!" het sy gesê. | **Ek kan 'n afleiding maak** dat Sibongile vir haar ma omgegee het, want haar ma het nie om hulp gevra nie, maar Sibongile het uit haar eie uit aangebied om te help! Sy wou hê haar ma moes geliefd en versorgd gevoel het.<br>**Ek wonder** of Sipho ook so goedhartig was en vir sy ma soveel omgegee het soos sy suster? |
| Sibongile het haar ou rooi kous gaan soek – die een wat gate in gehad het. "Dit sal perfek wees!" het sy gedink. Sy het die kous geneem en die ander goed wat sy sou benodig gaan vind. | -- |
| Sy het deur die kombuis geloop. Sipho was veronderstel om die roosterbrood te maak, maar hy het met hulle hondjie gespeel. Die roosterbrood was nogsteeds in die rooster. Dit was koud!<br>"Sipho! Jy is veronderstel om my te help om na Mamma om te sien!" het Sibongile gesê. Sy het nuwe snye brood in die rooster in gesit.<br>"Kyk asseblief na die roosterbrood! Jy moet dit na Mamma toe neem terwyl dit nog warm is!" het sy vir hom gesê. | **Ek kan die afleiding maak** dat Sipho nie 'n mens is wat soveel omgee soos Sibongile nie. Sipho het nie aangebied om na sy ma om te sien nie en hy het vergeet om Sibongile te help, al het sy hom gevra om haar te help! |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| “Ek moet gou iets gaan soek – ek sal nou terug wees!” het sy gesê. | |
| Sibongile het na haar ma se kamer toe gegaan.<br><br>“Ek maak iets spesiaal vir jou – hou jy meer van monsters or slange? Het sy gevra.<br><br>“Monsters” het haar ma geantwoord.<br><br>“Oukei! Ek sal binnekort terug wees” het Sibongile gesê. | -- |
| Sy het weer deur die kombuis geloop. Sipho was veronderstel om die roosterbrood te maak, maar die keer het hy ’n boek gelees. Die roosterbrood was nogsteeds in die rooster. Dit was koud!<br><br>“Sipho! Jy is veronderstel om my te help om na Mamma om te sien!” het Sibongile gesê. Sy het nuwe snye brood in die rooster in gesit.<br><br>“Kyk asseblief na die roosterbrood! Jy moet dit na Mamma toe neem terwyl dit nog warm is!” het sy vir hom gesê.<br><br>“Ek moet gou iets gaan doen – ek sal nou terug wees!” het sy gesê. | **Ek kan die afleiding maak** dat Sipho se aandag maklik afgelei word! Eers, word sy aandag afgelei deur sy hondjie en nou word sy aandag afgelei deur sy boek! Hy is nie daarop ingestel om na sy ma om te sien soos Sibongile nie. |
| Sibongile het haar penne en verf gevind. Sy het die rooi kous op die tafel gesit. Sy het ’n neus en oë op die kous geteken. “’n Klein monster kouspop!” het Sibongile gesê, toe sy die kouspop oor haar hand aangetrek het en na haar ma se kamer toe gehardloop het. | -- |
| “Ek gaan ’n poppespel vir jou hou!” het Sibongile gesê. Sibongile het haar klein monster kouspop laat praat en dans. Sy het gelukkig gevoel toe sy sien hoe haar ma geglimlag en gelag het. “Ek het jou poppespel baie geniet!” het haar ma aan die einde gesê. | **Ek kan die afleiding maak** dat Sibongile ’n kreatiewe persoon is! Sy het haar eie kouspop gemaak en haar eie poppespel gehou om haar ma te laat glimlag en lag! |
| “Ek is honger,” het haar ma gesê toe sy begin opstaan het. Sibongile het gevries!<br><br>“Nee, Nee! Ek het vir jou roosterbrood gemaak!”Ek het daarvan vergeet!” het Sibongile gekerm. “Bly in die bed, ek sal dit gaan haal!” | Agge nee! Sibongile het so hard gewerk om die dag spesiaal vir haar ma te maak. **Ek wonder** of sy geirriteerd gaan wees met haar broer omdat hy nie met die roosterbrood gehelp het nie? |
| Sibongile het in die kombuis in gehardloop. Sipho het met sy vetkryt geteken. Die roosterbrood was koud. Daar was nie meer brood oor nie. “Ek hoop Mamma hou van koue roosterbrood,” het Sibongile gedink. | **Ek kan die afleiding maak** dat Sibongile baie vir mense omgee en dat sy begrip het vir ander mense. Sipho is nie behulpsaam nie, maar sy word nie kwaad vir hom nie en sy skreeu nie op hom nie! Al waarop sy fokus is om na haar ma om te sien. |

| **Teks** | **Tweede lees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| Die roosterbrood was koud, maar daar was genoeg vir Mamma, Sibongile, Sipho en die kouspop om saam te eet! | -- |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Watter tipe mens dink jy is Sipho? | Ek kan die afleiding maak dat Sipho 'n … mens is, want … |
| Watter tipe mens dink jy is Sibongile? | Ek kan die afleiding maak dat Sibongile 'n … mens is, want … |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Sibongile so hard gewerk om na haar ma om te sien? | • Omdat haar ma haar altyd mooi na haar om sien as sy siek is.<br>• Omdat sy vir haar ma wou wys dat sy lief is vir haar en vir haar omgee.<br>• Omdat sy 'n mens is wat omgee.<br>• Omdat sy 'n goedhartige mens is.<br>• Omdat sy wou hê haar ma moes beter voel! |



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ___________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 3

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - vries
   - sny
   - roosterbrood

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ons in die aand om die tafel sit, | *Wys met jou arms 'n sirkel* |
| Hou ons hande vas en bid. | *Hou hande vas* |
| Dan vertel ons mekaar van die dag se goed en se sleg, | *Trek jou mond op vir goed en af vir sleg* |
| Want ons staan saam deur lief en deur leed. | *Wys 'n hartjie vir lief en 'n traan vir leed* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In die storie …
Ek dink Sibongile is… want …
Sibongile leer vir ons van die tema *'Families gee om vir mekaar´ want* …
2 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
3 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
4 Roep die klas tot aandag.
5 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
6 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
7 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **sk** | **sp** | **e** |
| **a** | **o** | **m** |
| **n** | **r** | **u** |
| **i** | **y** | **p** |



#### DEMONSTREER

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/sk/** en **/sk/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/sk/ – /a/ – /a/ – /p/= skaap**
5. Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/sk/ of /sp/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/r/ – /o/ – /e/-/i/ = roei**

#### LEERDERS DOEN


1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **sk, sp**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **skaap, skip, skop, skyn, skoen, speel, span, ram, pan, pen, muur**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK KONNEKSIES**

**VERBALE VERTEL VAN DIE STORIE**

**1** Verduidelik aan leerders dat hul gaan gesels oor iets waarvan hulle gehou het in die storie: **<u>Warm roosterbrood is oppad!</u>**
**2** Hulle gaan ook gesels oor iets waarmee hulle hulself kan **verbind** in die storie.
**3** **Demonstreer** aan leerders hoe om in 1–2 sinne te vertel van **iets waarvan hulle gehou het** en iets waaroor **hulle wonder** in die storie, bv.:
**Ek het daarvan gehou** dat Sibongile vir haar ma omgegee het. **Ek kon aflei** dat Sibongile ’n behulpsame persoon is, want sy wou ’n poppespel doen, maar wil ook roosterbrood vir haar ma maak.
**4** Wys aan leerders die prente in die Grootboek. Gee opdrag dat leerders na die prente moet kyk en dink oor wat gebeur het.
**5** Gee opdrag aan leerders om te dink oor waarvan **hulle hou** en watter afleiding hulle kan maak oor die storie.
**6** Vra 2–3 leerders om hul idees met die klas te **deel**. **Help** die leerders om volledige sinne te vorm.
**7** Verduidelik en korrigeer enige algemene foute aan leerders.
**8** Gee instruksies aan leerders om te **‘Draai en Preaat’** en om hul **eie weergawe** van die storie met ’n maat te deel. ***(Hulle moet nie wat die onderwyser gesê het memoriseer nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

**1** Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
**2** Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
**3** Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
**4** Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
**5** Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
**6** Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
**7** Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
**8** Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
**9** Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 2

# Week 4

# TEMA:

## Families gee om vir mekaar

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n lys van dinge wat ons doen om te wys ons gee om vir ons families, of vir die mense rondom ons.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor: hoe om 'n marionet te maak.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 40, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 41 en 42, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 43, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van iets wat jy doen om te wys jy gee om vir jou familie.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie van Candice wat vir Carla leer om fiets te ry in die Grootboek Storie: Candice en Carla se groot avontuur.
2. Vertel aan leerders die julle voortgaan met die tema wat, Families gee om vir mekaar genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Hoekom gee families om vir mekaar?
   - **b** Noem 'n paar prettige maniere wat jy kan wys jy gee om vir iemand?
   - **c** Hoekom is dit belangrik om vir iemand te wys dat jy omgee?
   - **d** Hoe voel jy as iemand vir jou iets doen?
   - **e** Hoe voel jy as jy vir iemand iets doen?



### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - geduldig
   - geduld
   - avontuur

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ons in die aand om die tafel sit, | *Wys met jou arms 'n sirkel* |
| Hou ons hande vas en bid. | *Hou hande vas* |
| Dan vertel ons mekaar van die dag se goed en se sleg, | *Trek jou mond op vir goed en af vir sleg* |
| Want ons staan saam deur lief en deur leed. | *Wys 'n hartjie vir lief en 'n traan vir leed* |

## Handskrif 15 minute

1. Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum skryf.
2. Laat leerders nou van 1–5 in die kantlyn nommer.

**3** Skryf die volgende sin op die bord, langs nommer 1: Hulle sal hulle toets skryf.
**4** Skryf nou die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2–5:
  **2** Ek
  **3** Ons
  **4** Hy
  **5** Sy
**5** Sê leerders om dieselfde sin te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
**6** In die laaste 5 minute, skryf die korrekte sinne op die bord. Herhaal die woorde soos jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.
**7** Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer en te onderstreep.
**8** Onderstreep soos volg:
  **1** Hulle sal hulle toets skryf.
  **2** Ek sal my toets skryf.
  **3** Ons sal ons toets skryf.
  **4** Hy sal sy toets skryf.
  **5** Sy sal haar toets skryf.
**9** Sê die leerders moet 'n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

#### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

**1** Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
**2** Maak die Grootboek oop by die storie: Candice en Carla se groot avontuur.
**3** Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
**4** Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
**5** Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
**6** Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Hersien / Korrigeer

**ONDERWERP:** Skryf ’n fiktiewe storie oor familielede wat vir mekaar omgee.

**OPDRAG:** Skryf ’n storie van omtrent 10 sinne. Jou storie gaan saamgevoeg word in ’n boek met die titel: **Familielede gee om vir mekaar**

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die hersiening kontrolelys op die bord voor die aanvang van die skryfles.
- Skryf jou konsep op die bord voor die aanvang van die les. Sluit ook een of twee foute in.



#### HERSIENING KONTROLELYS

1 Het ek die verlede tyd gebruik?
2 Het ek my verbeelding gebruik om ’n interessante storie uit te dink?
3 Is daar ’n probleem in my storie?
4 Word die probleem opgelos?
5 Het ek aanhalingstekens korrek gebruik?
6 Het ek al die woorde korrek gespel?
7 Begin elke sin met ’n hoofletter?
8 Eindig elke sin met die korrekte punktuasie.

#### DEMONSTREER DIE HERSIENINGSPROSES (EK DOEN)

1 Lees die hersiening kontrolelys hardop aan die leerders voor.
2 Volgende, lees jou konsep / voorstel hardop aan die leerders voor.
3 Gaan deur die kontrolelys, en wys uit of jou konsep reg is, of dat jy korreksies of verbeteringe moet aanbring.
4 Demonstreer die hersieningsproses aan die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE HERSIENING PROSES (JY DOEN)


1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om hul rofwerk van die skryf opdrag te kry.
3 Sê nou aan leerders om deur die hersiening kontrolelys te gaan en korreksies en verbeteringe aan te bring waar nodig.
4 Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies – maak seker dat jy met ’n verskillende groep leerders werk vir elke skryf opdrag.
5 Kyk vir algemene foute in leerders se skryfwerk.
6 Roep leerders tot aandag en skryf die algemene foute wat gemaak is op die bord.

7 Wys aan leerders hoe om die foute reg te stel.

Een keer was daar 'n dogter met die naam siphiwe. Sy en haar ma het saam in 'n klein huisie gewoon.

Ma was sik en het rus nodig gehad, maar sy moes die huis skoon maak.

Siphiwe het haar ma vertel sy moet gaan slaap. Siphiwe het haar ma gehelp deur die huis skoon te maak. Haar ma het beter gevaal nadat sy geslaap het en die huis was ook skoon. Dit is altyd goed om jou gesin te help.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: pl**
2 Sê die woord: **plak**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/pl/-/a/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/pl/**
5 Sê die tweede van die woord: **/a/**
6 Sê die laaste van die woord: **/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **plak**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/pl/-/a/-/k/ = plak**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: pl**
2 Sê die woord: **plas**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweed klank in die woord? **/a/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/pl/-/a/-/s/**
7 Skryf die woord op die bord: **plas**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/pl/-/a/-/s/ = plas**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **pl woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **plan**
    2 **plak**
    3 **plas**
    4 **plek**
    5 **plooi**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **pl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



*plek*

*plooi*

*Die slim man maak 'n plan.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees:

15 minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Candice and Carla se groot avontuur<br><br>Dit was uiteindelik Carla se verjaardag. Haar ouer suster, Candice, het gewag vir hierdie dag om aan te breek. Candice en haar ouma het 'n helder geel fiets vir Carla uit gekies. Candice kon nie wag om vir Carla te leer hoe om fiets te ry nie. | **Ek kan aflei** dat Candice reeds geweet het hoe om fiets te ry. |
| Na aandete, het Ouma, Candice toegelaat om die nuwe fiets in die huis in te stoot. Hulle het 'n groot rooi strik om die handvatsels geknoop. Toe het Candice vir Carla geroep om te kom kyk. Candice kon nie wag om Carla se glimlag te sien as sy die nuwe fiets aanskou nie. | **Ek lei af** dat Candice gedink het dat Carla mal sou wees oor haar nuwe geskenk want sy het verwag dat Carla gaan glimlag! |
| Carla het in die kamer in gehardloop. Haar gesig het verhelder van geluk toe sy die helder geel fiets sien. Maar toe het haar glimlag verflou. | **Ek lei af** dat Candice nie geld gheada het om vir haar suster 'n present te koop nie. Sy het eerder so gawe geskenk beplan! |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Maar ... ek weet nie hoe om fiets te ry nie," het sy gesê.<br><br>"Moenie bekommerd wees nie! My verjaardaggeskenk aan jou, is om jou te leer fietsry!" het Candice opgewonde vertel. | |
| Die volgende oggend was Saterdag. Candice het Carla vroeg wakker gemaak.<br><br>"Kom ons gaan parkie toe! Ek wil jou leer fietsry sodat ons op 'n avontuur kan gaan!" het Candice gesê.<br><br>Candice het op haar fiets geklim. "Kyk na my. Dan sal jy weet wat om te doen," het sy vir haar suster gesê.<br><br>Candice het haar fiets by die paadtjie op en af gery terwyl Carla na haar gekyk het.<br><br>"Probeer jy nou!" het Candice vir Carla gesê.<br><br>"Ek is te bang!" het Carla gesê. "Wat as ek val?" het sy gevra. | **O! Ek lei af** dat Candice gedink het dat Carla kon leer fietsry deur haar dop te hou. Carla het nog nie genoeg selfvertroue gehad om op haar eie te ry nadat sy gekyk het hoe Candice ry. |
| Candice het gedink dit sal maklik wees om vir Carla te leer fietsry. Sy het gedink hoe sy haar suster kon leer trap.<br><br>Toe kry sy 'n idee.<br><br>"Kom, klim op jou fiets," het Candice gesê. Toe het Candice die fiets vas gehou sodat dit nie kon beweeg nie. "Nou kan jy oefen om te trap," het sy vir Carla gesê.<br><br>Carla het haar voete op die pedale gesit terwyl Candice die fiets styf vas gehou het. Sy het getrap en getrap. Na 'n paar minute het Candice gedink dat Carla dit nou bemeester het.<br><br>"Nou probeer jy op jou eie!" het Candice vir Carla gesê.<br><br>Candice het die fiets laat gaan.<br><br>Carla het haar voete op die pedale gesit, maar toe voel sy die fiets waggel. Sy het haar voete neer gesit.<br><br>"Ek is te bang om op my eie te trap! Wat as ek val?" het Carla gevra. | **Ek kan aflei** dat Carla baie oefening nodig gehad het om genoeg selfvertroue op te bou om op haar eie te ry! |
| Candice het gedink dit sal maklik wees om Carla te leer fietsry. Noudat Carla kon trap, het sy gedink hoe sy haar suster kon leer om op die fiets te balanseer. Toe kry sy 'n idee. | **Ek lei af** dat Candice nog nie vantevore iemand geleer het hoe om 'n fiets te ry nie, want sy het nie besef dat dit baie oefening verg om genoeg selfvertroue op te bou om op jou eie te ry nie. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Kom, klim op jou fiets," het Candice gesê. Toe het Candice die agterkant van die fiets vas gehou. "Nou kan jy oefen om te balanseer," het sy vir Carla vertel.<br>Carla het begin trap, terwyl Candice agter haar aan gehardloop het, en die fiets styf vas gehou het. Na 'n paar minute het Candice gedink dat Carla dit nou bemeester het.<br>"Nou probeer jy op jou eie!" het Candice vir Carla gesê.<br>Candice het die fiets laat gaan.<br>Carla het gevoel hoe die fiets waggel en sy het haar voete neer gesit.<br>"Ek is te bang om op my eie te balanseer! Wat as ek val?" het Carla gevra. | |
| Candice het besef dat daar nie die dag 'n groot fietsry avontuur sou wees nie.<br>Candice het weer aan die agterkant van die fiets vasgehou. "Vir nou, dink ek jy moet oefen om te trap en te balanseer," het sy vir Carla vertel.<br>Hulle het vir ure, op en af in die paadtjie gery – Carla op haar fiets en Candice wat agterna gehardloop het. | **Ek kan aflei** dat Candice regtig haar suster wil help om te leer fietsy, want sy het heeldag agter Carla se fiets gehardloop om haar te help oefen! |
| Die son het begin sak. Candice was uitgeput van die heeldag se gehardloop. "Kom ons gaan huis toe," het sy gesê. | **Ek kan aflei** dat Candice moeg was, want sy het heeldag probeer om Carla te help fietsry, maar sy kon dit nog nie op haar eie doen nie! |
| "Nog een keer," het Carla gevra.<br>Candice het agter haar aan gehardloop, en styf aan die fiets vasgehou. Na 'n paar sekondes het Carla geskreeu, "Los nou!"<br>Candice het die fiets laat gaan en toe gesien hoe Carla op haar eie, die paadtjie af gery het. Candice het begin hande klap en juig, toe sy sien hoe goed haar suster fiestry. | Candice se geduld het vir Carla gehelp om die nodige oefening te kry. **Ek kan aflei** dat Candice baie trots moet voel! |
| Die dag het in 'n avontuur ontaard! | Om Carla te leer was toe eintlik 'n groot avontuur, selfs al was dit nie die avontuur wat Candice ingedagte gehad het nie! |

WEEK 4

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat was die kleur van Carla se nuwe fiets? | Dit was helder geel. |
| Wat was Candice se geskenk aan Carla? | Haar geskenk was om haar te leer om fiets te ry. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Candice heeldag agter haar suster se fiets gehardloop? | • Omdat sy haar suster wou leer hoe om fiets te ry.<br>• Omdat haar suster bang was om op haar eie te ry.<br>• Omdat sy gedink het dit sal haar help om te oefen om te trap en te balanseer.<br>• Omdat sy goedhartig was en vir haar suster omgegee het. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - suksesvol
   - gedetermineerd
   - opdrag
   - instruksies

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ons in die aand om die tafel sit, | *Wys met jou arms 'n sirkel* |
| Hou ons hande vas en bid. | *Hou hande vas* |
| Dan vertel ons mekaar van die dag se goed en se sleg, | *Trek jou mond op vir goed en af vir sleg* |
| Want ons staan saam deur lief en deur leed. | *Wys 'n hartjie vir lief en 'n traan vir leed* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk en op 'n groep storie besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra aan 1–2 verskillende groepe om hul groep stories te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

WEEK 4

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: vl**
2 Sê die woord: **vlak**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/vl/-/a/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/vl/**
5 Sê die tweede van die woord word: **/a/**
6 Se die derde klank van die woord: **/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **vlak**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke ’n woord bou: **/vl/-/a/-/k/= vlak**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: vl**
2 Sê die woord: **vlerk**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/vl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede klank in die woord? **/er/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/k/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/vl/-/er/-/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **vlerk**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/vl/-/er/-/k/= vlerk**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **vl woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
   - **vlooi**
   - **vlak**
   - **vlieg**
   - **vlerk**
   - **vloot**
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif



1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **vl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



vlerk

vloot

'n Vlooi kan nie vlieg nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf 'n fiktiewe storie oor familielede wat vir mekaar omgee.

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van omtrent 10 sinne. Jou storie gaan saamgevoeg word in 'n boek met die titel: **Familielede gee om vir mekaar**

**SKRYFRAAMWERK:**
Eenkeer was daar ... *(vertel vir ons waar die storie afspeel en die karakters in die stroie)*
Hy/Sy was ... *(verduidelik die probleem.)*
Maar toe ... *(verduidelik hoe die probleem opgelos word)*
Aan die einde ... *(verduidelik watter les jy geleer het uit die storie)*

**VOORBEREIDING:** Skryf die hersiene beplanning van Maandag op die bord voor die skryfwerkles.

## DEMONSTREER DIE PUBLIKASIES PROSES (EK DOEN)

1 Herinner leerders daaraan dat jy Maandag die hersiening kontrolelys gebruik het om jou rofwerk te hersien.
2 Vertel nou aan leerders dat ons vandag ons finale stuk skryfwerk gaan publiseer en aanbied.
3 Wys aan leerders hoe jy jou eie stuk skryfwerk herskryf, met ’n titel en datum.
4 Verduidelik aan die leerders, as hulle tyd het, kan hulle ’n prentjie by die storie teken oor iets wat gebeur het in die storie.

## LEERDERS VOLTOOI DIE PUBLIKASIES PROSES (JY DOEN)

1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Families gee om vir mekaar**
3 Sê aan leerders om hul finale stuk skryfwerk, sonder enige foute, netjies oor te skryf.
4 Indien leerders tyd het kan hul ’n vinnige prentjie daarby teken.
5 Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.




## LEERDERS BIED HUL SKRYFWERK AAN


1 Sê aan leerders om penne en potlode neer te sit in die laaste 5 minute van die les.
2 Sê aan leerders om te “Draai en Praat” en om hul skryfwerk aan ’n maat te lees.
3 Sodra leerders dit gedoen het, roep een of twee leerders om hul stories aan die klas voor te lees.
4 Vertoon leerders se skryfwerk op oog hoogte, om hul in staat te stel om mekaar se skryfwerk kan lees.

Een keer was daar 'n dogter met die naam Siphiwe. Sy en haar ma het saam in 'n klein huisie gewoon.

Ma was siek en het rus nodig gehad, maar sy moes die huis skoon maak.

Siphiwe het haar ma vertel sy moet gaan slaap. Siphiwe het haar ma gehelp deur die huis skoon te maak. Haar ma het beter gevoel nadat sy geslaap het en die huis was ook skoon. Dit is altyd goed om jou gesin te help.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ___________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: Letter ruil

15 minute

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **plan, plak**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **plan, plak**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/n/** en **/k/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **plooi, vlooi**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **plooi, vlooi**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die bord: **plooi**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die bord, bv.: **gooi, fooi, nooi, mooi, rooi**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die bord: **plek**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf. Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is. **rek, nek, hek, boek, koek.**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeeldelees:

15 minute

### Tweede lees

**LEESSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Candice and Carla se groot avontuur<br><br>Dit was uiteindelik Carla se verjaardag. Haar ouer suster, Candice, het gewag vir hierdie dag om aan te breek. Candice en haar ouma het 'n helder geel fiets vir Carla uit gekies. Candice kon nie wag om vir Carla te leer hoe om fiets te ry nie. | Candice moes so opgewonde gewees het om vir Carla te leer fietsry, want dan kon hulle saam ry! |
| Na aandete, het Ouma, Candice toegelaat om die nuwe fiets in die huis in te stoot. Hulle het 'n groot rooi strik om die handvatsels geknoop. Toe het Candice vir Carla geroep om te kom kyk. Candice kon nie wag om Carla se glimlag te sien as sy die nuwe fiets aanskou nie. | **Ek lei af** dat Candice lief is vir haar suster end dat sy vir haar omgee want sy is so opgewonde om te sien hoe Carla glimlag! |
| Carla het in die kamer in gehardloop. Haar gesig het verhelder van geluk toe sy die helder geel fiets sien. Maar toe het haar glimlag verflou.<br><br>"Maar ... ek weet nie hoe om fiets te ry nie," het sy gesê.<br><br>"Moenie bekommerd wees nie! My verjaardaggeskenk aan jou, is om jou te leer fietsry!" het Candice opgewonde vertel. | **Ek kan aflei** dat Candice lief is vir haar suster en vir haar omgee want sy het beplan om haar te leer fietsry! |
| Die volgende oggend was Saterdag. Candice het Carla vroeg wakker gemaak.<br><br>"Kom ons gaan parkie toe! Ek wil jou leer fietsry sodat ons op 'n avontuur kan gaan!" het Candice gesê.<br><br>Candice het op haar fiets geklim. "Kyk na my. Dan sal jy weet wat om te doen," het sy vir haar suster gesê.<br><br>Candice het haar fiets by die paadtjie op en af gery terwyl Carla na haar gekyk het.<br><br>"Probeer jy nou!" het Candice vir Carla gesê. | **Ek lei af** dat Candice mal is daaroor om tyd saam met haar suster deur te bring, want sy wil haar leer fietsry sodat hulle saam op avonture kan gaan! |

WEEK 4

<table>
<tr><th>Teks</th><th>Tweede lees (Dink Hardop)</th></tr>
<tr><td>“Ek is te bang!” het Carla gesê. “Wat as ek val?” het sy gevra.</td><td></td></tr>
<tr><td>Candice het gedink dit sal maklik wees om vir Carla te leer fietsry. Sy het gedink hoe sy haar suster kon leer trap.<br><br>Toe kry sy ’n idee.<br><br>“Kom, klim op jou fiets,” het Candice gesê. Toe het Candice die fiets vas gehou sodat dit nie kon beweeg nie. “Nou kan jy oefen om te trap,” het sy vir Carla gesê.<br><br>Carla het haar voete op die pedale gesit terwyl Candice die fiets styf vas gehou het. Sy het getrap en getrap. Na ’n paar minute het Candice gedink dat Carla dit nou bemeester het.<br><br>“Nou probeer jy op jou eie!” het Candice vir Carla gesê.<br><br>Candice het die fiets laat gaan.<br><br>Carla het haar voete op die pedale gesit, maar toe voel sy die fiets waggel. Sy het haar voete neer gesit.<br><br>“Ek is te bang om op my eie te trap! Wat as ek val?” het Carla gevra.</td><td>--</td></tr>
<tr><td>Candice het gedink dit sal maklik wees om Carla te leer fietsry. Noudat Carla kon trap, het sy gedink hoe sy haar suster kon leer om op die fiets te balanseer. Toe kry sy ’n idee.<br><br>“Kom, klim op jou fiets,” het Candice gesê. Toe het Candice die agterkant van die fiets vas gehou. “Nou kan jy oefen om te balanseer,” het sy vir Carla vertel.<br><br>Carla het begin trap, terwyl Candice agter haar aan gehardloop het, en die fiets styf vas gehou het. Na ’n paar minute het Candice gedink dat Carla dit nou bemeester het.<br><br>“Nou probeer jy op jou eie!” het Candice vir Carla gesê.<br><br>Candice het die fiets laat gaan.<br><br>Carla het gevoel hoe die fiets waggel en sy het haar voete neer gesit.<br><br>“Ek is te bang om op my eie te balanseer! Wat as ek val?” het Carla gevra.</td><td>Ek lei af dat Candice ’n goeie instrukteur wil wees. Sy raak nie frustreerd wanneer haar suster bang word nie. In plaas daarvan, is sy geduldig en sy dink aan nuwe en kreatiewe maniere om haar suster te help leer!</td></tr>
</table>

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Candice het besef dat daar nie die dag 'n groot fietsry avontuur sou wees nie.<br><br>Candice het weer aan die agterkant van die fiets vasgehou. "Vir nou, dink ek jy moet oefen om te trap en te balanseer," het sy vir Carla vertel.<br><br>Hulle het vir ure, op en af in die paadtjie gery – Carla op haar fiets en Candice wat agterna gehardloop het. | **Ek kan aflei** dat Candice baie geduldig is met haar suster, want sy het haar heeldag gehelp, al het sy gedink haar suster sou gou leer! |
| Die son het begin sak. Candice was uitgeput van die heeldag se gehardloop. "Kom ons gaan huis toe," het sy gesê. | -- |
| "Nog een keer," het Carla gevra.<br><br>Candice het agter haar aan gehardloop, en styf aan die fiets vasgehou. Na 'n paar sekondes het Carla geskreeu, "Los nou!"<br><br>Candice het die fiets laat gaan en toe gesien hoe Carla op haar eie, die paadtjie af gery het. Candice het begin hande klap en juig, toe sy sien hoe goed haar suster fiestry. | **O! Ek lei af** dat Candice baie trots moes gewees het om te sien Carla ry haar fiets op haar eie. Sy het haar hande geklap and gejuig. Sy moes trots gewees het op haar en Carla se hardewerk en oefening. |
| Die dag het in 'n avontuur ontaard! | Om iemand iets nuuts te leer kan 'n groot avontuur wees! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe kan jy aflei dat Candice goedhartig is en vir haar suster omgee? | • Omdat sy beplan het om vir haar suster te leer fietsry as ŉ geskenk.<br>• Omdat sy die fiets vasgehou het terwyl haar suster getrap het.<br>• Omdat sy die hele dag agter die fiets gehardloop het.<br>• Omdat sy geduldig was toe haar suster te bang was om op haar eie te ry.<br>• Omdat sy hande geklap het en gejuig het toe Carla uiteindelik alleen haar fiets gery het. |
| Hoe het Candice haar suster gehelp? | • Sy het die fiets vasgehou terwyl haar suster geoefen het om te trap.<br>• Sy het die fiets vasgehou en agter dit aangehardloop sodat haar suster kon oefen om te trap en te balanseer. |
| **Hoekom vrae** | **Opvolg vrae** |
| Hoekom het Candice hande geklap en gejuig toe sy toegekyk het hoe haar suster fietsry? | • Omdat dit die eerste keer was dat haar suster alleen haar fiets gery het.<br>• Omdat sy op haar suster trots was.<br>• Omdat haar suster heeldag hard gewerk het.<br>• Omdat sy heeldag hard gewerk het om haar suster te help.<br>• Omdat haar suster te bang was om op haar eie te ry, maar uiteindelik probeer het!<br>• Omdat sy goedhartig is en vir haar suster omgee – sy is gelukkig as haar suster sukses in iets nuuts behaal. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5 Doen ŉ **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige verandering wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- avontuur
- aanhoudend
- balans

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ons in die aand om die tafel sit, | *Wys met jou arms 'n sirkel* |
| Hou ons hande vas en bid. | *Hou hande vas* |
| Dan vertel ons mekaar van die dag se goed en se sleg, | *Trek jou mond op vir goed en af vir sleg* |
| Want ons staan saam deur lief en deur leed. | *Wys 'n hartjie vir lief en 'n traan vir leed* |



### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie ...
Ek dink Candice is ... want ...
Candice leer vir ons oor die tema *Families gee om vir mekaar,* omdat ....
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **pl** | **vl** | **o** |
| **r** | **s** | **l** |
| **n** | **r** | **k** |
| **a** | **i** | **e** |

**DEMONSTREER**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/pl/** en **/vl/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/vl/**-/**o**/-/**o**/-/**i**/ = **vlooi**
5. Herinner leerder dat hul ’n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/pl/ of /vl/** te gebruik nie.
Een keer was daar 'n dogter met die naam thembi. Sy was goedhartig en soet.

Sy het netjiese klere skool toe aangetrek, maar haar klere was oud en 'n bietjie klein vir haar.

Lungisa het haar gespot en haar die 'asblik meisie' genom.

Eendag toe hulle huis toe gestap het, het Lugisa gesien dat thembi se ma werkloos was en dat hulle baie arm was.

Lungisa het sleg gevool en het vir thembi jammer gesè. Sy het ook vir thembi van haar eie klere gegee wat sy nie meer gedra het nie.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

## Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: kw**
2 Sê die woord: **kwas**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/kw/-/a/-/s/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kw/**
5 Sê die tweede van die woord: **/a/**
6 Se die laaste klank van die woord: **/s/**
7 Skryf die woord op die bord: **kwas**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/ kw/-/a/-/s/= kwas**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: kw**
2 Sê die woord: **kweek**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kw/**
4 Vra leerders: Wat is die tweed klank in die woord? **/ee/**
5 **Vra leerders: Wat is die vierde klank in die woord? /k/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/kw/-/ee/-/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **kweek**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/ kw/-/ee/-/k/ = kweek**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **kw woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **kweek**
   2 **kwas**
   3 **kwaak**
   4 **kwaai**
   5 **kwes**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **kw**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



kwaai

kwes

Sy verf met 'n kwas.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees:

15 minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK KONEKSIES**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Timeo help sy gesin<br>"Hoe was dit vandag by die skool gewees?" het Timeo sy dogter, Eva, gevra toe sy tuis gekom het.<br>Eva het haar skouers op getrek. "Dit was so-so," het sy ernstig geantwoord.<br>"Wat is fout?" het Timeo gevra.<br>"Daar is 'n meisie wat partykeer op my pik. Sy noem my mollig. Is ek mollig?" het Eva gevra.<br>"Luister," het Timeo aandagtig gesê, "Afknouers is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle." | -- |
| "Hoe was jou dag by die werk gewees?" het Timeo sy vrou, Gloria, gevra toe sy tuis gekom het. | **Ek kan 'n verbinding maak**. Eva en Gloria word albei afgeknou. Ek sien dat hulle altwee in hulself twyfel omdat mense vir hulle lelike goed gesê het. |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| Gloria het haar kop geskud. "Dit was so-so," het sy ernstig geantwoord.<br><br>"Wat het gebeur?" het hy gevra.<br><br>"Party van die vrouens het gesê ek moenie 'n werk hê nie. Hulle sê ek moet huis toe gaan. Ons woon al 11 jaar hier. Is dit nie ons huis nie?" het Gloria gevra.<br><br>"Luister," het Timeo aandagtig gesê, "Afknouers is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle." | |
| "Hoe was sokkeroefening?" het Timeo sy seun, Emmanuel, gevra toe hy tuis gekom het.<br><br>Emmanuel het sy oë gerol. "Dit was so-so", het hy ernstig geantwoord.<br><br>"Wat het gebeur?" het hy gevra.<br><br>"Daar is 'n ou wat my somtyds spot. Hy sê ek weet nie hoe om te dribbel of die bal aan te gee nie. Is ek 'n slegte sokkerspeler?" het Emmanuel gevra.<br><br>"Luister," het Timeo aandagtig gesê, "Afknouers is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle." | O! Emmanuel word ook afgeknou. **Ek wonder** of Eva, Gloria en Emmanuel besef hulle twyfel in hulself omdat hulle afgeknou word? |
| Timeo het op die bank gesit, diep in gedagte oor sy gesin. Hy het dit gehaat om te sien hoe sy gesin hulle selfvertroue verloor omdat hulle afgeknou word. Hy het besluit om 'n gesinsvergadering te hou. | **Timeo maak 'n verbinding** tussen Eva, Gloria en Emmanuel se probleme – hy sien die probleme is baie dieselfde! Ek dink hy wil 'n gesinsvergadering hou om hulle te help om ook die **verbinding** te maak. |
| Timeo het springmielies gemaak en sy gesin kombuis toe geroep. Hulle het rondom die tafel gesit. Gloria het bekommerd gelyk. "Het iets slegs gebeur?" het sy angstig gevra.<br><br>Timeo het ernstig om die tafel gekyk. "Daar is 'n man wat my 'n harde tyd gee as ek aflewerings by sy kantoor doen. Hy sê hy kan my nie verstaan nie want ek het 'n vreeslike aksent. Ek het oor my Engelse vaardighede getwyfel. Ek het begin dink ek moenie eers die moeite doen om Engels te praat nie. Ek het toe vriende gemaak met Oom Themba en Oom Steven. Die man sê nogsteeds dieselfde lelike goed vir my, maar dit pla my nie meer nie. Ek weet wie my vriende is. Ek sal nooit met daardie man vriende wees nie, nie eens as jy my betaal nie," het hy gesê. | **Ek kan 'n verbinding maak.** Timeo is ook al afgeknou, net soos elke lid van sy gesin. Ek dink hy bring sy gesin bymekaar, sodat hulle **verbindings** met hulle probleme kan maak, eerder as om alleen te voel. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Timeo het na sy gesin gekyk. "Almal van ons het al teneergedruk gevoel. Almal van ons het van ons selfvertroue verloor. Almal van ons het gevoel ons word afgeknou maar onthou ons is nie alleen nie. Ons kan mekaar ondersteun en herinner dat ons nie mollig is nie, dat ons nie werke steel nie, of slegte sokkerspelers is nie, of vuil is nie" het Timeo gesê.<br><br>Eva het geglimlag<br><br>Gloria het geglimlag.<br><br>Emmanuel het geglimlag, en 'n hand vol springmielies geneem. | Al die lede van die gesin het geglimlag. Ek dink Timeo se gesinsvergadering het sy gesin laat voel dat hulle met mekaar verbind is. Nou weet hulle afknouery kan almal affekteer, dit gaan nie net oor hulle nie. |
| Die volgende middag het Timeo vir Eva gewag om na skool by die huis te kom.<br><br>"Hoe was dit vandag by die skool gewees?" het hy gevra.<br><br>"Dit was 'n bietjie beter," het Eva met 'n glimlag gesê. | -- |
| Timeo het vir Gloria gewag om na werk huis toe te kom.<br><br>"Hoe was dit vandag by die werk gewees?" het hy gevra.<br><br>"Dit was 'n bietjie beter," het Gloria met 'n glimlag gesê. | -- |
| Uiteindelik, het Emmanuel by die huis gekom na sy sokkeroefening.<br><br>"Hoe was sokkeroefening?" het hy gevra.<br><br>"Dit was steeds moeilik," het Emmanuel ernstig geantwoord, "maar ek dink dit sal beter word." | **Ek kan 'n verbinding maak**. Eva, Gloria en Emmanuel het almal beter dae gehad na die gesinsvergadering. **Ek wonder** of hulle almal na Timeo se raad geluister het? |
| Timeo het op die bank gesit en diep gedink oor sy gesin. Hy het geweet hulle probleme was nie opgelos nie maar hy het tog bly gevoel dat hy hulle elkeen kon help om 'n beter dag te hê. | **Ek dink deur verbindings te maak** tussen die probleme wat sy gesin ervaar het en hulle te vertel van die afknouery wat hy ervaar het, het Timeo regtig sy gesin gehelp. Ek dink hulle het gevoel hulle kan mekaar ondersteun en dat hulle nie alleen is nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie word in die storie afgeknou? | Al die gesinslede. (Eva, Gloria, Emmanuel) word afgeknou. |
| Watter versnapering het Timeo vir die gesinsvergadering gemaak? | Hy het springmielies gemaak. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Timeo besluit om 'n gesinsvergadering te hou? | • Omdat al die lede van sy gesin soortgelyke probleme ervaar het.<br>• Omdat hy gedink het dit sal elke mens in sy gesin help om te besef hulle is nie alleen nie – afknouers kan 'n invloed op almal se lewe hê<br>• Omdat hy sy gesin wou ondersteun.<br>• Omdat hy sy gesin beter wou laat voel.<br>• Omdat hy almal in sy gesin wou vertel dat hy ook soms afgeknou word. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - self-twyfel
  - ignoreer
  - ondersteun

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te boelie is baie sleg! | *Maak 'n kwaai gesiggie met hande in die heupe* |
| Ek wil sommer sê "Boelies gaan weg! | *Wys jou vinger in die rigting waar die boelies moet heen gaan.* |
| Vat jou goed en trek Ferreira!" | *Wys jou vinger in die rigting waar die boelies moet heen gaan.* |
| Want vir boelies is ons glad nie reg! | *Maak 'n kwaai gesiggie met hande in die heupe* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies
3 Herinner leerders dat hulle laas week hul eie stories oor die prente moes uitdink.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk en op 'n groep storie besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra aan 1–2 verskillende groepe om hul groep stories te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: kl**
2 Sê die woord: **klok**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/kl/-/o/-/k/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kl/**
5 Sê die tweede van die woord word: **/o/**
6 Se die laaste van die woord: **/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **klok**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: /**kl/-/o/-/k/= klok**

**ONS DOEN...**

1 **Sê die klank: kl**
2 Sê die woord: **klas**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede klank in die woord? **/a/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /**kl/-/a/-/s/**
7 Skryf die woord op die bord: **klas**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/kl/-/a/-/s/ = klas**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **kl woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **klim**
   2 **klip**
   3 **klas**
   4 **kleur**
   5 **klok**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **kl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



kleur

klok

Koos klim op die klip.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie oor iemand wat geboelie word. Dit kan 'n ware of fiktiewe storie wees.

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van omtrent 10 sinne.

**SKRYFRAAMWERK FRAME:**
Eenkeer was daar ... (vertel ons waar die storie plaasvind en die karakters.)
Hy/Sy was ..... (verduidelik die probleem)
Maar eendag ... (verduidelik hoe die probleem opgelos is)
Teen die einde... (watter les het jy uit die storie geleer?)

**VOORBEREIDING:** Skryf die hersiene beplanning van Maandag op die bord voor die skryfwerkles.

### DEMONSTREER DIE PUBLIKASIES PROSES (EK DOEN)

1 Herinner leerders daaraan dat jy Maandag die hersiening kontrolelys gebruik het om jou rofwerk te hersien.
2 Vertel nou aan leerders dat ons vandag ons finale stuk skryfwerk gaan publiseer en aanbied.
3 Wys aan leerders hoe jy jou eie stuk skryfwerk herskryf, met ’n titel en datum.

### LEERDERS VOLTOOI DIE PUBLIKASIES PROSES (JY DOEN)

1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Boelies**
3 Sê aan leerders om hul finale stuk skryfwerk, sonder enige foute, netjies oor te skryf.
4 Indien leerders tyd het kan hul ’n vinnige prentjie daarby teken.
5 Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

### LEERDERS BIED HUL SKRYFWERK AAN

1 Sê aan leerders om penne en potlode neer te sit in die laaste 5 minute van die les.
2 Sê aan leerders om te ‘Draai en Praat’ en om hul skryfwerk aan ’n maat te lees.
3 Sodra leerders dit gedoen het, roep een of twee leerders om hul stories aan die klas voor te lees.
4 Vertoon leerders se skryfwerk op oog hoogte, om hul in staat te stel om mekaar se skryfwerk kan lees.

Een keer was daar 'n dogter met die naam Thembi. Sy was goedhartig en soet.


Sy het netjiese klere skool toe aangetrek, maar haar klere was oud en 'n bietjie klein vir haar.

Lungisa het haar gespot en haar die 'asblik meisie' genoem.

Eendag toe hulle huis toe gestap het, het Lugisa gesien dat Thembi se ma werkloos was en dat hulle baie arm was.

Lungisa het sleg gevoel en het vir Thembi jammer gesê. Sy het ook vir Thembi van haar eie klere gegee wat sy nie meer gedra het nie.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1. Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2. Skryf die twee woorde op die bord: **klok, klas**
3. Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **klok, klas**
4. Verduidelik die verskil, bv. die **/ok/** en **/as/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1. Skryf die twee woorde op die bord: **kwaai, kwaak**
2. Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3. Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **kwaai, kwaak**
4. Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1. Skryf nou die volgende woord op die bord: **klas**
2. Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3. Skryf 'n lys van leerders se idees om die bord, bv.: **jas, das, mas, pas, tas**

**JY DOEN ...**

1. Skryf die woord op die bord: **klip**
2. Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3. Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4. Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is. **skip** , **snip** , **lip**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

## Tweede lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK KONEKSIES**


| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| Timeo help sy gesin<br>"Hoe was dit vandag by die skool gewees?" het Timeo sy dogter, Eva, gevra toe sy tuis gekom het.<br>Eva het haar skouers op getrek. "Dit was so-so," het sy ernstig geantwoord.<br>"Wat is fout?" het Timeo gevra.<br>"Daar is 'n meisie wat partykeer op my pik. Sy noem my mollig. Is ek mollig?" het Eva gevra.<br>"Luister," het Timeo aandagtig gesê, "Afknouers is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle." | **Ek onthou** dat Timeo ook afgeknou is. Ek dink Timeo kon verstaan hoe Eva gevoel het want hy kon 'n **verbinding** tussen hulle maak. |
| "Hoe was jou dag by die werk gewees?" het Timeo sy vrou, Gloria, gevra toe sy tuis gekom het.<br>Gloria het haar kop geskud. "Dit was so-so," het sy ernstig geantwoord.<br>"Wat het gebeur?" het hy gevra.<br>"Party van die vrouens het gesê ek moenie 'n werk hê nie. Hulle sê ek moet huis toe gaan. Ons woon al 11 jaar hier. Is dit nie ons huis nie?" het Gloria gevra.<br>"Luister," het Timeo aandagtig gesê, "Afknouers is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle." | -- |
| "Hoe was sokkeroefening?" het Timeo sy seun, Emmanuel, gevra toe hy tuis gekom het.<br>Emmanuel het sy oë gerol. "Dit was so-so", het hy ernstig geantwoord. | **Ek dink Timeo kan 'n verbinding** maak met die gebrek aan selfvertroue wat sy gesin ervaar. Ek dink hy kan vir hulle goeie raad gee omdat hy self reeds hierdie gevoelens ervaar het. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Wat het gebeur?" het hy gevra.<br><br>"Daar is 'n ou wat my somtyds spot. Hy sê ek weet nie hoe om te dribbel of die bal aan te gee nie. Is ek 'n slegte sokkerspeler?" het Emmanuel gevra.<br><br>"Luister," het Timeo aandagtig gesê, "Afknouers is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle." | |
| Timeo het op die bank gesit, diep in gedagte oor sy gesin. Hy het dit gehaat om te sien hoe sy gesin hulle selfvertroue verloor omdat hulle afgeknou word. Hy het besluit om 'n gesinsvergadering te hou. | -- |
| Timeo het springmielies gemaak en sy gesin kombuis toe geroep. Hulle het rondom die tafel gesit. Gloria het bekommerd gelyk. "Het iets slegs gebeur?" het sy angstig gevra.<br><br>Timeo het ernstig om die tafel gekyk. "Daar is 'n man wat my 'n harde tyd gee as ek aflewerings by sy kantoor doen. Hy sê hy kan my nie verstaan nie want ek het 'n vreeslike aksent. Ek het oor my Engelse vaardighede getwyfel. Ek het begin dink ek moenie eers die moeite doen om Engels te praat nie. Ek het toe vriende gemaak met Oom Themba en Oom Steven. Die man sê nogsteeds dieselfde lelike goed vir my, maar dit pla my nie meer nie. Ek weet wie my vriende is. Ek sal nooit met daardie man vriende wees nie, nie eens as jy my betaal nie," het hy gesê. | Ek dink Timeo wil vir sy gesin van sy ervaring vertel sodat hulle sal verstaan hoekom hy hulle die raad gegee het om afknouers te ignoreer en by jou vriende te staan. **Hy wil hê sy gesin moet 'n verbinding** met sy ervaring maak en sy raad ernstig op neem! |
| Timeo het na sy gesin gekyk. "Almal van ons het al teneergedruk gevoel. Almal van ons het van ons selfvertroue verloor. Almal van ons het gevoel ons word afgeknou maar onthou ons is nie alleen nie. Ons kan mekaar ondersteun en herinner dat ons nie mollig is nie, dat ons nie werke steel nie, of slegte sokkerspelers is nie, of vuil is nie" het Timeo gesê.<br><br>Eva het geglimlag<br><br>Gloria het geglimlag.<br><br>Emmanuel het geglimlag, en 'n hand vol springmielies geneem. | Ek dink Timeo wil hê sy gesin moet sien afknouery is oral, sodat hulle nie alleen voel nie. As hulle hoor hoe onwaar die dinge is wat afknouers vir hulle gesinslede sê, dan mag hulle anders voel oor wat afknouers vir hulle sê. |
| Die volgende middag het Timeo vir Eva gewag om na skool by die huis te kom.<br><br>"Hoe was dit vandag by die skool gewees?" het hy gevra. | -- |

WEEK 6

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| "Dit was 'n bietjie beter," het Eva met 'n glimlag gesê. | |
| Timeo het vir Gloria gewag om na werk huis toe te kom.<br>"Hoe was dit vandag by die werk gewees?" het hy gevra.<br>"Dit was 'n bietjie beter," het Gloria met 'n glimlag gesê. | -- |
| Uiteindelik, het Emmanuel by die huis gekom na sy sokkeroefening.<br>"Hoe was sokkeroefening?" het hy gevra.<br>"Dit was steeds moeilik," het Emmanuel ernstig geantwoord, "maar ek dink dit sal beter word." | **Ek kan 'n verbinding maak**. Ek sal eerder na iemand se raad luister as ek weet hulle is deur dieselfde as ek. Ek dink Eva, Gloria en Emmanuel moes na Timeo se raad geluister het, want hy het sy ervaring met hulle gedeel. |
| Timeo het op die bank gesit en diep gedink oor sy gesin. Hy het geweet hulle probleme was nie opgelos nie maar hy het tog bly gevoel dat hy hulle elkeen kon help om 'n beter dag te hê. | Ek dink Timeo weet afknouers kan nie uitgeskakel word nie, maar dat ons aan ons selfvetroue kan werk! Afknouers sê nare goed, maar dit beteken nie dat dit wat hulle sê waar is nie. **Ek dink hy het sy gesin gehelp deur verbindings** tussen hulle gevoelens te maak. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| --- | --- |
| Hoe dink Timeo moet sy gesin hul gebrek aan selfvertroue oplos? | • Deur afknouers te ignoreer<br>• Deur vriende en mense te kry wie goed is vir hulle en om tyd saam met hulle te spandeer. |
| Kan jy 'n verbinding maak? Is jy al ooit gespot of afgeknou? Wat het jy gedoen om beter te voel? | Ek kan 'n verbinding maak. Toe ek gespot / afgeknou is, het ek … |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Timeo besluit om sy gesin te vertel dat hy by die werk geboelie word? | • Omdat hy 'n verbinding wou maak tussen hul elkeen se ervarings.<br>• Omdat hy nie wou hê enige iemand in sy gesin moes alleen voel nie.<br>• Omdat hy sy gesin wou wys dat sy raad hom gehelp het om beter te voel.<br>• Omdat hy wou hê sy gesin moes die raad volg wat hy voorgestel het. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- alleen
- eensaam
- ondersteun

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te boelie is baie sleg! | *Maak 'n kwaai gesiggie met hande in die heupe* |
| Ek wil sommer sê "Boelies gaan weg! | *Wys jou vinger in die rigting waar die boelies moet heen gaan.* |
| Vat jou goed en trek Ferreira!" | *Wys jou vinger in die rigting waar die boelies moet heen gaan.* |
| Want vir boelies is ons glad nie reg! | *Maak 'n kwaai gesiggie met hande in die heupe* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie ...
Die karakters in hierdie storie word geboelie omdat ...
'n Les wat ek kan leer uit die storie is, ...
**2** Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
**4** Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
**5** Roep die klas tot aandag.
**6** Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **kw** | **kl** | **o** |
| **e** | **a** | **r** |
| **m** | **i** | **k** |
| **l** | **p** | **s** |

**DEMONSTREER**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/kw/** en **/kl/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/kl/-/o/-/k/ = klok**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/kw/ of /kl/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/r/ – /a/ – /a/ – /i/ =raai**

**LEERDERS DOEN**


1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kw, kl**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **kweek** , **kwas** , **kwaak** , **kwaai** , **kwes** , **klim** , **klip** , **klas**, **klok, raai, kap, pas, mas, los**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________




## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP /MAAK KONEKSIES**

**VERBALE VERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan leerders dat hul gaan gesels oor iets waarvan hulle gehou het in die storie: <u>Timeo help sy familie.</u>
2. Hulle gaan ook gesels oor iets waarmee hulle hulself kan **verbind** in die storie.
3. **Demonstreer** aan leerders hoe om in 1–2 sinne te vertel van **iets waarvan hulle gehou het** en **'n koneksie wat hulle kon maak** in die storie, bv.: **Ek het daarvan** gehou dat Timeo so graag sy familie wou help en dat hy vir hulle omgegee het. **Toe Timeo** vir Eva gevra het hoe haar dag was, **het die my herinner** aan my pa wat elke dag vir my ook vra hoe my dag was. Dit laat my goed voel.
4. Wys aan leerders die prente in die Grootboek. Gee opdrag dat leerders na die prente moet kyk en dink oor wat gebeur het.
5. Gee opdrag aan leerders om te dink oor waarvan **hulle hou** en watter afleiding hulle kan maak oor die storie.
6. Vra 2–3 leerders om hul idees met die klas te **deel**. **Help** die leerders om volledige sinne te vorm.
7. Verduidelik en korrigeer enige algemene foute aan leerders.
8. Gee instruksies aan leerders om te **'Draai en Preaat'** en om hul **eie weergawe** van die storie met 'n maat te deel. ***(Hulle moet nie wat die onderwyser gesê het memoriseer nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 2

# Week 7

# TEMA:

## Ons is skrywers

## Klaskamer Voorbereiding

1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: verskillende skryfbehoeftes (penne. potlode, kryte, koki's, ens.) en verskillende notaboeke en papier (dagboeke, gom papier, ens.)
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Wat is spykerskrif en wat is hiërogliewe?
6 Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 54 en 55, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 56, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 57 en 58, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van joueself wat skryf.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

**1** Wys aan leerders die prentjie van Mandu se dagboek in die Grootboek Storie: Mandu se geheime dagboek.
**2** Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
**3** Verduidelik aan die leerders dat ons met 'n nuwe tema begin: Ons is skrywers.
**4** Vra aan leerders: *Wat weet jullele reeds van die tema?*
**5** Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
**6** Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
- **a** Wat skryf ons?
- **b** Waarmee skryf ons?
- **c** Waarop skryf ons
- **d** Waar kan ons oral skryf?

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- speurder
- wenk
- dagboek

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te skryf, | *Wys hoe jy skryf* |
| gee my 'n warm gevoel in my lyf. | *Wikkel jou lyfie vir die "warm gevoel"* |
| Dit bly vir my 'n groot plesier om stories te skryf, | *Wys met 'n glimlag hoe jy skryf* |
| En my gedagtes na ver plekke te laat dryf. | *Sit jou gesig in jou hand en lyk of jy droom* |

## Handskrif

15 minute

**1** Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum skryf.
**2** Laat leerders nou van 1–5 in die kantlyn nommer.
**3** Skryf die volgende sin op die bord, langs nommer 1: Ek hou daarvan om my skoolklere na my skool toe te dra.
**4** Skryf nou die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2–5:

  2 Hy
  3 Sy
  4 Hulle
  5 Ons

5 Sê leerders om dieselfde sin te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.

6 In die laaste 5 minute, skryf die korrekte sinne op die bord. Herhaal die woorde soos jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.

7 Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer en te onderstreep.

8 Onderstreep soos volg:

  1 Ek hou daarvan om my skoolsklere na my skool toe te dra.
  2 Hy hou daarvan om sy skoolklere na sy skool toe te dra.
  3 Sy hou daarvan om haar skoolklere na haar skool toe te dra.
  4 Hulle hou daarvan om hulle skoolklere na hulle skool toe te dra.
  5 Ons hou daarvan om ons skoolklere na ons skool toe te dra.

9 Verduidelik dat die leerders moet dink aan die patroon soos wat hulle dit skryf.

10 Sê die leerders moet 'n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.

2 Maak die Grootboek oop by die storie: Mandu se geheime dagboek.

3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.

4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.

5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.

6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan /Konsep

#### STEL DIE ONDERWERP BEKEND

1 Verduidelik aan die leerders dat jy **dink voor jy skryf.**
2 Verduidelik wat ’n boekresensie is: *As ons ’n boekresensie skryf, skryf ons oor ’n boek wat ons gelees het. Ons skryf oor wat ons van die boek/storie dink. Ons kan skryf hoe ons die boek geniet het sodat ander mense dit kan lees of hoe ons nie die boek geniet het nie sodat ander mense nie hulle tyd sal mors om dit te lees nie.*
3 Verduidelik nou jou idee van ’n boekresensie:

*Ek sal kies om oor ‘m storie skryf waaarvan ek gehou het. My gunsteling storie was die storie Li Jie. Ek het gehou van die boodskap in die storie dan aanhouers wen!*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSPROSES (EK DOEN)


1 Teken ’n beplanningsraamwerk op die een kant van die bord..
2 Wys die leerders hoe jy ’n beplanningsraamwerk voltooi deur sekere vrae te beantwoord.
   a Voltooi nou die beplanningsraamwerk.

| **Beplannings Vrae** | **Beplan** |
|---|---|
| **1** Watter boek of storie gaan jy oor skryf?<br>**2** Waarvan het jy gehou in die storie?<br>**3** Was daar iets waarvan jy nie gehou het in die storie nie?<br>**4** Was daar enige manier om die storie beter te maak?<br>**5** Wie dink jy sal van hierdie tipe storie hou?<br>**6** Hoekom sal jy die storie aanbeveel / nie aanbeveel nie? | **1** Li Jie, die legendariese en talentvolle boogskutter.<br>**2** Die boodskap – moenie arrogant wees nie en oefening is belangrik.<br>**3** Nee<br>**4** Ek wens die storie was langer.<br>**5** Ek dink enige iemand sal die storie geniet,<br>**6** want ons leer nuwe dinge die heeltyd.<br>**7** Ek sal dit aanbeveel, want ek het ‘n<br>**8** belangrike les geleer uit die storie. |

#### LEERDERS GEBRUIK DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (JY DOEN)

1 Sê aan leerders om hul oë toe te maak en te dink aan ’n keer toe hulle gedetermineerd was om ’n doel te bereik.
2 Nou kan leerders **‘Draai en Praat’** met ’n maat, om hul idees met mekaar te deel.
3 Wys aan die leerders die beplanningsraamwerk op die bord en sê aan hulle om die raamwerk te gebruik om hul skryfwerk te beplan, net soos jy gedoen het.
4 Deel boeke uit.
5 Sê aan leerders om hul eie idees neer te skryf – hulle mag **nie** jou beplanning afskryf **nie**.
6 Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies.

1. Die Domkoppe deur Roald Dahl
2. Ek het daarvan gehou dat die voels die lelike Domkoppe oorwin het, want dit was baie snaaks.
3. Nee
4. Ek wens die prenta was in kleer.
5. Ek dink ander kinders sal ook van die boek hou want dit is baie snaaks
6. Ja, want dit lieer ons om goedhartig te wees, anders sal slegte goed met ons gebeur.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 7 het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: ooi**
2 Sê die woord: **nooi**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/n/**-**/ooi/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/n/**
5 Se die endklank van die woord: **/ooi/**
6 Skryf die woord op die bord: **nooi**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/n/**-**/ooi/** = **nooi**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: ooi**
2 Sê die woord: **kooi**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/k/**
4 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ooi/**
5 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/k/**-**/ooi/**
6 Skryf die woord op die bord: **kooi**
7 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/k/**-**/ooi/** = **kooi**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **ooi woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **tooi**
   2 **nooi**
   3 **kooi**
   4 **vlooi**
   5 **rooi**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer

7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif:

15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **ooi**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



rooi

Die nooi dra 'n rooi trui.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK KONEKSIES**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Mandu se geheime dagboek**<br><br>Mandu het daarvan gehou om te skryf. Sy het veral daarvan gehou om in haar spesiale dagboek te skryf. Sy het elke dag die gebeure van die dag neergeskryf. Sy het haar persoonlike geheime neergeskryf. Skryf het haar gehelp om haar kop skoon te kry. Dit het gehelp om haar te kalmeer. Dit het haar gehelp om gelukkig te voel. | -- |
| Mandu wou nie hê enige iemand moes haar persoonlike geheime lees nie, sy het geweet dat sy 'n goeie wegsteekplek vir haar dagboek moes vind. Sy het in haar kamer rond gekyk en gedink waar die veiligste wegsteekplek vir haar dagboek sou wees. Uiteindelik het sy besluit om dit onder haar bed weg te steek. "Niemand sal dit ooit daar vind nie!" het sy gedink.<br><br>Een middag, toe Mandu en haar vriendin Anna na skool by haar huis gekom het, het Mandu haar dagbook wawyd oop op haar kamervloer gevind. Mandu se gesig het warm gevoel. Haar hart het vinnig begin klop. | As iemand deur my goed gegaan het en my dagboek met my persoonlike geheime gelees het, sou ek verskriklik verleë en kwaad gevoel het. Ek dink dit is hoe Mandu moes gevoel het. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Agge nee! Kyk Anna! Iemand het my dagboek gelees!" Het sy gegil.<br><br>"Ons kan uitvind wie dit was!" het Anna kalm gesê. "Hierdie is 'n goeie leidraad! Aan wie kan jy dink wat vuil vingers het?"<br><br>"Ek wet jou dit is my jonger broer," het Mandu gesê. "Thabo het altyd vuil vingers nadat hy buite gespeel het!". | As iemand deur my goed gegaan het, sou ek wou uitvind wie dit was, sodat ek hulle kon konfronteer. |
| "Kom ons gaan soek hom. Ons moet hom ondervra om uit te vind of dit hy was!" het Anna gesê.<br><br>Mandu het haarself verbeel dat Thabo al haar geheime gelees het, maar toe onthou sy dat haar broer net 5 jaar oud was en hy kon nog nie lees nie!<br><br>"Wag! Dit kan nie hy gewees het nie! Hy kan nie lees nie!" het Mandu laggend gesê.<br><br>"Kom ons soek ander leidrade", het Anna gesê. Mandu het bladsy, vir bladsy die dagboek bestudeer. | **Ek kan hier 'n verbinding maak** met die polisie. Anna en Mandu is op soek na leidrade om 'n misdaad op te los – net soos die polisie. |
| "Kyk na hierdie blonde haar!" het Mandu gesê, toe sy die kort blonde haar vir Anna wys. "Hierdie is 'n belangrike leidraad," het sy gesê.<br><br>"Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het. Almal in my gesin het swart hare. Wie kon dit gewees het? Wie ken ek met blonde hare?" het sy gevra, toe sy agterdogtig na Anna se blonde hare gekyk het.<br><br>"Dit was nie ek nie! Ek belowe!" het Anna gesê. "In elk geval is dit 'n baie kort blonde haar. My hare is lank!" | Anna en Mandu het leidrade bymekaar gemaak sodat hulle kon uitpluis wie die dagboek gelees het, **net soos** die polisie bewyse bymekaar maak om 'n misdaad op te los. |
| "Ons sal 'n lokval moet stel om te sien wie ons kan vang wat die dagboek lees", het Mandu gesê. Mandu het haar dagboek terug onder haar bed weggesteek. Sy het 'n bietjie meel op die vloer langs haar bed gestrooi. "As enige iemand naby my dagboek kom sal ek hulle voetspore in die meel sien" het Mandu verduidelik. Die meisies het om die hoek weggekruip en gewag. Na 'n paar minute het hulle krap geluide gehoor wat van binne in die kamer af gekom het. | Hulle het nog nie genoeg leidrade by mekaar gemaak om uit te vind wie die dagboek gelees het nie. Nou moet hulle op 'n ander manier ondersoek in stel – **net soos** speurders. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Hulle het terug in Mandu se kamer in gehardloop. "Het jou!" het Anna geskreeu. Maar daar was niemand daar nie! Niemand behalwe Zola, Mandu se hond nie. Die vloer was vol meelerige voetspore. Zola se neus was in Mandu se dagboek!<br><br>Mandu het begin lag. "Dit moes Zola se blonde haar in die dagboek gewees het!"<br><br>"Lawwe Zola!" het Anna gesê. "Jy het 'n baie beter wegsteekplek nodig!"<br><br>"Jy is reg!" Het Mandu gesê. "Maar ek sal later 'n beter plek vind – dit moet 'n geheim wees, selfs jy mag nie weet waar ek dit wegsteek nie. | Hulle ondersoek het gewerk! Hulle het uitgevind wie die misdaad gepleeg het – **net soos** regte speurders. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Watter leidrade het Anna en Mandu gevind? | Hulle het vuil vingerafrdukke, 'n blonde haar en uiteindelik melerige hondepootafdrukke gevind. |
| Wie het eintlik Mandu se dagboek gelees? | Dit was haar hond. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Mandu gedink Anna het haar dagboek gelees? | • Omdat sy 'n blonde haar gevind het.<br>• Omdat niemand in Mandu se gesin blonde hare het nie.<br>• Omdat Anna so gretig was om te help. Dit was baie agterdogtig. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


**TEMA WOORDESKAT**

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- ondersoek
- ondersoek ’n saak
- verdag

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te skryf, | *Wys hoe jy skryf* |
| gee my ’n warm gevoel in my lyf. | *Wikkel jou lyfie vir die "warm gevoel"* |
| Dit bly vir my ’n groot plesier om stories te skryf, | *Wys met ’n glimlag hoe jy skryf* |
| En my gedagtes na ver plekke te laat dryf. | *Sit jou gesig in jou hand en lyk of jy droom* |

**KREATIEWE STORIEVERTEL**

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk ’n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies
3 Herinner leerders dat hulle hul eie stories oor die prente moet uitdink.
4 Hierdie week moet die leerders as ’n groep saamwerk en op ’n groep storie besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra aan 1–2 verskillende groepe om hul groep stories te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1. **Sê die klank: aai**
2. Sê die woord: **laai**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/l/-/aai/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/l/**
5. Se die einde klank van die woord: **/aai/**
6. Skryf die woord op die bord: **laai**
7. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/l/-/aai/ = laai**

**ONS DOEN ...**

1. **Sê die klank: aai**
2. Sê die woord: **swaai**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sw/**
4. **Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /aai/**
5. Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/sw/-/aai/**
6. Skryf die woord op die bord: **swaai**
7. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/ sw/-/aai/ = swaai**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **aai woorde**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
   1. **laai**
   2. **taai**
   3. **swaai**
   4. **kraai**
   5. **draai**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5. In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6. Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7. Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif:

15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **aai**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



*Wat kr<u>aai</u> so vroeg in die oggend?*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Konsep

**ONDERWERP:** Kies 'n storie wat ons gelees het hierdie jaar.

**OPDRAG:** Skryf 'n eenvoudige resensie oor die storie.

**SKRYFRAAMWERK:**
Hierdie jaar het ek ... gelees.
Dit is 'n storie oor ...
Ek het gehou van ...
Ek het nie gehou van ...
Ek het gedink die storie kon beter wees ...
Ek dink ..... sal van die storie hou omdat ...
Oor die algemeen...

**VOORBEREIDING:** Skryf die beplanning van Maandag op die bord voor vandag se skryfwerkles.

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)**

1 Herinner leerders aan die beplanning wat jy Maandag gedoen het.
2 Lees deur jou beplanning wat op die bord geskryf is.
3 Volgende, lees deur die skryfraamwerk met die leerders.

4 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk sal voltooi deur jou eie beplanning te gebruik, bv.:
**Hierdie jaar** het ek gelees van Li Jie, die legendariese en talentvolle boogskutter. **Dit is ’n storie oor** bie beste boogskutter, maar hy was baie arrogant. **Ek het gehou** daarvan dat die ou man in die storie vir Li Jie ’n belangrike les geleer het. Hy het hom geleer dat mens moet aanhou oefen om goed te wees in iets. **Ek het gedink die storie kon beter wees** as dit bietjie langer was. **Ek dink meeste kinders sal van die storie hou** omdat die boopdskap so belangrik is. **Ek sal beslis** hierdie storie vir my vriende aanbeveel

### LEERDERS VOLTOOI DIE BEPLANNINGSPROSES (JY DOEN)

1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Boekresensie : Konsep**
3 Sê aan leerders om hul beplanning van Maandag te kry en oor hul idees te dink.
4 Sê aan leerders om hul skryfwerk te voltooi deur hul beplanning te gebruik.
5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne of detail kan byvoeg as hulle genoeg tyd het.
6 Herinner leerders aan die strategie wat hul kan gebruik om hulle te help.
7 Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

Die jaar, het ek Die Domkoppe deur Roald Dahl gelees.


Die storie gaan oor Mnr en Mev Domkop wat gemene mense is. Hulle is met mense en diere gemien. Ek hou daarvan dat die voels Mnr en Mev Domkop oorwin het, want dit was baie snaaks.

Ek het gedink dat dit sou beter gewees het as die prenta in kleer was.

Ek dink ander kinders sal ook van die storie hou want dit is snaaks.

Die storie lieer ons dat ons altyd goedhartig moet wees anders sal slegte goed met ons gebeur.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **kooi, nooi**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **kooi, nooi**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/k/** en **/n/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **laai, taai**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra ’n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **laai, taai**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Volgende, skryf die woord op die bord: **rooi**
2 Vra leerders: **Wat is een klank in die woord wat jy kan uitruil om ’n ander woord te bou?**
3 Skryf ’n lys van leerders se idees op die bord, bv.: **vlooi, kooi, nooi, tooi**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die bord: **draai**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is. **laai, taai, swaai, kraai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees:

15 minute


## Tweede lees

### LEESSTRATEGIE: MAAK KONEKSIES

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Mandu se geheime dagboek**<br><br>Mandu het daarvan gehou om te skryf. Sy het veral daarvan gehou om in haar spesiale dagboek te skryf. Sy het elke dag die gebeure van die dag neergeskryf. Sy het haar persoonlike geheime neergeskryf. Skryf het haar gehelp om haar kop skoon te kry. Dit het gehelp om haar te kalmeer. Dit het haar gehelp om gelukkig te voel. | **Ek kan 'n verbinding** met Mandu **maak,** want ek hou ook daarvan om te skryf om my kop skoon te kry. As ek baie goed het om te doen en ek voel gestres, dan maak ek 'n lys van alles wat ek moet doen. Dit help my om my kop skoon te kry, net soos Mandu. |
| Mandu wou nie hê enige iemand moes haar persoonlike geheime lees nie, sy het geweet dat sy 'n goeie wegsteekplek vir haar dagboek moes vind. Sy het in haar kamer rond gekyk en gedink waar die veiligste wegsteekplek vir haar dagboek sou wees. Uiteindelik het sy besluit om dit onder haar bed weg te steek. "Niemand sal dit ooit daar vind nie!" het sy gedink.<br><br>Een middag, toe Mandu en haar vriendin Anna na skool by haar huis gekom het, het Mandu haar dagbook wawyd oop op haar kamervloer gevind. Mandu se gesig het warm gevoel. Haar hart het vinnig begin klop. | **Ek kan 'n verbinding maak.** As iemand in my goed krap sonder om my te vra, voel ek kwaad. Soos die ander dag, toe ek by die huis kom het my suster my eposte op my rekenaar gelees. My gesig het warm gevoel, my hart het vinning geklop en ek het gegil, net soos Mandu. |
| "Agge nee! Kyk Anna! Iemand het my dagboek gelees!" Het sy gegil.<br><br>"Ons kan uitvind wie dit was!" het Anna kalm gesê. "Hierdie is 'n goeie leidraad! Aan wie kan jy dink wat vuil vingers het?"<br><br>"Ek wet jou dit is my jonger broer," het Mandu gesê. "Thabo het altyd vuil vingers nadat hy buite gespeel het!". | As iemand deur my goed gegaan het, sou my suster die eerste persoon wees wat ek verdink. Dit herinner my aan Mandu, want die eerste persoon wat sy verdink is haar broer! |
| "Kom ons gaan soek hom. Ons moet hom ondervra om uit te vind of dit hy was!" het Anna gesê.<br><br>Mandu het haarself verbeel dat Thabo al haar geheime gelees het, maar toe onthou sy dat haar broer net 5 jaar oud was en hy kon nog nie lees nie!<br><br>"Wag! Dit kan nie hy gewees het nie! Hy kan nie lees nie!" het Mandu laggend gesê.<br><br>"Kom ons soek ander leidrade", het Anna gesê. Mandu het bladsy, vir bladsy die dagboek bestudeer. | -- |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Kyk na hierdie blonde haar!" het Mandu gesê, toe sy die kort blonde haar vir Anna wys. "Hierdie is 'n belangrike leidraad," het sy gesê.<br><br>"Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het. Almal in my gesin het swart hare. Wie kon dit gewees het? Wie ken ek met blonde hare?" het sy gevra, toe sy agterdogtig na Anna se blonde hare gekyk het.<br><br>"Dit was nie ek nie! Ek belowe!" het Anna gesê. "In elk geval is dit 'n baie kort blonde haar. My hare is lank!" | **Ek kan 'n verbinding** maak – die deel van die storie herinner my aan 'n film waarna ek gekyk het. In die film is die meisie se halsnoer gesteel. Haar vriendin het aangebied om haar te help om die dief op te spoor. Hulle het gesoek en gesoek. Aan die einde van die film het ons uitgevind dat die vriendin die dief was wat die halsnoer gesteel het. Ek **wonder** of dit regtig Anna was wat die dagboek gelees het. Miskien is dit hoekom Anna so gretig is om iemand anders te blameer, net soos in die film wat ek gekyk het. |
| "Ons sal 'n lokval moet stel om te sien wie ons kan vang wat die dagboek lees", het Mandu gesê. Mandu het haar dagboek terug onder haar bed weggesteek. Sy het 'n bietjie meel op die vloer langs haar bed gestrooi. "As enige iemand naby my dagboek kom sal ek hulle voetspore in die meel sien" het Mandu verduidelik. Die meisies het om die hoek weggekruip en gewag. Na 'n paar minute het hulle krap geluide gehoor wat van binne in die kamer af gekom het. | -- |
| Hulle het terug in Mandu se kamer in gehardloop. "Het jou!" het Anna geskreeu. Maar daar was niemand daar nie! Niemand behalwe Zola, Mandu se hond nie. Die vloer was vol meelerige voetspore. Zola se neus was in Mandu se dagboek!<br><br>Mandu het begin lag. "Dit moes Zola se blonde haar in die dagboek gewees het!"<br><br>"Lawwe Zola!" het Anna gesê. "Jy het 'n baie beter wegsteekplek nodig!"<br><br>"Jy is reg!" Het Mandu gesê. "Maar ek sal later 'n beter plek vind – dit moet 'n geheim wees, selfs jy mag nie weet waar ek dit wegsteek nie. | O! Die storie was nie soos die film waarna ek gekyk het nie. Dit was nie Anna nie. Dit was al die tyd toe Mandu se lawwe hond Zola. Dit herinner my aan die tyd dat ek gedink het my broer het my toebroodjie geëet. Maar toe het ek gesien dat my hond my toebroodjie geëet het! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Oor wie het Mandu agterdogtig gevoel? | Sy het agterdogtig gevoel oor haar klein boetie en Anna. |
| Hoe het Mandu en Anna uitgevind wie die dagboek gelees het? | Hulle het vir leidrade gesoek en toe ’n lokval gestel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Mandu ’n beter wegsteekplek vir haar dagboek benodig? | • Omdat ’n dagboek veronderstel is om ’n geheim te wees.<br>• Omdat haar hond, Zola maklik die dagboek gekry het.<br>• Omdat Anna nou weet waar die dagboek weggesteek word, is dit nie meer ’n geheime wegsteekplek nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 7

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- druk
- lopende skrif
- boodskap

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te skryf, | *Wys hoe jy skryf* |
| gee my 'n warm gevoel in my lyf. | *Wikkel jou lyfie vir die "warm gevoel"* |
| Dit bly vir my 'n groot plesier om stories te skryf, | *Wys met 'n glimlag hoe jy skryf* |
| En my gedagtes na ver plekke te laat dryf. | *Sit jou gesig in jou hand en lyk of jy droom* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
Hierdie storie was oor ...
Een ding wat ek geleer het, was ...
Iets wat ek interessant gevind het was, ...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ooi** | **aai** | **n** |
| **t** | **k** | **r** |
| **v** | **l** | **s** |
| **w** | **a** | **d** |
| **e** | **u** | **m** |

**DEMONSTREER**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ooi/** en **/aai/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/t/-/ooi/** = **tooi**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ooi/ of /aai/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/w/-/a/-/t/** = **wat**

**LEERDERS DOEN**

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ooi, aai**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **tooi, nooi, kooi, vlooi, rooi, mooi, laai, taai, kraai, swaai, draai, wat, dam, swak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 7

## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP /MAAK KONEKSIES**

**VERBALE VERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan leerders dat hul gaan gesels oor iets waarvan hulle gehou het in die storie: <u>Mandu se geheime dagboek.</u>
2. Hulle gaan ook gesels oor iets waarmee hulle hulself kan **verbind** in die storie.
3. **Demonstreer** aan leerders hoe om in 1–2 sinne te vertel van **iets waarvan hulle gehou het** en **'n koneksie wat hulle kon maak** in die storie, bv.:
   **Ek het daarvan** gehou dat Mandu en Anna soos speurders vir leidrade gesoek het. **Toe** Mandu kwaad geword het toe iemand haar dagboek gelees het, **het dit my herinner** aan my suster wat my e-posse gelees het. Ek **was ook** baie kwaad.
4. Wys aan leerders die prente in die Grootboek. Gee opdrag dat leerders na die prente moet kyk en dink oor wat gebeur het.
5. Gee opdrag aan leerders om te dink oor waarvan **hulle hou** en watter afleiding hulle kan maak oor die storie.
6. Vra 2–3 leerders om hul idees met die klas te **deel**. **Help** die leerders om volledige sinne te vorm.
7. Verduidelik en korrigeer enige algemene foute aan leerders.
8. Gee instruksies aan leerders om te **'Draai en Preaat'** en om hul **eie weergawe** van die storie met 'n maat te deel. ***(Hulle moet nie wat die onderwyser gesê het memoriseer nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***

## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

# TERMYN 2

# Week 8

# TEMA:

## Ons is skrywers

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van antieke skryfwerk, rotskuns in Suis Afrika of antieke skryfbehoeftes.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Hoe antropoloë antieke skrifte ontdek het, en hoe het hulle geweet hoe om dit te lees.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 59, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 60, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 61 en 62, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Skryf 'n dagboek inskrywing oor die weer van vandag.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie antiekeskryf tablette in die Grootboek Storie: Die wêreld se eerste skrywers.
2. Vertel aan leerders die julle voortgaan met die tema: Ons is skrywers
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet jullele reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Hoekom skryf ons?
   b. Hoe maak skryf ons lewe makliker of beter?
   c. Wat is die doel van skryf?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - uitvind
   - uitvinding
   - tegnologie

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te skryf, | *Wys hoe jy skryf* |
| gee my 'n warm gevoel in my lyf. | *Wikkel jou lyfie vir die "warm gevoel"* |
| Dit bly vir my 'n groot plesier om stories te skryf, | *Wys met 'n glimlag hoe jy skryf* |
| En my gedagtes na ver plekke te laat dryf. | *Sit jou gesig in jou hand en lyk of jy droom* |

WEEK 8

## Handskrif

15 minute

1. Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum en die opskrif skryf: **Enkelvoud tot Meervoudwoorde.**
2. Sê die leerders moet van 1–5 nommer in die kantlyn en 'n lyn tussen elke nommer ooplos.
3. Roep die enkelvoud uit en die leerders moet dit langs elke nommer skryf.

**Enkelvoud tot Meervoud woorde**

1. stoel
2. hond
3. doek
4. glas
5. boek

4 Volgende, laat die leerders die meervoude van die woorde in die lyn onder elke woord skryf.

5 In die laaste 5 minute, skryf die korrekte woorde op die bord. Herhaal die woorde soos jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.

6 Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer en te onderstreep.

7 Onderstreep soos volg:

1. stoel
   stoel<u>e</u>
2. hond
   hond<u>e</u>
3. doek
   doek<u>e</u>
4. glas
   glas<u>e</u>
5. boek
   boek<u>e</u>

8 Verduidelik dat die leerders moet dink aan die patroon soos wat hulle dit skryf.

9 Sê die leerders moet ’n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

## ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die wêreld se eerste skrywers.
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigering

**ONDERWERP:** Kies 'n storie wat ons hierdie jaar gelees het om 'n resensie oor te skryf.

**OPDRAG:** Skryf 'n eenvoudige resensie.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die redigerings kontrolelys op die bord voordat jy met die les begin.
- Skryf die beplanning op die bord voordat jy met die les begin.

**REDIGERINGS KONTROLELYS**

1. Het ek die tirel van die boek of storie met 'n hoofletter geskryf?
2. Het ek op een boek of stroie gefokus?
3. Het ek bespreek of ek van die boek of storie hou of nie.
4. Is al my woorde korrek gespel?
5. Begin elke sin met 'n hoofletter?
6. Het ek die korrekte punktusie gebruik in al my sinne?

**DEMONSTREER DIE REDIGERINGS KONTROLELYS (EK DOEN)**

1. Lees die kontrolelys aan die leerders.
2. Lees jou konsep aan die leerders.
3. Gaan deur die kontrolelys, en wys die leerders of jou konssep ooreenstem met die kontrolelys en of jy enige verbeteringe moet aanbring.
4. Verduidelik nou die proses aan die leerders.

**LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGS PROSES (JY DOEN)**

1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om hul rofwerk van die skryf opdrag te kry.
3 Sê nou aan leerders om deur die redigerings kontrolelys te gaan en korreksies en verbeteringe aan te bring wat nodig is.
4 Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies – maak seker dat jy met ’n verskillende groep leerders werk vir elke skryf opdrag.
5 Kyk vir algemene foute in leerders se skryfwerk.
6 Roep leerders tot aandag en skryf die algemene foute wat gemaak is op die bord.
7 Wys aan leerders hoe om die foute reg te stel.


Die jaar, het ek Die Domkoppe deur Roald Dahl gelees.

Die storie gaan oor Mnr en Mev Domkop wat gemene mense is. Hulle is met mense en diere gemien. Ek hou daarvan dat die voels Mnr en Mev Domkop oorwin het, want dit was baie snaaks.

Ek het gedink dat dit sou beter gewees het as die prento in kleer was.

Ek dink ander kinders sal ook van die storie hou want dit is snaaks.

Die storie leer ons dat ons altyd goedhartig moet wees anders sal slegte goed met ons gebeur.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 8

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN …**

1 **Sê die klank: eeu**
2 Sê die woord: **leeu**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/l/-/eeu/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/l/**
5 Se die endklank van die woord: **/eeu/**
6 Skryf die woord op die bord: **leeu**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/l/-/eeu/ = leeu**

**ONS DOEN …**

1 **Sê die klank: eeu**
2 Sê die woord: **sneeu**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sn/**
4 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/eeu/**
5 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /**sn**/-/**eeu/**
6 Skryf die woord op die bord: **sneeu**
7 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: / **sn/-/eeu/ = sneeu**

**JY DOEN …**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **eeu woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **spreeu**
    2 **sneeu**
    3 **leeu**
    4 **skreeu**
    5 **eeu**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer

**7** Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif:

15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **eeu**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



skreeu

eeu

Ons maak 'n sneeuman.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeeldelees:

15 minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOEKLEES**


| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| **Die wêreld se eerste skrywers**<br>Mense het 'n klomp verskillende tegnologie ontwikkel. Ons het motors, rekenaars en selfone ontwikkel. Ons het radios, robotte en yskaste ontwikkel. Die mees indrukwekkendste menslike tegnologie is iets wat redelik eenvouding voorkom: skryfkuns | **O! Ek leer** hier dat skryfkuns 'n tegnologie is. Ek sou nooit daaraan gedink het dat mense skryfkuns uitgevind het nie. |
| Mense het eers 5,000 jaar terug begin skryf. Een van die plekke waar die skryfkuns uitgevind is, is Sumer genoem. Sumer het in 'n plek bestaan wat ons vandag as Iraq ken. Sumer is een van die eerste plekke in die wêreld waar mense in stede begin woon het. Om soveel mense in een plek te hê het die manier waarop mense geleef het verander. | **Ek leer** dat mense 5,000 jaar terug nie geweet het hoe om te skryf nie. Ek dink die lewe moes baie anders in daardie tyd gewees het.<br>Ek **leer** dat 5,000 jaar gelede was tempels gebruik vir aaanbidding sowel as vir stoorplek. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Die mense van Sumer het groot tempels binne die stadsmure gebou waar hulle hul gode kon aanbid. Tog was die tempels nie net vir aanbidding gebruik nie, maar ook as pakhuise gebruik om 'n verskeidendheid van goedere in te stoor. Die tempel se skribas moes 'n sisteem ontwikkel om rekord te hou van alles wat in die tempel gestoor is – sodat hulle nie iets sou vergeet nie. Dit is hoe die skryfkuns ontstaan het. | |
| Verbeel jou, die priesters wou aan die einde van die oesseisoen 10 mandjies koring in die tempel stoor. Die skriba sou 'n klein prent van 'n koringaar teken, en dan 10 tel merke op sy kleitablet gemaak het. | **Ek leer** hier dat koring een van die goed is wat in die tempels gestoor is. Ek dink hulle sou 'n groot verskeidenheid van goed aan die einde van die oesseisoen gestoor het. |
| Die kleitablet sou dan in die son geplaas word om droog te word. Toe dit hard en droog was, is die kleitablette gebêre om te dien as rekords wat dae, weke of selfs jare later gelees kon word. | **O! Ek leer** dat die eerste skryfkuns op klei gedoen is. Ek **wonder** wanneer papier uitgevind is? |
| Die eerste skryfkunssisteme was anders as ons alfabet. Hulle is saamgestel uit klein prente wat verskillende voorwerpe voorgestel het. | **Ek leer** dat die eerste skryfkuns uit prente in plaas van letters bestaan het. |
| Oor 'n tydperk, toe meer en meer goed in die tempels ingebring is, het prente in simbole ontwikkel. Toe meer en meer verskillende goed in die stad se tempels gestoor was, moes die skribas al hoe vinniger geskryf het. Hulle het nie baie tyd gehad om versigtig gedetailleerde prente van koringare of ander goedere te teken nie.<br><br>So, die prente van koringare het in 'n simbool vir koring ontwikkel wat makliker was om te teken. Dit is toe algemeen aanvaar dat die simbool van koring, koring beteken, al het dit nie meer soos die prent van koring gelyk nie. | **O! Ek leer** dat die klein prente mettertyd in simbole verander het. |
| Die priesters en skribas moes verstaan wat hulle in hul eie tempels gestoor gehad het, asook wat hulle altesaam gehad het. Die skribas van al die verskillende tempels in Sumer het toe bymekaar gekom en op 'n standaard simbole stelsel ooreen gekom wat hulle almal sou gebruik. Die skryfsisteem word nou wigskryfkuns genoem. | **Ek leer** hier dat hierdie eerste skryfsisteem wigskryfkuns genoem is. |
| Dieselfde proses het in verskillende beskawings regoor die wêreld gebeur – in Egipte, Peru en China. Ons moderne skryfkuns is op hierdie verskillende vorms van antieke skryfkuns gebasseer. | -- |

WEEK 8

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| Met die uitvinding van die skryfkuns kon mense idees en stories aanteken. Ons kon besighede en rykdom bou. Ons kon boodskappe na afgeleë plekke toe stuur. Die uitvinding van skryfkuns het mense se lewens vir ewig verander. | **Ek leer** dat skryfkuns ons gehelp het om oms stories aan te teken! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waar is skryfkuns eerste uitgevind? | In Sumer, waar Irak vandag is. |
| Waarop het die mense van Sumer geskryf? | Hulle het op kleitablette geskryf. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is die eerste skryfkuns uitgevind? | • Omdat goedere in die tempels gestoor was en die mense wat daar gewoon het moes 'n manier vind om te onthou wat in die stoor was.<br>• Omdat skribas en priesters moes weet hoeveel goedere hulle altesaam gehad het. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - tempel
   - aanbid
   - skrywer
   - aanteken

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te skryf, | *Wys hoe jy skryf* |
| gee my 'n warm gevoel in my lyf. | *Wikkel jou lyfie vir die "warm gevoel"* |
| Dit bly vir my 'n groot plesier om stories te skryf, | *Wys met 'n glimlag hoe jy skryf* |
| En my gedagtes na ver plekke te laat dryf. | *Sit jou gesig in jou hand en lyk of jy droom* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies
3 Herinner leerders dat hul laas week hul eie stories oor die prente moes uitdink.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk en op 'n groep storie besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra aan 1–2 verskillende groepe om hul groep stories te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



WEEK 8

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: oei**
2 Sê die woord: **koei**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/k/-/oei/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5 Se die einde klank van die woord: **/oei/**
6 Skryf die woord op die bord: **koei**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/k/-/oei/ = koei**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: oei**
2 Sê die woord: **boei**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/b/**
4 **Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /oei/**
5 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/b/-/oei/**
6 Skryf die woord op die bord: **boei**
7 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/b/-/oei/ = boei**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **oei woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **groei**
   2 **broei**
   3 **koei**
   4 **boei**
   5 **bloei**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________


Woorde: ________________________________________

______________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **oei**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



bloei

Die hen broei op haar eiers.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Kies 'n storie wat ons hierdie jaar gelees het.

**OPDRAG:** Skryf 'n eenvoudige boekresensie.

**SKRYFRAAMWERK:**
Ek het hierdie jaar ........ gelees.
Dit is 'n storie oor ...
Ek het gehou van ...
Ek het nie gehou van ...
Die storie kon beter wees as ...
Ek dink .... sal van die storie hou, want ...
Oor die algemeen ...

**VOORBEREIDING:** Skryf die kontrolelys van Maandag op die bord voor die skryfwerkles.

## DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die kontrolelys wat jy Maandag gedoen het.
2. Lees deur jou beplanning wat op die bord geskryf is.
3. Volgende, lees deur die skryfraamwerk met die leerders.
4. Verduidelik dat ons vandag ons finale resensie gaan publiseer en aanbied.
5. Demonstreer hoe jy die kontrolelys sal voltooi deur jou eie beplanning te gebruik.

## LEERDERS VOLTOOI DIE PUBLISERING PROSES (JY DOEN)

1. Deel boeke uit.
2. Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **My boekresensie**
3. Sê aan leerders om hul finale stuk skryfwerk, sonder enige foute, netjies oor te skryf.
4. Indien leerders tyd het kan hul ’n vinnige prentjie daarby teken.
5. Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HUL SKRYFWERK AAN

1. Sê aan leerders om penne en potlode neer te sit in die laaste 5 minute van die les.
2. Sê aan leerders om te ‘Draai en Preaat’ en om hul skryfwerk aan ’n maat te lees.
3. Sodra leerders dit gedoen het, roep een of twee leerders om hul stories aan die klas voor te lees.
4. Vertoon leerders se skryfwerk op oog hoogte, om hul in staat te stel om mekaar se skryfwerk kan lees.

Die jaar, het ek Die Domkoppe deur Roald Dahl gelees.


Die storie gaan oor Mnr en Mev Domkop wat gemene mense is. Hulle is met mense en diere gemeen. Ek hou daarvan dat die voëls Mnr en Mev Domkop oorwin het, want dit was baie snaaks.

Ek het gedink dat dit sou beter gewees het as die prente in kleur was.

Ek dink ander kinders sal ook van die storie hou want dit is snaaks.

Die storie leer ons dat ons altyd goedhartig moet wees anders sal slegte goed met ons gebeur.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **spreeu, sneeu**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **spreeu, sneeu**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/pr/** en **/n/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **koei, boei**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **koei, boei**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Volgende, skryf die woord op die bord: **leeu**
2 Vra leerders: **Wat is een klank in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees op die bord, bv.: **spreeu, sneeu, skreeu**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die bord: **bloei**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is. **groei, broei, koei, boei**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeeldelees:

15 minute


## Tweede lees

### LEESSTRATEGIE: SOEKLEES

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Die wêreld se eerste skrywers**<br>Mense het 'n klomp verskillende tegnologie ontwikkel. Ons het motors, rekenaars en selfone ontwikkel. Ons het radios, robotte en yskaste ontwikkel. Die mees indrukwekkendste menslike tegnologie is iets wat redelik eenvouding voorkom: skryfkuns | **Ek leer** dat skryfkuns een van die mees belangrikste menslike uitvindsels is! |
| Mense het eers 5,000 jaar terug begin skryf. Een van die plekke waar die skryfkuns uitgevind is, is Sumer genoem. Sumer het in 'n plek bestaan wat ons vandag as Iraq ken. Sumer is een van die eerste plekke in die wêreld waar mense in stede begin woon het. Om soveel mense in een plek te hê het die manier waarop mense geleef het verander.<br>Die mense van Sumer het groot tempels binne die stadsmure gebou waar hulle hul gode kon aanbid. Tog was die tempels nie net vir aanbidding gebruik nie, maar ook as pakhuise gebruik om 'n verskeidendheid van goedere in te stoor. Die tempel se skribas moes 'n sisteem ontwikkel om rekord te hou van alles wat in die tempel gestoor is – sodat hulle nie iets sou vergeet nie. Dit is hoe die skryfkuns ontstaan het. | **Ek leer** dat Sumer een van die eerste plekke was wat in stede ontwikkel het. Ek **wonder** hoe het die stadslewe mense se leefwyse verander?<br>As ek die prent bestudeer, **leer** ek dat tempels groot plekke was. Daar moes 'n groot verskeidenheid van goedere daar gestoor gewees het. |
| Verbeel jou, die priesters wou aan die einde van die oesseisoen 10 mandjies koring in die tempel stoor. Die skriba sou 'n klein prent van 'n koringaar teken, en dan 10 tel merke op sy kleitablet gemaak het. | **Ek leer** hier dat tel merke 'n belangrike deel van die vroeë skryfkuns was. |
| Die kleitablet sou dan in die son geplaas word om droog te word. Toe dit hard en droog was, is die kleitablette gebêre om te dien as rekords wat dae, weke of selfs jare later gelees kon word. | O! Ek wonder wanneer papier uitgevind is? Hulle het op klei en nie papier geskryf nie. |
| Die eerste skryfkunssisteme was anders as ons alfabet. Hulle is saamgestel uit klein prente wat verskillende voorwerpe voorgestel het. | Verbeel jou as ons iets wou skryf sou ons baie tyd spandeer het om prentjies te teken. Dit sou lank geneem het om 'n sin te skryf! |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Oor 'n tydperk, toe meer en meer goed in die tempels ingebring is, het prente in simbole ontwikkel. Toe meer en meer verskillende goed in die stad se tempels gestoor was, moes die skribas al hoe vinniger geskryf het. Hulle het nie baie tyd gehad om versigtig gedetailleerde prente van koringare of ander goedere te teken nie.<br><br>So, die prente van koringare het in 'n simbool vir koring ontwikkel wat makliker was om te teken. Dit is toe algemeen aanvaar dat die simbool van koring, koring beteken, al het dit nie meer soos die prent van koring gelyk nie. | **O! Ek leer** dat die prente in verskillende simbole ontwikkel het want prente het te lank geneem om te teken! |
| Die priesters en skribas moes verstaan wat hulle in hul eie tempels gestoor gehad het, asook wat hulle altesaam gehad het. Die skribas van al die verskillende tempels in Sumer het toe bymekaar gekom en op 'n standaard simbole stelsel ooreen gekom wat hulle almal sou gebruik. Die skryfsisteem word nou wigskryfkuns genoem. | **Ek leer** hier dat die priesters en skribas 'n groot vergardering gehou het waar hulle op 'n nuwe manier van skryf saam besluit het! |
| Dieselfde proses het in verskillende beskawings regoor die wêreld gebeur – in Egipte, Peru en China. Ons moderne skryfkuns is op hierdie verskillende vorms van antieke skryfkuns gebasseer. | **Ek leer** dat die skryfkuns op verskillende plekke uitgevind is – nie net op een plek nie. |
| Met die uitvinding van die skryfkuns kon mense idees en stories aanteken. Ons kon besighede en rykdom bou. Ons kon boodskappe na afgeleë plekke toe stuur. Die uitvinding van skryfkuns het mense se lewens vir ewig verander. | **Ek wonder** hoe die wêreld sou wees as skryfkuns nooit uitgevind is nie? |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoe lank gelede is skryfkuns uitgevind? | Skryfkuns is 5,000 jaar gelede uitgevind. |
| Waar in Sumer is skryfkuns uitgevind? | Dit is in die tempels uitgevind. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het skryfkuns oor die jare verander? | • Omdat dit lank geneem het om prente te teken en skribas moes vinniger begin skryf.<br>• Die skryfkuns het verander soos wat daar meer en meer goedere na die tempels toe gebring is. Die skribas moes vinniger skryf.<br>• Die skribas van die verskillende tempels moes mekaar se skryfkuns kon lees, toe het hulle bymekaar gekom en simbole ontwerp sodat hulle almal dieselfde simbole kon gebruik! |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ___________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- kerf
- tablet
- klei

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om te skryf, | *Wys hoe jy skryf* |
| gee my 'n warm gevoel in my lyf. | *Wikkel jou lyfie vir die "warm gevoel"* |
| Dit bly vir my 'n groot plesier om stories te skryf, | *Wys met 'n glimlag hoe jy skryf* |
| En my gedagtes na ver plekke te laat dryf. | *Sit jou gesig in jou hand en lyk of jy droom* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In die storie …
Een ding wat ek geleer het, was ...
Ek hou meer van fiksie / nie-fiksie boeke omdat ...
**2** Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
**4** Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
**5** Roep die klas tot aandag.
**6** Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **eeu** | **oei** | **s** |
| **l** | **n** | **p** |
| **r** | **k** | **g** |
| **b** | **a** | **e** |

#### DEMONSTREER

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/eeu/** en **/oei/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/t/-/ooi/ = tooi**
5. Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ooi/ of /aai/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/b/-/a/-/k/ = bak**

#### LEERDERS DOEN

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **eeu, oei**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **spreeu, sneeu, leeu, skreeu, eeu, groei, broei, koei, boei, bloei, bak, bes, rek**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOEKLEES**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**


1. Voor die klas begin, skryf die volgend opskrif, vrae en die begin van sinne op die bord.
2. Lees deur die vrae met die leerders en verduidelik hul, indien nodig.
3. Gee opdrag aan leerders om te 'Draai en Praat' en hierdie vrae met 'n maat te bespreek.
4. Leerders moet nou hul boeke oopmaak, die datum en opskrif skryf, en die antwoorde op die vrae neerskryf.
5. Gedurende die laaste vyf minute van die les, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee aan hul die geleentheid om hul eie werk te korrigeer.

**DIE WÊRELD SE EERSTE SKRYWERS**

1. Wanneer is skrif die eerste keer gebruik
   ***Skrif is ...***
2. Waar was skryfkuns eerste gebruik?
   ***Skrif is eerste in ...***
3. Hoekom gebruik ons nie meer klein prentjies om te skryf nie?
   ***Ons gebruik nie meer klein prentjies nie, omdat ...***

**DIE WÊRELD SE EERSTE SKRYWERS – ANTWOORDE**

1. Wanneer is skrif die eerste keer gebruik?
   ***Skrif is amper 5000 jaar terug gebruik.***
2. Waar was skryfkuns eerste gebruik?
   ***Skrif is eerste in antieke Sumer gebruik.***
3. Hoekom gebruik ons nie meer klein prentjies om te skryf nie?
   ***Ons gebruik nie meer klein prentjies nie, omdat dit te lank vat om iets te skryf.***



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

# TERMYN 2

# Week 9

# TEMA:

## Dinge wat ons bang maak!

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Beroemde mense wat determinasie gewys het bv.: spookmaskers, prente van lelike spinnekoppe of slange.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: skirikkerige stories van oor die wêreld (Wees bedag dat sit op Gr 3 vlak moet wees.)
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide leesgroepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 63, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 64 en 25, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 66, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van iets wat jou bang maak.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie van die voorblad van die die Grootboek Storie: <u>Daar is 'n monster in my kas!</u>
2. Vertel aan leerders die julle 'n nuwe tema begin wat Dinge wat ons bang maak! genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Watter diere maak jou bang?
   b. Wie maak ons bang?
   c. Wat gebeur as ons bang voel?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - reaksie
   - droom
   - nagmerrie
   - monster

| **Rympie of liedjie**<br>**Liedjie op die wysie van "Ek's 'n dapper muis!"** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek's 'n dapper mens, ek's 'n dapper mens, | *Staan en marsjeer op een plek* |
| Daar is niks waarvoor ek skrik nie, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Ja, daar is niks waarvoor ek skrik nie! | *Staan en marsjeer op een plek* |

## Handskrif

15 minute

1 Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum en die opskrif skryf: **Enkelvoud tot Meervoudsinne**
2 Sê die leerders moet van 1–5 nommer in die kantlyn en 'n lyn tussen elke nommer ooplos.
3 Roep die enkelvoud sinne uit en die leerders moet die sinne langs elke nommer skryf.

**Enkelvoud tot Meervoud sinne**

1 Daar is 'n stoel by die tafel
2 My hond eet sy kos.
3 Die baba se doek is nat.
4 Pa drink water uit 'n glas.
5 Die seun lees sy boek.

4 Die leerders moet nou die meervoud sin onder elke enkelvoud sin skryf.
5 In die laaste 5 minute, skryf die korrekte sinne op die bord. Herhaal die woorde soos jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.
6 Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer en te onderstreep.
7 Onderstreep soos volg:

**Enkelvoud tot Meervoud sinne**

1 Daar is 'n stoel by die tafel
Daar is stoele by die tafel.
2 My hond eet sy kos.
My honde eet hulle kos.
3 Die baba se doek is nat.
Die baba se doeke is nat.
4 Pa drink water uit 'n glas.
Pa drink water uit glase.
5 Die seun lees sy boek.
Die seun lees sy boeke.

8 Verduidelik dat die leerders moet dink aan die patroon soos wat hulle dit skryf.
9 Sê die leerders moet 'n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Daar is 'n monster in my kas!
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd wat jy geoefen het om iets nuuts te leer of om iets beter te kon doen.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe van 5 sinne elke.

**BEPLANNINGSSTRATEGIE:** Maak 'n lys

**STEL DIE SKRYFWERK ONDERWERP BEKEND**

1 Demonstreer aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
2 Verduidelik jou idees vir die onderwerp verbaal, bv.:
*Ek was eenkeer bang toe die krag in ons huis afgegaan het en ek was alleen in die donker. Ek hou nie daarvan om alleen in die donker te wees nie.*

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)**

1 Hou die beplanningsraamwerk aan die kant van die bord,
2 Wys aan leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die beplanning aan die ander kant van die bord.

| **Beplannings Vrae** | **Beplan** |
|---|---|
| **Paragraaf 1**<br>**1** Waarvoor was jy bang?<br>**2** Wat het gebeur om jou bang te maak?<br>**3** Waar was jy?<br>**4** Wie was saam met jou? | **Paragraaf 1**<br>**1** Die donker.<br>**2** Ek was alleen in die donker en my lantern was nie gelaai nie.<br>**3** In ons huis.<br>**4** Niemand was by die huis nie. |
| **Paragraaf 2**<br>**1** Wat het jy gedoen toe jy bang gevoel het?<br>**2** Wat het jou beter laat voel?<br>**3** Wat het jy geleer van die ondervinding ? | **Paragraaf 2**<br>**1** Ek het op die bank gaan sit onder 'n groot kombers. Ek was baie bang.<br>**2** Ek het my ouer suster gebel. Toe ek haar stem hoor, was ek nie meer so bang nie.<br>**3** Ek moet sorg dat my lantern en foon die heeltyd gelaai is. |

## LEERDERS GEBRUIK DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (JY DOEN)

1. Sê aan leerders om hul oë toe te maak en te dink aan 'n keer toe hulle gedetermineerd was om 'n doel te bereik.
2. Nou kan leerders **'Draai en Praat'** met 'n maat, om hul idees met mekaar te deel.
3. Wys aan die leerders die beplanningsraamwerk op die bord en sê aan hulle om die raamwerk te gebruik om hul skryfwerk te beplan, net soos jy gedoen het.
4. Deel boeke uit.
5. Sê aan leerders om hul eie idees neer te skryf – hulle mag **nie** jou beplanning afskryf **nie**.
6. Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies.


**plan**

**paragraaf 1**

1. 'n Slang
2. Ek het amper op 'n slang getrap.
3. In die veld by my hues
4. My ouer broer.

**paragraaf 2**

1. Ek wou weg hardloop
2. My ouer broer het my kalmeer
3. Dat jy moet kyk waar jy trap en om noit weg te hardloop as jy 'n slang sien nie. Jy moet kalm bly en baie staadig wegloop.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: sk**
2 Sê die woord: **skip**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sk/-/I/-/a/-/p/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sk/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/aa/**
6 Se die endklank van die woord: **/p/**
7 Skryf die woord op die bord: **skaap**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/sk/-/aa/-/p/=skaap**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: pl**
2 Sê die woord: **plas**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweed klank in die woord? **/a/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/pl/-/a/-/s/**
7 Skryf die woord op die bord: **plas**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/pl/-/a/-/s/** = **plas**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sk en pl woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **skaap**
   2 **skip**
   3 **skop**
   4 **plan**
   5 **plak**
   6 **plas**

4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **sk, pl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



skaap

skip

skop

plan

plak

plas

As die son skyn warm.

Die slim man maak 'n plan.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Daar is 'n monster in my kas**<br>"John en Robert!" het John se ma geroep. "Pak daai videospeletjie weg en klim nou in die bed!"<br>"Goed, maar ek will net hierdie speletjie klaar speel!" het John terug geroep.<br>"Skakel die speletjie nou af!" het sy ma gesê. "Jy kan môre verder speel".<br>"Ja Ma!", het John gesê, terwyl hy gemaak het asof hy die speletijie afskakel en wegpak.<br>"Goeienag!" het sy ma gesê, toe sy die lig af geskakel het en die deur toe getrek het. | **Ek kan visualiseer** hoe John die videospeletijie onder sy lakens weggesteek het toe sy ma in sy kamer in gekom het om vir hom nag te sê. |
| Sodra sy ma die deur toegetrek het, het John weer die speletjie begin speel.<br>Robert het vining aan die slaap geraak. John het tot laat in die aand gespeel. | **Ek kan visualiseer** hoe John in die donker speel. Hy was so gefokus op sy speletjie dat hy nie eers agter gekom het dat Robert al aan die slaap geraak het nie. |
| John het aangehou met speel totdat hy 'n krap geluid gehoor het. Krap! Stamp! Krap! Krap!<br>"Wat was dit?" het John senuweeagtig gevra. Maar Robert het nie geantwoord nie – hy het nogsteeds geslaap.<br>John het regop in sy bed gesit. Sy oë het die donker kamer bekyk en hy het probeer uitmaak waar die geluide vandaan gekom het. Hy het toe besef dat die geluide van uit sy kas gekom het. | **Ek kan visualiseer** hoe John van sy speletjie af opgekyk het. Hy het rondom sy kamer gekyk om te sien waar die geluid vandaan gekom het. Die kamer was donker. Ek kan **visualiseer** hoe John se gesig gelyk het toe sy hart vinniger begin klop het! |
| Die kas het begin skud. Daar was iets binne in die kas wat teen die deur gestamp het. Krap! Stamp! Krap! Krap!<br>"'n Monster!" het John gefluister. "Wie is daar?" het hy gevra, in 'n bewerige stem. | **Ek kan visualiseer** hoe John na die kas gekyk het toe dit begin skud het. Ek kan my **verbeel** hoe sy hart vinniger en vinniger begin klop het. Ek kan **hoor** hoe sy stem bewe en kraak. Ek kan sy gesigsuitdrukking **visualiseer:** sy mond is wawyd oop en hy sweet! |
| Die kas se deur het begin oop gaan. John het van vrees op gespring en die deur toe gestamp. Met 'n kloppende hart, het hy 'n stoel voor die kas se deur geskuif.<br>"Ek hoop ek kan nou gaan slaap," het hy gedink.<br>Net toe hy terug klim in die bed, was daar nog 'n gestamp teen die deur. Die keer was dit nog harder. Krap! Stamp! Krap! Krap!<br>"Agge nee!" het hy gedink. "Wat gaan ek nou doen?" | **Ek kan visualiseer** hoe John na die kas toe gehardloop het. Hy was so bang dat hy so vining as moontlik probeer weg beweeg het! Hy het meer en meer bang geword – omdat hy die monster met groot kloue en tande wat uit sy kas gaan klim en hom op eet **gevisualiseer** het! |

<table>
<tr><th>Teks</th><th>Aanvangslees (Dink Hardop)</th></tr>
<tr><td>Angsbevange, het hy besluit om Robert wakker te maak.<br><br>“Robert! Daar is iets in die kas! Ek dink dit is ’n monster! Of miskien is dit ’n dinosaurus!” het hy gefluister.<br><br>“Jy moes ’n nagmerrie gehad het!” het Robert slaaperig gesê. “Ek is moeg! Los my uit ek wil slaap!” het hy gesê, en in sy bed omgedraai.<br><br>“Dit was nie ’n nagmerrie nie! Daar was geluide wat uit die kas uit gekom het!” Die deur het ook oopgegaan!” het John gesê.<br><br>“Moenie laf wees nie, John”. Jy is net besig om oor jou videospeletjie te droom!” het Robert gesê, en sy oë gerol.<br><br>“As jy nie bang is nie, maak dan die deur oop” het John gesê.</td><td>Ek kan visualiseer hoe John vir Robert probeer wakker skud en in ’n sagte bewerige stem sê, “Word wakker! Word wakker!”. Ek kan visualiseer hoe Robert John se arm wegstoot.</td></tr>
<tr><td>Robert het gesug en sy rugsak opgetel. Hy het binne in die rugsak gekrap en sy flits gevind. Hy het vol selfvertroue na die kas toe geloop, toe het hy die geluid van uit die kas gehoor. Krap! Stamp! Krap! Krap! Robert het gevries en vinnig omgedraai. Robert se hart het vinniger begin klop.<br><br>“Sien!” het John gesê. “Ek het jou gesê!”<br><br>“Kom ons maak die kas oop om te sien wat is daar binne!” het Robert gefluister.<br><br>“Kom aan!” het hy John probeer aanhits.</td><td>Ek kan Robert visualiseer toe hy die geluid hoor: hy het gevries! Hy het om gedraai, sy mond was oop, hy het verskrik gelyk.</td></tr>
<tr><td>John en Robert het na die kas toe gekruip. John het die deur effens oopgemaak, terwyl Robert die flits deur die kraak laat skyn het. Iets het probeer om die kas se deur oop te stoot.<br><br>Skielik het die flits twee groen gloeiende oë verhelder.<br><br>Die twee seuns het groot geskrik.<br><br>“Wat kan dit wees?” het Robert gefluister, terwyl hy die deur toe stoot.</td><td>Ek kan die twee gloeiende groen oë visualiseer. Altwee seuns moes die skirkkerige monster gevisualiseer het wat binnekort hulle sou aangeval het!</td></tr>
<tr><td>Die gestamp en geklap het harder geword. Krap! Stamp! Krap! Krap! Robert het diep ingeasem en die deur oopgetrek. ’n Kreatuur het uitgespring en vinnig verby hulle geskiet.<br><br>“Wat was dit?” het John geskreeu.<br><br>“Jou kat!” het Robert gegil.<br><br>John en Robert het na mekaar gekyk en uitgebars van die lag.</td><td>Ek kan visualiseer hoe die kat uit die kas uitgespring het. Ek kan visualiseer hoe John en Robert skreeu. Hulle het gedink dit is ’n monster! Hulle het toe besef dat dit net ’n kat is. Ek kan visualiseeer hoe hulle hul koppe skud, en hulle oë toe knyp. Hulle voel simpel omdat hulle gedink het daar was ’n monster in die kas! Ek kan visualiseer hoe hulle lekker hard lag!</td></tr>
</table>

| Opvolg vrae | Moontlike antwoordeonses |
|---|---|
| Wat het John gedink is in die kas? | Hy het gedink daar is 'n monster in die kas. |
| Wie se twee groen oë was in die kas? | Die gloeiende groen oë het eintlik aan John se kat behoort! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het John gedink daar is 'n monster in sy kas? | • Hy het geluide uit sy kas hoor kom.<br>• Die speletjie het hom bang gemaak. Hy het gedink die geluide moet die van 'n monster wees, soos in sy speletjie.<br>• Die deur van die kas was oop.<br>• Daar het 'n gestamp en 'n gekrap uit die kas gekom.<br>• Daar was twee groen oë in die kas.<br>• Dit was donker in die kamer en hy was bang!<br>• Hy het nie besef dat sy kat in die kas mag wees nie! |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - vreesbevange
   - loop op tone
   - krap
   - klap

| **Rympie of liedjie**<br>**Liedjie op die wysie van "Ek's 'n dapper muis!"** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek's 'n dapper mens, ek's 'n dapper mens, | *Staan en marsjeer op een plek* |
| Daar is niks waarvoor ek skrik nie, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Ja, daar is niks waarvoor ek skrik nie! | *Staan en marsjeer op een plek* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: sp**
2 Sê die woord: **span**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sp/-/a/-/n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sp/**
5 Sê die tweede klank van die woord: **/a/**
6 Sê die laaste klank van die woord: **/n/**
7 Skryf die woord op die bord: **span**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/sp/-/a/-/n/ = span**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: vl**
2 Sê die woord: **vlerk**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/vl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede klank in die woord? **/er/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/k/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/vl/-/er/-/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **vlerk**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/vl/-/er/-/k/= vlerk**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sp en vl woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **speel**
    2 **spek**
    3 **spuit**
    4 **vlooi**
    5 **vlak**
    6 **vlieg**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.


5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **sp en vl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



spek

spuit

vlooi

vlak

vlieg

vlerk

vloot

My boetie speel op die swaai.

'n Vlooi kan nie vlieg nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

____________________________________

Sin: _________________________________

____________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplanning

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n tyd wat jy geoefen het om iets nuuts te leer of om iets beter te kon doen.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe van 5 sinne elk.

**SKRYFRAAMWERK:**
Ek het bang geraak toe .......(beskryf wat gebeur het in 4–5 sinne)
Ek wou dadelik ........ (beskryf wat jy gedoen het in 4–5 sinne)
Ek het beter gevoel nadat ...... (verduidelik in 1 kort sin)

**VOORBEREIDING:** Skryf die beplanning van Maandag op die bord voor vandag se skryfwerkles.

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSSTRATEGIE (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die beplanning wat jy Maandag gedoen het.
2. Lees deur jou beplanning wat op die bord geskryf is.
3. Volgende, lees deur die skryfraamwerk met die leerders.
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk sal voltooi deur jou eie beplanning te gebruik, bv.:
   **Ek het bang gevoel** toe die krag skielik af gegaan het by my huis verlede week. Ek het my lantern probeer aansit, maar dit was nie gelaai nie. Ek was alleen en dit was baie donker. Ek was skrikkerig om alleen in die donker te wees.
   **Ek wou dadelik** agter die bank gaan wegkruip, onder my groot kombers. Ek het toe eerder my suster gebel. **Ek het beter gevoel** toe ek haar stem hoor. want toe het ek nie so alleen gevoel nie.
   **Ek het geleer dat** ek altyd gereed moet wees. My foon en my lantern moet altyd gelaai wees net vir ingeval daar weer ’n kragonderbreking is.


#### LEERDERS VOLTOOI DIE BEPLANNINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel boeke uit.
2. Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Dinge wat ons bang maak: Konsep**
3. Sê aan leerders om hul beplanning van Maandag te kry en oor hul idees te dink.
4. Sê aan leerders om hul skryfwerk te voltooi deur hul beplanning te gebruik.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne of detail kan byvoeg as hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategie wat hul kan gebruik om hulle te help.
7. Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.

Ek was bang toe ek amper op 'n slang getrap het. Ek het in die veld saam met my ouer broer geloop. Die gras was lank en ek het nie gekyk waar ek loop nie. Ek het 'n geluid gehoor en toe ek af gekyk het ek 'n groot bruin slang gesien

My onmiddlike reaksie was om baie vinig weg te hardlop. My ouer broer het my gekeer. Hy het my vertel om kalm te bly. Hy het toe vir my gesê om baie stadig van die slang af weg te loop.

Hy het gesê dat as ek hardloop dit die slang sal laat skrik en dan sal hy probeer om my te pik. Ek het beter gevoel toe ons stadig wegestap het en die slang in 'n gat af verdwyn.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 9

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: Letter ruil

15 minute

**EK DOEN …**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **skip, skop**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **skip, skop**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/i/** en **/o/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN …**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **vlak, vlerk**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **vlak, vlerk**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Volgende, skryf die woord op die bord: **snip**
2 Vra leerders: **Wat is een klank in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees op die bord, bv.: **glip, klip, snip, lip**

**JY DOEN …**

1 Skryf die woord op die bord: **vlooi**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**fooi, nooi, rooi, mooi,**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeeldelees: 15 minute


### Tweede lees

**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Daar is 'n monster in my kas</u>**<br>"John en Robert!" het John se ma geroep. "Pak daai videospeletjie weg en klim nou in die bed!"<br>"Goed, maar ek will net hierdie speletjie klaar speel!" het John terug geroep.<br>"Skakel die speletjie nou af!" het sy ma gesê. "Jy kan môre verder speel".<br>"Ja Ma!", het John gesê, terwyl hy gemaak het asof hy die speletijie afskakel en wegpak.<br>"Goeienag!" het sy ma gesê, toe sy die lig af geskakel het en die deur toe getrek het. | **Ek wonder** watter speletjie speel John. **Ek wonder** watter kreature was in die speletjie wat John gespeel het? |
| Sodra sy ma die deur toegetrek het, het John weer die speletjie begin speel.<br>Robert het vining aan die slaap geraak. John het tot laat in die aand gespeel. | -- |
| John het aangehou met speel totdat hy 'n krap geluid gehoor het. Krap! Stamp! Krap! Krap!<br>"Wat was dit?" het John senuweeagtig gevra. Maar Robert het nie geantwoord nie – hy het nogsteeds geslaap.<br>John het regop in sy bed gesit. Sy oë het die donker kamer bekyk en hy het probeer uitmaak waar die geluide vandaan gekom het. Hy het toe besef dat die geluide van uit sy kas gekom het. | **Ek kan visualiseer** hoe John vir sy kas gestaar het. Hy het vir 'n lang tyd speletjies gespeel. Ek kan **visualiseer** hoe die skrikkerige kreature wat soms in videospeletjies is, lyk. Ek dink John **visualiseer** dat die skrikkerige kreature van sy videospeletjie in sy kas is! |
| Die kas het begin skud. Daar was iets binne in die kas wat teen die deur gestamp het. Krap! Stamp! Krap! Krap!<br>"'n Monster!" het John gefluister. "Wie is daar?" het hy gevra, in 'n bewerige stem. | **Ek kan visualiseer** hoe John alleen in die donker sit. Hy moet die kreature van sy video speletjie **visualiseer** wat uit sy kas gaan klim en hom gaan aanval! |
| Die kas se deur het begin oop gaan. John het van vrees op gespring en die deur toe gestamp. Met 'n kloppende hart, het hy 'n stoel voor die kas se deur geskuif.<br>"Ek hoop ek kan nou gaan slaap," het hy gedink.<br>Net toe hy terug klim in die bed, was daar nog 'n gestamp teen die deur. Die keer was dit nog harder. Krap! Stamp! Krap! Krap!<br>"Agge nee!" het hy gedink. "Wat gaan ek nou doen?" | **Ek kan visualiseer** hoe John na sy kas toe hardloop. Hy moes gedink het hy moes keer dat die monsters nie uit sy kas uit gaan klim nie! Ek kan **visualiseer** hoe hy sy oë toe knyp en onder sy komberse wegkruip terwyl hy na die geluide luister (Krap! Stamp!) wat harder em harder word! |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Angsbevange, het hy besluit om Robert wakker te maak.<br>“Robert! Daar is iets in die kas! Ek dink dit is ’n monster! Of miskien is dit ’n dinosaurus!” het hy gefluister.<br>“Jy moes ’n nagmerrie gehad het!” het Robert slaaperig gesê. “Ek is moeg! Los my uit ek wil slaap!” het hy gesê, en in sy bed omgedraai.<br>“Dit was nie ’n nagmerrie nie! Daar was geluide wat uit die kas uit gekom het!” Die deur het ook oopgegaan!” het John gesê.<br>“Moenie laf wees nie, John”. Jy is net besig om oor jou videospeletjie te droom!” het Robert gesê, en sy oë gerol.<br>“As jy nie bang is nie, maak dan die deur oop” het John gesê. | **Ek kan visualiseer** dat Robert sy oë rol want hy is geirriteerd met John omdat hy hom wakker geskud het. |
| Robert het gesug en sy rugsak opgetel. Hy het binne in die rugsak gekrap en sy flits gevind. Hy het vol selfvertroue na die kas toe geloop, toe het hy die geluid van uit die kas gehoor. Krap! Stamp! Krap! Krap! Robert het gevries en vinnig omgedraai. Robert se hart het vinniger begin klop.<br>“Sien!” het John gesê. “Ek het jou gesê!”<br>“Kom ons maak die kas oop om te sien wat is daar binne!” het Robert gefluister.<br>“Kom aan!” het hy John probeer aanhits. | Nou, moet Robert, net soos John die skrikkerige kreature in die kas **visualiseer.** Hulle weet nie wat in die kas is nie, so hulle **visualiseer** die skrikkerige kreature van die videospeletjie wat hulle vir ’n lang tyd gespeel het. |
| John en Robert het na die kas toe gekruip. John het die deur effens oopgemaak, terwyl Robert die flits deur die kraak laat skyn het. Iets het probeer om die kas se deur oop te stoot.<br>Skielik het die flits twee groen gloeiende oë verhelder.<br>Die twee seuns het groot geskrik.<br>“Wat kan dit wees?” het Robert gefluister, terwyl hy die deur toe stoot. | -- |
| Die gestamp en geklap het harder geword. Krap! Stamp! Krap! Krap! Robert het diep ingeasem en die deur oopgetrek. ’n Kreatuur het uitgespring en vinnig verby hulle geskiet.<br>“Wat was dit?” het John geskreeu.<br>“Jou kat!” het Robert gegil.<br>John en Robert het na mekaar gekyk en uitgebars van die lag. | O! Noudat hulle die kat gesien het, kan hulle die arme kat wat in die kas vasgekeer was, en gestamp en gekrap het om uit te kom, **visualiseer**. Ek kan **visualiseer** hoe hulle vir hulself lag omdat hulle gedink het die monsters van die videospeletjie was in die kas! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat het John gehoor? | Hy het ’n gestamp en ’n gekrap uit sy kas gehoor. |
| Waarmee was John besig toe hy die gestamp en gekrap hoor? | Hy was besig om videospeletjies in die donker te speel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom was John bang? | • Omdat daar geluide uit sy kas kom gekom het.<br>• Omdat hy gedink het dat die geluide van ’n monster af kom.<br>• Omdat hy gedink het monsters of kreature van sy videospeletjie is binne in sy kas.<br>• Omdat hy nie geweet het wat in sy kas was nie! Dit maak mens bang as jy iets hoor en jy nie weet wat dit is nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 9

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- bewerig
- skree
- ewe skielik

| **Rympie of liedjie**<br>**Liedjie op die wysie van "Ek's 'n dapper muis!"** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek's 'n dapper mens, ek's 'n dapper mens, | *Staan en marsjeer op een plek* |
| Daar is niks waarvoor ek skrik nie, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Ja, daar is niks waarvoor ek skrik nie! | *Staan en marsjeer op een plek* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
Ek het / het nie van die storie gehou nie, ...........
Ek het bang geraak toe ......
Ek het gedink die geluid was gemaak deur .......
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Teken die table op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **a** | **s** | **p** |
| **kl** | **kw** | **fl** |
| **e** | **i** | **n** |
| **fr** | **vl** | **pl** |
| **m** | **d** | **o** |
| **sp** | **sk** | **sm** |
| **g** | **u** | **k** |
| **sw** | **st** | **kr** |

**DEMONSTREER**

1. Hersien al die klanke wat op die bord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.

**LEERDERS DOEN**

1. Leerders maak hulle skrifte oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die bord te skryf..

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

1 Laat die leerders by hulle banke sit met hulle boeke/'m stuk papier, potlode en kryte.
2 V**erduidelik** hoe jy iets van die teks **visualiseer en illustreer**, bv: 'n Kat het uit die kas gespring. Die seuns was verbaas, want hulle het gedink dit is 'n monster.
3 Teken nou jou eie prent op die bord : 'n Kat wat uit die kas spring en die seuns wat verbaas lyk.
4 V**erduidelik nou volgende** dat die leerders self iets gaan visualiseer.
5 Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan. Lees die teks nog een keer vir hulle.
6 Vra die leerders om hulle oë oop te maak en iets te teken wat hulle kon visualiseer.
7 Vra die leerders om dan te **draai en praat** en hulle tekening met hulle maat te bespreek.

## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3
## TERMYN 2
# Week 10
# TEMA:
## Dinge wat ons bang maak!

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou VERTOONBORDE, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Voeg items by vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: speelgoed insekte, slange en ander skrikkerige kreature.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Wat kan ons doen om ons vrese te oorkom.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou groepbegeleide leesgroepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 70, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 71 en 72, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 73, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iets wat jou bang gemaak het, maar jy het die vrees oorkom.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die prentjie van die haai aanval in die Grootboek Storie: <u>Dolfyne tot die redding.</u>
2 Vertel aan leerders die julle 'n nuwe tema begin wat Dinge wat ons bang maak! genoem word.
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Watter ander goed maak jou bang?
   b Kan ons ons vrese oorkom? Hoe?
   c Kan ons nuwe vrese ontwikkel? Hoe

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - aanval
   - bloed
   - bloederig

| **Rympie of liedjie**<br>**Liedjie op die wysie van "Ek's 'n dapper muis!"** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek's 'n dapper mens, ek's 'n dapper mens, | *Staan en marsjeer op een plek* |
| Daar is niks waarvoor ek skrik nie, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Ja, daar is niks waarvoor ek skrik nie! | *Staan en marsjeer op een plek* |

## Handskrif

15 minute

1 Laat leerders hulle boeke oopmaak en die datum skryf.
2 Laat leerders nou van 1–5 in die kantlyn nommer.

3 Skryf die volgende sin op die bord, langs nommer 1: Sy het haar boeke daar gelos.
4 Skryf nou die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2–5:
   2 Hulle
   3 Ek
   4 Jy
   5 Ons
5 Sê leerders om dieselfde sin te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
6 In die laaste 5 minute, skryf die korrekte sinne op die bord. Herhaal die woorde soos jy skryf en beskryf hoe jy die kursiewe skrif doen.
7 Vra die leerders om eninge patroon wat hulle kan identifiseer te onderstreep.
8 Onderstreep soos volg:
   1 Sy het haar boek daar gelos.
   2 Hulle het hulle boeke daar gelos.
   3 Ek het my boek daar gelos.
   4 Jy het jou boek daar gelos.
   5 Ons het ons boeke daar gelos.
9 Verduidelik dat die leerders moet dink aan die patroon soos wat hulle dit skryf.
10 Sê die leerders moet ’n kleurkryt gebruik en hulle eie werk korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Dolfyne tot die redding.
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd wat jy bang gevoel het.

**OPDRAG:** Skryf twee paragrawe van omtrent 5 sinne elk.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die hersiening kontrolelys op die bord voor die aanvang van die skryfles.
- Skryf jou konsep op die or die aanvang van die les. Sluit ook een of twee foute in.

**HERSIENING KONTROLELYS:**
1 Het ek die verlede tyd gebruik?
2 Het ek in die in die eerste persoon geskryf? (Ek, ons)
3 Is my gebeure in volgorde van tyd?
4 Het ek 10 volledige sinne in 2 paragrawe verdeel?
5 Het ek al die woorde korrek gespel?
6 Begin elke sin met 'n hoofletter?
7 Eindig elke sin met die korrekte punktuasie?

#### DEMONSTREER DIE HERSIENINGSPROSES (EK DOEN)

1 Lees die hersiening kontrolelys hardop aan die leerders voor.
2 Volgende, lees jou konsep / voorstel hardop aan die leerders voor.
3 Gaan deur die kontrolelys, en wys uit of jou konsep reg is, of dat jy korreksies of verbeteringe moet aanbring.
4 Demonstreer die hersieningsproses aan die leerders.


#### LEERDERS VOLTOOI DIE HERSIENING PROSES (JY DOEN)

1 Deel boeke uit.
2 Sê aan leerders om hul **rofwerk** van die skryf opdrag te kry.
3 Sê nou aan leerders om deur die hersiening kontrolelys te gaan en korreksies en verbeteringe aan te bring waar nodig.
4 Loop deur die klas terwyl leerders werk en hou mini-konferensies – maak seker dat jy met 'n verskillende groep leerders werk vir elke skryf opdrag.
5 Kyk vir algemene foute in leerders se skryfwerk.
6 Roep leerders tot aandag en skryf die algemene foute wat gemaak is op die bord.
7 Wys aan leerders hoe om die foute reg te stel.

Ek was bang toe ek amper op 'n slang getrap het. Ek het in die veld saam met my ouer broer geloop. Die gras was lank en ek het nie gekyk waar ek loop nie. Ek het 'n geluid gehoor en toe ek af gekyk het ek 'n groot bruin slang gesien!

My onmiddelike reaksie was om baie vinnig weg te hardloop. My ouer broer het my gekeer. Hy het my vertel om kalm te bly. Hy het toe vir my gesê om baie stadig van die slang af weg te loop.

Hy het gesê dat as ek hardloop dit die slang sal laat skrik en dan sal hy probeer om my te pik. Ek het beter gevoel toe ons stadig weggestap het en die slang in 'n gat af verdwyn.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, verbindings en segmentering.

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: fr**
2 Sê die woord: **fris**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/fr/-/i/-/s/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/fr/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/i/**
6 Se die laaste klank can die woord**: /s/**
7 Skryf die woord op die bord: **fris**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/fr/-/i/-/s/= fris**

**ONS DOEN ...**

1 **Sê die klank: kw**
2 Sê die woord: **kweek**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kw/**
4 Vra leerders: Wat is die tweed klank in die woord? **/ee/**
5 **Vra leerders: Wat is die vierde klank in die woord? /k/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/kw/-/ee/-/k/**
7 Skryf die woord op die bord: **kweek**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/kw/-/ee/-/k/ = kweek**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **fl en kw woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **fliek**
   2 **fles**
   3 **flou**
   4 **kweek**
   5 **kwas**
   6 **kwaak**

4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **fl en kw**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



*fles*

*flou*

*kweek*

*kwas*

*kwaak*

*Pa drink tee uit sy fles.*

*Sy verf met 'n kwas.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: 15 minute


## Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Dolfyne tot die redding<br><br>Hierdie storie is gebasseer op die ware verhaal van 'n beroepsbranderplankryer met die naam, Todd Endris. Die storie speel af in Montereybaai, Kalifornië in die Verenigde State. | -- |
| Een mistige oggend in Augustus, het Todd op die strand gestap. Hy het sy duikpak opgerits en sy branderplank gegryp, net soos wat hy elke oggend gedoen het. Toe hy die water ingegaan het, het hy ses pragtige dolfyne gesien wat in die golwe gespeel het. "Wat 'n skaars gesig!" het hy gedink. Hy het vir 'n oomblik gestop om hulle te bewonder. | **Ek visualiseer** hoe Todd glimlag toe hy oor die oseaan uitkyk. Hy moet baie lief wees vir die oseaan en gemaklik daar voel, want hy ry die branders elke oggend. |
| Todd het op sy branderplank geklim en geroei tot waar die branders gebreek het. Hy het 'n groot brander gevang en toe het hy terug geroei om nog een te vang, net soos hy elke dag gemaak het. "Wat 'n heerlike dag om branders te ry!" het Todd gedink. "Maak gou!" het hy na sy vriend, Brian, wat besig was om sy duikpak op die strand aan te trek, geroep. | -- |
| Todd het in die water, agter die branders op sy branderplank gelê terwyl hy vir Brian gewag het om by hom aan te sluit. | **Ek kan visualiseer** hoe Todd op in die lug kyk en dink hoe lief hy vir die oseaan is. |
| Ewe skielik, het iets Todd se branderplank van onder af gestamp! Todd en sy branderplank het vyf meter hoog op in die lug geskiet. Toe hy weer in die water land, het Todd paniekerig gevoel. "Daar moet 'n haai naby wees!" het hy gedink. Sy hart het vinnig geklop. | Hierdie is skrikaanjaend, want dit het Todd onkant gevang! Hy het elke oggend branderplankgery en hierdie is nie normaal nie. Ek kan die geskokte uitdrukking op Todd se gesig **visualiseer** toe hy in die lug in geskiet is. |
| Todd het waansinnig aan sy leitou getrek om te probeer om sy branderplank na hom toe te trek. Hy het op sy branderplank geklim en so vining as moontlik probeer om na die strand toe te roei. Soos wat hy geroei het, het hy die water vir vinne dop gehou. | Om te wag vir iets slegs om te gebeur word spanning genoem. Dit maak mens bang om gespanne te wees! Todd het geweet dat daar 'n haai was, maar hy kon nie die haai sien nie. **Ek kan visualiseer** hoe beangs Todd moes gevoel het toe hy strand toe prober roei het en terselfde tyd vir die vinne soek. |
| Net toe, word Todd weer getref, selfs harder. Toe Todd vir 'n tweede keer in die water land, het 'n grootwithaai sy tande in sy rug in gesteek. Die water was vol bloed. | Aai! Dit is so skrikaanjaend, want Todd was alleen en hy was deur 'n groot haai aangeval. **Ek visualiseer** hoe Todd bo uit die water styg en roep om hulp, terwyl hy sy eie bloed in die water aanskou. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| Die haai het Todd vorentoe en agtertoe, op en af geskud. Soos wat hy op gekom het uit die water, het Todd geskreeu and gegil, "Help! Help my!" Toe die haai hom terug getrek het onder die water in, het Todd die haai herhaaldelik op sy neus geslaan, sodat die haai hom sou laat gaan. | |
| Die haai het Todd se rug laat gaan, maar net vir 'n sekonde. Die haai het Todd se been gebyt – asof hy dit heel wou insluk! Todd het sy ander been gebruik om die haai so hard as wat hy kon te skop. Die haai het styf aan sy been vasgehou. | **Ek visualiseer** hoe Todd beweeg en probeer om die haai te skop. Hy moes gevrees het dat die haai sy hele been sou afruk! |
| Daar was soveel gespat dat Todd nie die dolfyne raak gesien het wat om hom geswem en oor sy kop gespring het nie. Hy het net gevoel hoe die haai sy been laat gaan. Todd het probeer om op die water te dryf. Hy het waansinnig vir sy branderplank gesoek terwyl hy homself voorberei het vir die derde hap. | Hierdie is skrikaanjaend, want dit hou ons in spanning! **Ek kan Todd visualiseer** wat die strand soek so dat hy uit die water kan kom voor die haai terug kom! |
| Soos wat Todd vir sy branderplank soek, het hy besef dat die ses pragtige dolfyne hom omring het. Hulle het hulle stertvinne teen die water geklap, om die haai weg te jaag. Todd kon uiteindelik sy branderplank gryp en nader trek. | **Ek kan die geskokte uitdrukking op Todd se gesig visualiseer** toe hy besef hy is deur dolfyne omring! |
| Todd het toe Brian se stem gehoor. "Maak gou! Klim op jou branderplank!" het Brian geskreeu. Die water om hom was voel bloed. Brian het Todd strand toe getrek terwyl hy aanhoudend vir vinne in die water uitgekyk het. "Bel vir hulp!" het Brian vir die mense op die strand geskreeu. | -- |
| Todd het uiteindelik gevoel hoe sy branderplank sand tref. Hy was terug op die strand. "Dit is oukei! Jy gaan oukei wees!" het Brian gesê. Todd kon nie glo dat die speelerige dolfyne sy lewe gered het nie. | **Ek kan visualiseer** hoe Todd 'n sug van verligting gee toe hy voel sy branderplank tref sand. Die spanning is oor want die haai kan hom nie meer by kom nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoordeonses |
|---|---|
| Waar het die haai Todd gebyt? | Die haai het eers sy rug en toe sy been gebyt. |
| Wie het Todd van die haai gered? | Die spelerige dolfyne het Todd gered deur die haai weg te jaag. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is die storie so vreesaanjaend? | • Omdat daar 'n haai in die storie is en haaie is vreesaanjaend.<br>• Omdat Todd deur 'n haai gebyt word en daar is bloed in die water.<br>• Omdat Todd alleen is wanneer hy gebyt word.<br>• Omdat die haai hom op meer as een plek gebyt het – die haai kom heeltyd terug.<br>• Omdat ons eers aan die einde van die storie kan agterkom of Todd die haai-aanval gaan oorleef en of die haai hom gaan doodmaak. |



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- afwagting
- omring
- paniek
- woes

| **Rympie of liedjie**<br>**Liedjie op die wysie van "Ek's 'n dapper muis!"** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek's 'n dapper mens, ek's 'n dapper mens, | *Staan en marsjeer op een plek* |
| Daar is niks waarvoor ek skrik nie, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Ja, daar is niks waarvoor ek skrik nie! | *Staan en marsjeer op een plek* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersien klanke, samevoegings en segmentering

**EK DOEN ...**

1 **Sê die klank: fl**
2 Sê die woord: **flap**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/fl/-/a/-/p/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/fl/**
5 Sê die tweede klank van die woord: **/a/**
6 Se die laaste klank van die woord: **/p/**
7 Skryf die woord op die bord: **flap**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/fl/-/a/-/p/= flap**

**WE DO...**

1 **Sê die klank: kl**
2 Sê die woord: **klas**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede klank in die woord? **/a/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/kl/-/a/-/s/**
7 Skryf die woord op die bord: **klas**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/kl/-/a/-/s/ = klas**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **fl en kl woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **fliek**
   2 **fles**
   3 **flou**
   4 **klim**
   5 **klip**
   6 **klas**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die bord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif:

15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **fl en kl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die bord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



fles

flou

klim

klip

klas

Pa drink tee uit sy fles.

Koos klim op die klip.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd wat jy bang gevoel het.

**OPDRAG:** Skryf twee paragrawe van omtrent 5 sinne elk.

**SKRYFRAAMWERK:**
Ek was bang toe ........ (*Beskryf wat gebeur het in 4–5 sinne)*
Ek wou dadelik ....... *(Wat het jy gedoen en hoe het jy die probleem opgelos?)*
Ek het beter gevoel....... (*Wat het gebeur om jou beter te laat voel?)*

**VOORBEREIDING:** Skryf die hersiene beplanning van Maandag op die bord voor die skryfwerkles.

#### DEMONSTREER DIE PUBLIKASIES PROSES (EK DOEN)

**1** Herinner leerders daaraan dat jy Maandag die hersiening kontrolelys gebruik het om jou rofwerk te hersien.
**2** Verduidelik nou aan leerders dat ons vandag ons finale stuk skryfwerk gaan publiseer en aanbied.
**3** Wys aan leerders hoe jy jou eie stuk skryfwerk herskryf, met 'n titel en datum.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE PUBLIKASIES PROSES (JY DOEN)

**1** Deel boeke uit.
**2** Sê aan leerders om die datum en opskrif te skryf: **Dinge wat ons bang maak.**
**3** Sê aan leerders om hul finale stuk skryfwerk, sonder enige foute, netjies oor te skryf.
**4** Indien leerders tyd het kan hul 'n vinnige prentjie daarby teken.
**5** Loop deur die klas terwyl leerders werk en help leerders wat sukkel.


#### LEERDERS BIED HUL SKRYFWERK AAN


**1** In die laaste 5 minute van die les, sê aan leerders om hulle penne en potlode neer te sit.
**2** Sê aan leerders om te "Draai en Praat" en om hul skryfwerk aan 'n maat te lees.
**3** Sodra leerders dit gedoen het, roep een of twee leerders om hul stories aan die klas voor te lees.
**4** Vertoon leerders se skryfwerk op oog hoogte, om hul in staat te stel om mekaar se skryfwerk kan lees.

Ek was bang toe ek amper op 'n slang getrap het. Ek het in die veld saam met my ouer broer geloop. Die gras was lank en ek het nie gekyk waar ek loop nie. Ek het 'n geluid gehoor en toe ek af gekyk het ek 'n groot bruin slang gesien!

My onmiddelike reaksie was om baie vinnig weg te hardloop. My ouer broer het my gekeer. Hy het my vertel om kalm te bly. Hy het toe vir my gesê om baie stadig van die slang af weg te loop.

Hy het gesê dat as ek hardloop dit die slang sal laat skrik en dan sal hy probeer om my te pik. Ek het beter gevoel toe ons stadig weggestap het en die slang in 'n gat af verdwyn.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Letter ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die bord: **stok, stam**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **stok, stam**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/ok/** en **/am/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die bord: **flap, flou**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **flap, flou**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die bord: **stap**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die bord, bv.: **krap, slap, kap, sap, pap**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die bord: **flap**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die bord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**Krap, stap, slap, kap, sap, pap**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute


### Tweede lees

**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Dolfyne tot die redding<br><br>Hierdie storie is gebasseer op die ware verhaal van 'n beroepsbranderplankryer met die naam, Todd Endris. Die storie speel af in Montereybaai, Kalifornië in die Verenigde State. | -- |
| Een mistige oggend in Augustus, het Todd op die strand gestap. Hy het sy duikpak opgerits en sy branderplank gegryp, net soos wat hy elke oggend gedoen het. Toe hy die water ingegaan het, het hy ses pragtige dolfyne gesien wat in die golwe gespeel het. "Wat 'n skaars gesig!" het hy gedink. Hy het vir 'n oomblik gestop om hulle te bewonder. | -- |
| Todd het op sy branderplank geklim en geroei tot waar die branders gebreek het. Hy het 'n groot brander gevang en toe het hy terug geroei om nog een te vang, net soos hy elke dag gemaak het. "Wat 'n heerlike dag om branders te ry!" het Todd gedink. "Maak gou!" het hy na sy vriend, Brian, wat besig was om sy duikpak op die strand aan te trek, geroep. | **Ek kan visualiseer** hoe Brian probeer om vinnig reg te maak om saam met sy vriend branders te ry! |
| Todd het in die water, agter die branders op sy branderplank gelê terwyl hy vir Brian gewag het om by hom aan te sluit. | -- |
| Ewe skielik, het iets Todd se branderplank van onder af gestamp! Todd en sy branderplank het vyf meter hoog op in die lug geskiet. Toe hy weer in die water land, het Todd paniekerig gevoel. "Daar moet 'n haai naby wees!" het hy gedink. Sy hart het vinnig geklop. | Ek kan die geskokte uitdrukking op Brian **se gesig visualiseer** toe hy sien hoe Todd in die lug in op geskiet is. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| Todd het waansinnig aan sy leitou getrek om te probeer om sy branderplank na hom toe te trek. Hy het op sy branderplank geklim en so vining as moontlik probeer om na die strand toe te roei. Soos wat hy geroei het, het hy die water vir vinne dop gehou. | -- |
| Net toe, word Todd weer getref, selfs harder. Toe Todd vir ’n tweede keer in die water land, het ’n grootwithaai sy tande in sy rug in gesteek. Die water was vol bloed. | Ek kan die vreesbevange uitdrukking of **Brian se gesig visualiseer** wanneer hy uitkyk na die water en sien hoe dit verkleur met bloed. |
| Die haai het Todd vorentoe en agtertoe, op en af geskud. Soos wat hy op gekom het uit die water, het Todd geskreeu and gegil, “Help! Help my!” Toe die haai hom terug getrek het onder die water in, het Todd die haai herhaaldelik op sy neus geslaan, sodat die haai hom sou laat gaan. | |
| Die haai het Todd se rug laat gaan, maar net vir ’n sekonde. Die haai het Todd se been gebyt – asof hy dit heel wou insluk! Todd het sy ander been gebruik om die haai so hard as wat hy kon te skop. Die haai het styf aan sy been vasgehou. | As ek Brian was, wat op die strand gestaan het, sou ek verlig gewees het om nie in die water te wees nie, maar terselfdetyd so ek angsbevange gewees het oor wat met my vriend kon gebeur. **Ek kan Brian visualiseer** soos wat hy hulpeloos toe kyk na sy vriend wat deur ’n haai aangeval word, want hy kan niks doen om ’n haai te beveg nie. |
| Daar was soveel gespat dat Todd nie die dolfyne raak gesien het wat om hom geswem en oor sy kop gespring het nie. Hy het net gevoel hoe die haai sy been laat gaan. Todd het probeer om op die water te dryf. Hy het waansinnig vir sy branderplank gesoek terwyl hy homself voorberei het vir die derde hap. | **Ek kan Brian visualiseer** wat van die vlak water probeer om te sien waar Todd is, maar terselfdetyd angsbevange gevoel het want hy kon nie vir Todd tussen al die gespat sien nie. |
| Soos wat Todd vir sy branderplank soek, het hy besef dat die ses pragtige dolfyne hom omring het. Hulle het hulle stertvinne teen die water geklap, om die haai weg te jaag. Todd kon uiteindelik sy branderplank gryp en nader trek. | Ek kan die geskokte uitdrukking op Brian se gesig **visualiseer** toe hy besef Todd is deur dolfyne omring! |
| Todd het toe Brian se stem gehoor. “Maak gou! Klim op jou branderplank!” het Brian geskreeu. Die water om hom was voel bloed. Brian het Todd strand toe getrek terwyl hy aanhoudend vir vinne in die water uitgekyk het. “Bel vir hulp!” het Brian vir die mense op die strand geskreeu. | Sodra Brian besef het dat die haai weg was, het hy in die water in gegaan om sy vriend te help. **Ek kan die vrees op sy gesig visualiseer** toe hy Todd se beserings sien. Ek kan **visualiseer** hoe Brian om hulp skreeu! |
| Todd het uiteindelik gevoel hoe sy branderplank sand tref. Hy was terug op die strand. “Dit is oukei! Jy gaan oukei wees!” het Brian gesê. Todd kon nie glo dat die speelerige dolfyne sy lewe gered het nie. | **Ek kan visualiseer** hoe Brian ook ’n sug van verligting gee omdat sy vriend Todd nog lewe. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wanneer het Brian in die water ingegaan om Todd te help? | Hy het Todd gaan help nadat die dolfyne die haai weg gejaag het. |
| Visualiseer die haai aanval in die storie. Wat is vir jou die mees vreesaanjaende deel? | Ek dink die mees vreesaanjaende deel is toe … |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Todd se vriend Brian hom nie kom red nie? | • Omdat hy gedink het hy gaan ook deur die haai aangeval word.<br>• Omdat die aanval in die water gebeur het en dit is moeilik om te sien wat gebeur.<br>• Omdat dit moeilik sou wees om Todd in die bloederige water te vind.<br>• Omdat 'n grootwithaai baie groot is en hy maklik twee mense kan aanval.<br>• Miskien omdat Brian te bang was om in die water in te gaan toe hy die haai sien. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- verksyn
- skok
- sug
- sug van verligting

| **Rympie of liedjie**<br>**Liedjie op die wysie van "Ek's 'n dapper muis!"** | **Aksies** |
|---|---|
| Ek's 'n dapper mens, ek's 'n dapper mens, | *Staan en marsjeer op een plek* |
| Daar is niks waarvoor ek skrik nie, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Vir niemand is ek bang, daar is niks wat my kan vang, | *Swaai jou wysvinger heen en weer* |
| Ja, daar is niks waarvoor ek skrik nie! | *Staan en marsjeer op een plek* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
In die stroie .......
Ek dink ek was die bangste toe ......
Die storie maak my bang omdat ......
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Indien die antwoorde verkeerd is, korrigeer dit.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

WEEK 10

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Soek die woord

Teken die table op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **a** | **s** | **p** |
| **kl** | **kw** | **fl** |
| **t** | **i** | **n** |
| **vl** | **vl** | **pl** |
| **m** | **d** | **o** |
| **sp** | **sk** | **sm** |
| **g** | **u** | **k** |
| **sw** | **st** | **kr** |

**DEMONSTREER**

1. Hersien al die klanke wat op die bord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.

**LEERDERS DOEN**


1. Leerders maak hulle skrifte oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die bord te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

1. Laat die leerders by hulle banke sit met hulle boeke/'m stuk papier, potlode en kryte.
2. V**erduidelik** hoe jy iets van die teks **visualiseer en illustreer**, bv: Ek visualiseer die water wat bloederig raak toe die haai vir Tdd gebyt het.
3. Teken nou jou eie prent op die bord : 'n Haai se vin in die bloederige water.
4. V**erduidelik nou volgende** dat die leerders self iets gaan visualiseer.
5. Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan. Lees die teks nog een keer vir hulle.
6. Vra die leerders om hulle oë oop te maak en iets te teken wat hulle kon visualiseer.
7. Vra die leerders om dan te **draai en praat** en hulle tekening met hulle maat te bespreek.



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minuteterug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*